

**ANDERKANT
DIE
GESKEURDE
VOORHANGSEL**

ANDERKANT
DIE
GESKEURDE
VOORHANGSEL

ONS ERFENIS IN
CHRISTUS

NICK MAARTENS

ANDERKANT DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

Kopiereg 2005 Nick Maartens
Posbus 38957
Langenhovenpark, Bloemfontein
9330
Suid-Afrika

ISBN 0-620-34502-0

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die toestemming van die skrywer gereproduseer of in enige vorm weergegee word nie.

Alle Bybelverse wat in hierdie boek aangehaal word kom uit die 1933/1957 en 1983/1985 vertalings van die Bybel in Afrikaans met die goedgunstige goedkeuring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Gedruk deur *Oranje Drukkery*, Bloemfontein, 0832877300

Omslag ontwerp deur Buks Maartens

INHOUD

Voorwoord.....	7
Hoofstuk	
1 Die Nuwe Testament	9
2 Die Boodskap van die Geskeurde Voorhangsel.....	16
3 Gesag en Onderwerping	30
4 Tiendes in Perspektief.....	43
5 Die Alternatiewe Siening - Rentmeesterskap	51
6 Lofprysing en Aanbidding.....	58
7 Die Vervulling van Ou Testamentiese Wet.....	65
8 Waarheid.....	70
9 Om die Stem van God te Hoor en om Sy Wil te Doen.....	80
10 Die Weg van Waarheid.....	89
11 Om te Oordeel.....	98
12 Tekens, Wonderwerke en Genesings.....	106
13 Verdraaiing van die Waarheid	109
14 Mistieke Geestelike Oorlogvoering.....	134
15 Wat Werklik op die Kruis Gebeur het	148
16 Die Kerk Gesien deur die Geskeurde Voorhangsel.....	157
17 Wat Nou?	161
18 Vergelyking Tussen die Bybelse Voorstelling van die Kerk en die Institusie	171
Epiloog.....	174

VOORWOORD

Dit behoort nie nodig te wees om boeke oor die Bybel te skryf nie, want wat nodig is om te sê, of te weet, is alreeds daarin verwoord. Die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, is die enigste gesag wat sake rakende lering en praktyk in die kerk behoort te bepaal. Dit is tragies, maar as gevolg van so baie verwickelinge op geestelike gebied, word ons gedwing om ernstig te besin oor wat ons glo. Hierdie boek is vir gelowiges wat moeg is vir kerkisme en 'n geredekawelry oor teologie. Dit is vir die wat na die skoon lug van eenvoudige, Nuwe Testamentiese beginsels verlang. Waar gaan ons dit vind? Ons kan nêrens anders heen vlug as na die geskrewe Woord van God nie. As "*Daar staan geskrywe*" (Matteus 4:4) goed genoeg was vir Jesus, behoort dit ook vir ons goed genoeg te wees.

Jesus wou miskien met Sy heel eerste openbare wonderwerk, 'n geestelike boodskap oordra. Daar word mos gesê dat eerste indrukke blywend is. Om iets van die doel waarvoor Hy aarde toe gekom het, te illustreer, verander Hy ses kanne seremoniële water in wyn (Johannes 2). Simbolies verteenwoordig die getal ses die mag van die mens. Die ses klipkanne stel die rigiede godsdienststelsel van die Skrifgeleerdes en Fariseërs van daardie tyd voor. Hulle mensgemaakte tradisies en oorleweringe het die Woord van God kragteloos gemaak (Matteus 15:6-9). Jesus verander die water in wyn. Dit simboliseer die bloed van die Nuwe Testament en die werking van die Heilige Gees. Het Jesus nie op 'n keer gesê dat nuwe wyn nie in ou wysakke gegooi kan word nie? Ou sakke sou uitmekaar skeur, want dit sou nie die gisting kon hanteer nie. Nadat Hy die water in wyn verander het, gaan Hy na die Tempel en jaag die geldwisselaars met 'n sweep uitmekaar. Dit was nie 'n impulsiewe uitbarsting nie,

maar 'n voorbedagte daad. Hy het self die sweep vir die doel gevleg. Stel jou voor die geraas! – die geblêr en gebulk van skape en beeste, tafels wat omgekeer word en geld wat in alle rigtings spat! (Johannes 2:1-17).

Wat het Hom so omgekrap? Die Tempel was die plek waar mense veronderstel was om God te ontmoet. Die priesters was besig om dit te misbruik vir die uitvoering van hulle eie planne. Hulle het eerbied vir God en Sy Woord verloor en in die Tempel is die godsdienstywer van mense uitgebuit vir die maak van geld. Is dit nie die situasie wat vandag in baie kerke bestaan nie? Die beginsels van die Nuwe Testament het plek gemaak vir mensgemaakte reëls, tradisies en gebruike en ons instellings, ons geboue, ons planne en ons programme het die middelpunt van ons aanbidding geword. Godsdienstige koninkrykies is egosentries opgerig en getalle het die maatstaf van sukses geword.

Die godsdienstoneel is ryp vir die sweep. Terwyl 'n herlewing van getalle op almal se lippe is, is ek van mening dat die antwoord in die teenoorgestelde rigting lê; ons het 'n herlewing nodig, maar dit moet 'n herlewing wees waar daar belydenis gedoen word van die sonde van selfverheerliking en waar die “Tempel” weereens skoongemaak word van geldwisselaars wat die evangelie gebruik om in prag en praal te lewe.

Ons het 'n radikale hervorming nodig waar daar teruggekeer word na simplistiese Nuwe Testamentiese standaarde. Van die moderne priesters, soos hulle kollegas van ouds, sal heftig tekere gaan hieroor, maar baie mense sal juig oor die waarheid van *“as die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees”* (Johannes 8:36).

Nick Maartens, Matatiele, 2005 (Eerste Druk).

Bloemfontein, 2011 (Tweede Druk).

1

DIE NUWE TESTAMENT

Inleiding

“Ek bid dat hy julle geestesoë so sal verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het” (Efesiërs 1:18).

Hoe sou jy reageer as jy onverwags in kennis gestel sou word dat jy genoem word in die testament van ’n ryk familielid wat oorlede is? Na aanvanklike gevoelens van hartseer sou jy tog wonder wat aan jou nagelaat is. Ek kan my voorstel hoe dankbaar en opgewonde jy sou wees as jy verneem van die groot bedrag geld wat in jou rekening inbetaal is.

As gelowiges het ons ook rede om opgewonde te raak, want die Woord van God verklaar dat saam met alle ander gelowiges dwarsoor die wêreld, daar vir ons ’n ryk erfenis in Christus nagelaat is. Om te weet wat ons erfenis is, het God vir ons ’n Testament nagelaat. Om ons geestelike erfporisie ten volle te kan waardeer, moet ons ’n paar beginsels aangaande ’n testament verstaan. Dit is ’n dokument wat deur ’n persoon opgestel word om te verduidelik hoe sy sake en besittings na sy dood hanteer moet word. Gewoonlik, na die dood van die

testamentmaker, word sy erfgename bymekaar geroep en sy testament word aan hulle voorgelees. Elkeen is dan geregtig op 'n afskrif sodat daar self nagegaan kan word wat daarin staan. Die testament is 'n wettige dokument wat gesag het en niemand mag daaraan peuter nie. 'n Beroep kan op die regstelsel gedoen word indien daar vermoed word dat daar na die dood van die testamentmaker, veranderinge aangebring is. Baie Christene is geestelik soveel armer, omdat hulle nie beseft dat die ryke erfenis in Christus in die Nuwe Testament aan ons bekend gemaak word nie.

“Testament” of “Verbond”

In Matteus 26:28 lees ons *“Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes”* (1933/1957 Afrikaanse vertaling).

In die bogenoemde teks vertaal die ou vertaling van die Bybel die Griekse woord *diathéké* met *testament*, terwyl die nuwe vertaling dit as *verbond* vertaal. Volgens The Complete Word Study Dictionary van Spiros Zodhiates word die betekenis onder andere beskryf as *“to set in order, to dispose in a certain order.”* In klassieke Grieks word die woord in die konteks van die opstel van 'n testament gebruik. Om dit te bevestig haal ons aan wat Spiros Zodhiates daarvoor te sê het: *“there is ample evidence in papyri that this is the ordinary meaning in the New Testament.”* (“Daar is genoeg bewyse in geskryfte om aan te neem dat dit die gewone Nuwe Testamentiese betekenis van die woord is”). Dit is jammer dat hierdie woord *“diathéké”* deur sommige vertalers met “verbond” vertaal word.

In Matteus 26:28 gebruik die nuwe Afrikaanse vertaling die woord “verbond” vir *diathéké*, terwyl dieselfde Griekse woord in Hebreërs 9:16-17 as “testament” vertaal word. Die konteks

van Hebreërs 9, waarin die dood van 'n testamentmaker bespreek word, laat nie toe dat die woord “verbond” gebruik word nie.

Dit is belangrik om te verstaan dat daar 'n subtiele betekenisverskil is tussen 'n verbond en 'n testament. Die woord “verbond” word dikwels in die Ou Testament gebruik en verwys na 'n onderlinge ooreenkoms tussen twee persone. Die Hebreuse woord vir “verbond” is *berith*. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Ou Testament verstaan moet word. Die verbond wat aan Moses op die berg Sinai oorgedra is, was 'n voorwaardelike verbond wat God met Israel gesluit het. Die vervulling van die beloftes was gebaseer op die onderhouding van die Wet (Deuteronomium 28).

'n Testament is egter 'n eensydige uitdrukking van die wil van die testamentmaker. Vine's Complete Expository Dictionary bevestig hierdie betekenis van *diathéké* (testament) so: “*in contradistinction to the English word 'covenant' which signifies a mutual understanding between two parties or more, each binding himself to fulfil obligations, it does not in itself contain the idea of joint obligation; it mostly signifies an obligation undertaken by a single person.*” (“In teenstelling met die woord ‘verbond’, wat 'n onderlinge ooreenkoms tussen twee persone impliseer, waarin elkeen onderneem om sekere bepalings te vervul, veronderstel ‘testament’ die eensydige onderneming van 'n enkele persoon”). Omdat hierdie betekenis van “testament” nie behoorlik deur die kerk beklemtoon word nie, verstaan baie mense nie dat dit die wil van God in Christus uitdruk nie. So verloor die Nuwe Testament baie van sy gesag.

Dit is van die grootste belang dat ons die inhoud van Matteus 26:26-28 reg verstaan, want daarop moet Nuwe Testamentiese geloof gebou word. Wanneer 'n persoon sy lewe aan Jesus oorgee en tot geestelike wedergeboorte kom, word hy 'n lid

van God se familie. Hy kwalifiseer dan outomaties as erfgenaam van 'n geestelike nalatenskap. Hierdie geestelike erfenis word vir ons in die Nuwe Testament uiteengesit. Ongelukkig, weens verskeie redes, geniet baie Christene nie die volle voordeel van hulle geestelike nalatenskap nie. In die meeste gevalle is dit as gevolg van onkunde dat baie gelowiges nie weet wat hulle in Christus het nie. Ander weer kan nie geloof uitoefen om hulle erfposisie 'n werklikheid te maak nie omdat hulle denke deur sekere tradisionele leringe, wat nie met Nuwe Testamentiese lering ooreenkom nie, beïnvloed is. Ander weer, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling in geestelike dinge, gooi hulle erfenis sommer weg.

Kan jy jouself indink wat met boedels sou gebeur as aardse testamente met dieselfde onverskilligheid behandel word as wat die Nuwe Testament deur Christene hanteer word. Die wil van die oorledene sou heeltemal geïgnoreer word en hofsaak op hofsaak sou volg soos erfgename besitreg oor waardevolle artikels betwis.

Wanneer het die Nuwe Testament in werking getree?

Die meeste mense dink dat die begin van die Nuwe Testament aangedui word deur die fisiese verdeling in die Bybel tussen die einde van die Ou Testamentiese boek Maleagi en die begin van die eerste hoofstuk van die boek Matteus. Hulle dink dat die Nuwe Testament met die geboorte van Jesus begin. Daar word nie in ag geneem dat die Nuwe Testament eers in Matteus 26:26-28, by die geleentheid wat as die laaste avondmaal bekend staan, aangekondig word nie. Terwyl Jesus die brood geneem het, het Hy aan Sy dissipels gesê : *“Neem, eet, dit is my liggaam.”* Terwyl Hy die beker opgeneem het, het Hy aangekondig: *“Drink almal daaruit, want dit is my*

bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sonde” (1933/1957 Afrikaanse vertaling). Nog nie ’n druppel van Jesus se bloed het op daardie stadium gevloei nie. Daar het ook nog niks met Sy liggaam gebeur nie. Hy moes dus na iets verwys het wat nog moes gebeur. Ons weet nou dat Hy voorspel het wat kort daarna met Hom op die kruis sou gebeur.

Meer duidelikheid word verkry wanneer ons Hebreërs 9:15-17 bestudeer. Hierdie Skrifgedeelte verduidelik dat ’n testament nie in werking kan tree voor die dood van die testamentmaker nie. *“Want waar ’n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want ’n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is solank as die testamentmaker nog leef nie”* (1933/1957 Afrikaanse vertaling).

Dit is dus duidelik dat die Nuwe Testament met die dood van Jesus op die kruis in werking getree het. ’n Begrip van hierdie Bybelse feit is uiters noodsaaklik om die Skrif reg te verstaan en dit korrek te interpreteer. Baie van Jesus se woorde was gerig aan mense wat nog in konteks van die Ou Testament geleef het en wat dus nog onder die wet van Moses was. Op daardie stadium het die Ou Testament nog nie sy krag verloor nie. Die hoofdoel van hierdie boek is om al die belangrike veranderinge aan te dui wat in werking getree het met die totstandkoming van die Nuwe Testament.

’n Fisiese Demonstrasie van die begin van die Nuwe Testament

Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe God gebruik maak van fisiese demonstrasies om geestelike waarhede te verduidelik en te illustreer. In I Korinthiërs 10 verduidelik Paulus die

simboliese betekenis van die rots wat deur Moses in die woestyn met 'n kerie geslaan is. Hy verduidelik dat die rots Christus simboliseer. In Johannes 3 maak Jesus ook van Ou Testamentiese simboliek gebruik om Nikodemus 'n geestelike beginsel te leer; net soos die koperslang aan 'n paal opgehang moes word sodat elkeen wat daarna kyk gesond kon word, moes die Seun van God aan 'n kruis hang vir die redding van sondaars (Numeri 21:8-9). Daar is nog baie ander voorbeelde wat uit die Skrif aangehaal kan word. Die veelseggendste simboliese gebeurtenis in die Skrif vind plaas op die oomblik toe Christus Sy laaste asem op die kruis uitblaas – die voorhangsel, wat die heiligste plek in die Joodse tempel afgesonder het, skeur van bo na onder middel deur. Dit was agter hierdie dik gordyn wat God Sy teenwoordigheid aan die hoëpriester gemanifesteer het.

Net voordat Jesus sterwe het Hy gekreun: *“Dit is volbring”* (Johannes 19:30). Hierdie woorde van Jesus impliseer dat Hy die taak waarvoor Hy aarde toe gekom het, voltooi het. Die volle betekenis van hierdie voltooide taak word simbolies deur die skeuring van die voorhangsel geïllustreer. Die implikasie van hierdie simboliese gebeurtenis is so verreikend, dat dit die Bybel in twee dele verdeel, die Ou en die Nuwe Testament. Die skeuring van die voorhangsel was 'n bonatuurlike teken waardeur die Vader simbolies 'n nuwe era aangekondig het. *“Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is solank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie”* (Hebreërs 9:8). Verwysende na die bepalings van die Ou Testament sê Hebreërs 9:10 dan verder: *“Dit is voorskrifte wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel.”*

Die verdeling tussen die ou en die nuwe dispensasie vind dus nie plaas aan die einde van die boek Maleagi nie, maar val saam met die presiese oomblik van Christus se sterwe aan die

kruis. Dit word simbolies bevestig deur die gepaardgaande skeuring van die voorhangsel in die tempel. Sonder 'n sinvolle begrip van wat God dáárdie dag simbolies in die tempel gesê het (onthou dit is van bo na onder geskeur), is dit moeilik om ten volle die nuwe dispensasie van die Nuwe Testament te waardeer en te verstaan. Ongelukkig, as gevolg van so baie dogmas en praktyke wat nie hulle oorsprong in die Nuwe Testament het nie, ervaar baie Christene nie die volle voordeel van die "*beter orde*" nie. Ou Testamentiese mentaliteit en oorlewering speel nog steeds 'n belangrike rol in wat geglo en gedoen word.

Omdat die belangrikheid van die simboliese boodskap van die skeuring van die voorhangsel nie genoegsaam beklemtoon word nie, besef baie Christene nie hoe radikaal dit ons tradisionele konsep van kerk-wees behoort te beïnvloed nie.

Eintlik, as die skeuring van die voorhangsel en wat dit simboliseer nie die middelpunt van jou teologie vorm nie, is dit moeilik om te verstaan hoe die Bybel reg geïnterpreteer kan word.

DIE BOODSKAP VAN DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

1. Nuwe, Vrye Toegang tot die Vader

In die Ou Testament kon net die hoëpriester God in die heiligste gedeelte van die tempel nader. Eenmaal per jaar kon hy agter die voorhangsel ingaan om namens die mense versoening te doen vir hulle sonde. Die gewone mense kon nie waag om God direk te nader nie. Hulle moes dit deur hulle verteenwoordiger, die priester, doen.

Die geskeurde voorhangsel simboliseer in die eerste plek die liggaam van Christus wat op die kruis geskeur is om versoening te doen vir sonde. Daardeur is 'n nuwe weg tot die teenwoordigheid van die Vader oopgemaak (Hebreërs 10:19-20). Dit beklemtoon ook die feit dat die gelowige nooit weer enige ander bemiddelaar as Jesus Christus tussen hom en die Vader sal nodig hê nie (Hebreërs 7:25). Ongelukkig, weens sekere onbybelse tradisies en praktyke, geniet alle gelowiges nie ten volle hierdie wonderlike voorreg nie.

Een van die vroeë teoloë, Augustinus, het verkondig dat daar geen ander weg tot saligheid is as deur die kerk nie. Die historikus, C.S. Wegener, beskryf in sy boek, Die Kirche Lebt, hoe mense gedurende die Middeleeue gedwing is om by die

Rooms Katolieke Kerk aan te sluit om “gered” te word. Baie van die hervormers van daardie tyd was monnike en priesters wat uit hierdie godsdienstige institusie, wat ook soms “Die Moeder van Kerktradisie” genoem word, gekom het. Alhoewel hulle daarin geslaag het om sekere belangrike Bybelse waarhede terug te bring, het hulle nie daarin geslaag om die volgende logiese stap, naamlik die afskaffing van die institusie met al sy priesterfigure as tussenganger tussen God en die mens, weg te neem nie. Baie Christene meet vandag nog hulle toewyding aan God in terme van hulle toewyding aan ’n godsdienstige instelling. Om dit te bevestig verwys ek na ’n boek wat deur ’n bekende Amerikaanse leraar, Bob Yandian, geskryf is. In sy boek Decently and in order – A Guide to New Testament Government verklaar hy dat God met die dominee of die pastoor as leier van die gemeente praat en aan hom openbaar wat die mense moet hoor (bl.31). Hy gaan voort om te sê dat die mense se toewyding en onderdanigheid aan God gemeet kan word aan die mate waartoe die visie en die leiding van die leiers ondersteun word (bl.42). Hierdie tipe denke beroof die gelowige van sy duurgekoopte vryheid in Christus en neutraliseer sy bediening as ’n Nuwe Testamentiese priester. Dit neem glad nie die boodskap van die geskeurde voorhangsel in aanmerking nie. Wat God uitmekaar geskeur het, word nou weer deur die mens toegewerk!

Dit is belangrik om daarop te let dat toegewydheid aan ’n godsdienstinstitusie nie noodwendig sinoniem is met gehoorsaamheid aan God en Sy Woord nie. Dikwels speel persoonlike lewenstyl, geloof, integriteit, vriendskap en getrouheid aan Bybelse waarheid ’n sekondêre rol. Gemeenskap tussen gelowiges word ook hoofsaaklik deur institusionele bande bepaal. Subtiel word die institusie weer tussen God en die mens en tussen mens en mens geplaas! Baie spanning en ongelukkigheid is al deur hierdie tradisionele

konsep van “behoort aan ’n kerk” veroorsaak deurdat families en verhoudinge tussen mense uitmekaar geskeur is. Die beklemtoning van institusionalisme is een van die hoof faktore wat tot die skokkende geskiedenis van verdeeldheid in die kerk lei. Om in gemeentelike verband saam te kom word dwarsdeur die Nuwe Testament gesien, maar nooit in die konteks dat dit verdeeldheid tussen gelowiges veroorsaak nie. Ook vervul dit nooit die rol van tussenganger tussen God en die mens nie. Ongeveer twee duisend jaar gelede moes Paulus al die Nuwe Testamentiese gelowiges berispe oor ’n sektariese gees wat hy onder hulle waargeneem het. Dit het tot uiting gekom in die terminologie wat hulle gebruik het: *“Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Cefas, en ek van Christus”* (1 Korintiërs 1:12, 1933/57 vertaling). Verbeel jou Paulus se reaksie as hy vandag sou leef en al die “Ek behoort aan’s” moes aanhoor. Hierdie tipe terminologie weerspieël die belangrikheid wat daar in sommige kringe aan lidmaatskap geheg word. Luister wat Paulus te sê het oor hierdie saak: *“...want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie? Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek is van Apollos – is julle nie vleeslik nie? Wie is Paulus dan, en wie is Apollos anders as dienaars...”* (1 Korintiërs 3:3-5, 1933/57 vertaling).

Dit is verstommend dat ten spyte van sulke duidelike Bybelse uitsprake so min gesê word oor hierdie goed georganiseerde toestand van verdeeldheid wat in die kerk bestaan. Dit is interessant om daarop te let dat daar baie uit die eerste brief aan die Korintiërs gepreek word, veral oor die dertiende hoofstuk oor die liefde, maar die versies wat die sektariese gees van “Ek behoort aan” aanspreek, word gerieflikheidsontalwe vermy.

Om in gemeentelike verband bymekaar te kom is 'n wonderlike voorreg, maar dit is ook al wat dit is, 'n voorreg. Baie godsmanne en vroue van die verlede moes geestelik alleen oor die weg kom. Dink maar aan almal wat weens hulle geloof in eensame tronke moes sit, of aan hulle wat in lande bly waar dit teen die wet is om as Christene bymekaar te kom. Dink ook aan die sendelinge wat in afgeleë plekke die evangelie verkondig.

Wat gedoen moet word aan hierdie verdeeldheid wat deur denominasiolisme veroorsaak word, is 'n saak vir elkeen se eie gewete. Nie een van ons is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die georganiseerde sektariese gees wat oor die afgelope paar honderd jaar die kerk verdeel het nie, maar een ding is seker, eendag sal elkeen van ons moet rekenskap gee vir ons eie gesindheid ten opsigte van hierdie saak.

2. “Jy Gaan nie Kerk toe nie; Jy is die Kerk. Jy Gaan Byeenkomste toe”

'n Ander baie belangrike aspek van die nuwe dispensasie van die Nuwe Testament, soos gedemonstreer deur die skeuring van die voorhangsel, is die afskaffing van die klem wat daar op die plek van aanbidding gelê is.

In die Ou Testament het die tempelgebou die middelpunt gevorm van die aktiwiteite van die Joodse godsdienststelsel. Die plek van aanbidding was van groot belang. Vanaf 'n perspektief van anderkant die geskeurde voorhangsel, word die plek van aanbidding egter van minder belang. Ongelukkig, weereens, as gevolg van die invloed van sekere tradisionele idees, bly die plek van aanbidding vir baie nog 'n heilige koei. Die Samaritaanse vrou se probleem waarvan ons in Johannes 4 lees, is vir baie ook vandag nog 'n probleem. Sy konfronteer Jesus met: *“Meester... Ons voorouers het God op hierdie berg*

aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem” (Johannes 4:20). Sy het 'n probleem met die regte plek van aanbidding. Klink dit vir u bekend? Wat was Jesus se antwoord aan haar? Hy sê vir haar: “Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie... Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in die Gees en in waarheid sal aanbid...” (Johannes 4:21-24, my beklemtoning).

Ons word in die Nuwe Testament geleer dat die liggame van gelowiges, individueel en gesamentlik, die tempel van die Heilige Gees word (1 Korintiërs 6:19). Die woord wat Jesus in Matteus 16:18 vir “kerk” gebruik, is die woord *ekklesia*, wat “uitgeroepenes” beteken en verwys na alle wedergebore kinders van die Here. Die Nuwe Testamentiese kerk is nie 'n gebou of 'n organisasie nie. Dit is 'n lewende organisme wat bestaan uit individuele gelowiges wat met die Gees van God vervul is en wat die liggaam van Jesus Christus genoem word. **Jy kan nie by die kerk van Jesus Christus aansluit nie. Jy kan net deur wedergeboorte deel daarvan word. Jy kan ook nie daaruit bedank nie; dit is 'n geestelike realiteit, so bepaal deur die wil van God.**

In Pietermaritzburg het ons op 'n keer 'n statige ou katedraal gaan besigtig. Ons het die ingewikkelde klipwerk en die mooi houtwerk bewonder. Die pragtige, groot loodvenster in die westelike muur is 'n toeriste aantreklikheid. Net toe ons die gebou verlaat, kom 'n skertsende groep toeriste by ons verby, groet en gaan die gebou binne. Die manne het almal hoedjies opgehad vir 'n sportbyeenkoms wat later die dag sou plaasvind. Die oomblik toe hulle die katedraal betree, het almal, ewe eerbiedig, hulle hoedjies afgehaal en die stemme het in 'n respekvolle gefluister verander. Skielik het die ironie my getref. Ons, die lewende tempels van die Heilige Gees word

gegroet en nie een lig 'n hoed nie, maar die oomblik toe die lewelope klipgebou betree word, verander alles – hoede word respekvol afgehaal en daar word in fluisterstemme gepraat.

Hierdie storie illustreer die verskil van hoe die kerk gesien word vanaf 'n perspektief vanaf anderkant die geskeurde voorhangsel en hoe dit gesien word deur dié wat 'n tradisionele begrip daarvan het. Vanuit 'n Nuwe Testamentiese oogpunt beskou is die klem op Jesus Christus, die hoof en op die gelowiges wat saam Sy liggaam vorm. Vriendskap en gemeenskap (“fellowship”) is belangrik, nie lidmaatskap nie. Geboue en fasiliteite speel 'n ondergeskikte rol.

As ons na die geskiedenis van die vroeë kerk kyk, sien ons dat dit 'n spontane assosiasie van gelowiges was. Saam het hulle 'n alternatiewe gemeenskap gevorm. Vir ongeveer die eerste drie honderd jaar na Christus lees ons nêrens van 'n Christelike institusie nie. Alhoewel gelowiges op verskillende plekke in gemeentelike verband bymekaar gekom het, erken Paulus en die ander skrywers van die sendbriewe net een liggaam. Dit word bevestig deur die wyse wat Paulus sy brief aan die kerk in Rome adresseer: “*Aan almal in Rome...*” (Romeine 1:7). Sy brief aan die kerk in Korintiërs begin hy met: “*Aan die gemeente van God in Korinte...en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees...*” (1 Korintiërs 1:2). Dit lyk of dit die patroon was. Die geskiedenis vertel ons dat op daardie stadium daar al duisende Christene in stede soos Rome en Korinte was. Dit is onwaarskynlik dat hulle almal in een plek vergader het. Alhoewel hulle in verskillende gemeentes bymekaar gekom het, word net een brief aan die kerk geadresseer. Verbeel jou as Paulus vandag 'n brief aan al die Christene in Matatiele moes skryf. As hy die verskillende dogmas en belydenisskrifte van al die verskillende denominasies moes respekteer, sou hy dit nie in een brief kon doen nie!

'n Gebruik wat tot groot ongelukkigheid lei en uiteindelik skeuring veroorsaak, is die feit dat godsdiensgroepe gewoonlik hulle leerstellinge in rigiede konstitusies of formuliere neerskryf. Hierdie dokumente is gewoonlik so gesaghebbend dat min mense dit waag om dit te bevraagteken. As iemand sou waag om die amptelike stukke te bevraagteken, word hy as 'n rebel gebrandmerk. Hiervan kan baie gelowiges getuig.

As gevolg van rigiede strukture en konstitusies kan min godsdiensorganisasies dit waag om vrye bespreking in verband met leerstellings toe te laat. Teen hierdie agtergrond wonder 'n mens in hoe 'n mate die eenvoudige beginsels van die Nuwe Testament in 'n tradisionele model van die kerk geïmplementeer kan word? 'n Mens word herinner aan die woorde van Jesus: *“n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is daarmee heen. Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy altwee”* (Matteus 9:17). Dit is al oor en oor waargeneem; Nuwe Testamentiese beginsels veroorsaak moeilikheid in rigiede tradisionele kerkstrukture. Die nuwe wyn veroorsaak net te veel gisting vir die uitgedroogde ou wysak.

Opregte gelowiges bid en pleit vir die eenheid van die kerk. Ek weet van 'n byeenkoms waar vyf en twintig duisend Christene van alle denominasies bymekaar gekom het om vir eenheid te bid. Wat 'n prysenswaardige poging. Hoeveel van die mense wat daar bymekaar gekom het, het egter die moed van hulle oortuiging gehad om hulself uit te spreek teen die onbybelse strukture, praktyke en leerstellings wat in die eerste plek verantwoordelik is vir die onenigheid en verdeeldheid? Waar lê die verantwoordelikheid van die individuele gelowige? – om getrou te bly aan Bybelse waarheid of moet hy dit verloën ter wille van 'n kunsmatige, valse eenheid? Die

Bybel verklaar dat die kerk die “*draer en beskermmer van die waarheid*” behoort te wees (1 Timoteus 3:15). Dit is nie Bybelse waarheid wat verdeeldheid in die kerk veroorsaak nie, maar onwaarhede wat dit doen! Vergelyk die Bybelse verklaring oor die beskerming van waarheid met die agterlosige gesindheid wat so baie Christene ten opsigte van die beginsels van die Woord openbaar. Ek stem met A.W.Tozer saam. Hy het gesê dat God se gesig op ons neerskyn, maar dat ons toelaat dat wolke vorm – wolke van hardnekkige trots, eiewilligheid, ambisie en eiewysheid. Baie Christene weet dat die wolke daar is en dan probeer hulle deur vas en gebed daarvan ontslae raak. Dit is net ’n ander vorm van hardkoppigheid. Tozer gaan voort om te sê dat ons geen woord van die Here het dat lang gebede alles sal regmaak nie. Volgens hom wil God graag ons gebede beantwoord, maar om te dink dat ons wolke kan wegbid waarvoor ons self verantwoordelik is en waaraan ons bly vasklou, dit kan nie gedoen word nie.

3. ’n Nuwe Testamentiese Priesterskap en ’n Verandering van Wet

In die Ou Testament was daar drie gesalfde bedieninge, naamlik die van koning, profeet en priester. Net persone uit die stam van Levi kon as priesters diens doen. Die Levitiese priesterskap het ook as die regering van Israel gedien. Aanvanklik was dit nooit God se doel dat Sy volk deur konings regeer moes word nie. Die Israëliete het egter daarop aangedring om soos die heidense nasies ook hulle eie koning te hê. Hulle het God se wil verwerp en duur daarvoor betaal (1 Samuel 8). Die Levitiese priesterskap en die Ou Testamentiese stelsel van godsdiens met al sy verskillende offerandes, rituele en feeste is deur Ou Testamentiese wet gereguleer. In die

nuwe dispensasie het daar 'n verandering in die orde van die priesterskap plaasgevind. Jesus, ons Nuwe Testamentiese Hoëpriester, was nie 'n Liviet nie, maar was 'n afstammeling van die stam van Juda. Hierdie verandering van priesterskap word bevestig deur wat in Hebreërs 7:11 geskrywe staan: *“Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek aangestel moes word...”* Dan volg daar 'n baie belangrike verklaring: *“As daar 'n ander priesterskap kom, volg noodwendig ook 'n verandering van die wet”* (Hebreërs 7:12, my beklemtoning). Ons het alreeds verduidelik dat die Ou Testamentiese priesterskap deur Ou Testamentiese voorskrifte gereguleer is. Omdat daar nou 'n verandering in die priesterlike orde plaasgevind het, was die wetstelsel van die Ou Testament nie meer van toepassing op die priesters van die nuwe bedeling nie. In 1 Petrus 2:9 lees ons dat alle gelowiges nou 'n koninklike priesterdom is. As Nuwe Testamentiese priesters word gelowiges dus nie meer geraak deur wette wat betrekking het op die Levitiese orde nie. Dit is verstommend om te sien dat ten spyte van sulke duidelike lering uit die Nuwe Testament, sommige van die Ou Testamentiese wette wat op die ou priesterskap betrekking het, nog steeds as reëls of wette in die kerk toegepas word! Die nabootsing van die priesterlike rol en die lering aangaande tiendes is tipiese voorbeelde. Wanneer daar van Ou Testamentiese wet gepraat word, is dit noodsaaklik dat daar onderskei word tussen die seremoniële en die morele wette.

Die **seremoniële wette** het al die verskillende tipes offerandes wat vir die versoening van sonde gebring moes word, gedek. Al hierdie wette wat in die Ou Testament opgeteken is, was tipes of skadubeelde van die Nuwe Testamentiese offerande,

die Lam van God, Jesus Christus. In Hom het al hierdie skadubeelde gestalte gekry en in Hom is hulle almal vervul. Dit is baie belangrik om daarop te let dat al die wette wat van toepassing was op die Levitiese priesterorde, met die bekendstelling van die Nuwe Testamentiese priesterskap, verval het. Baie Christene wat nie ten volle begryp wat die verandering van priesterskap behels nie, pas nog steeds sekere praktyke in die kerk toe wat net op die ou dispensasie van toepassing was.

Die **morele wette** van die Ou Testament word in die Tien Gebooie opgesom. Dit is baie belangrik om daarop te let dat nie een enkele beginsel van die morele wette van die Ou Testament deur die leringe van Jesus of die apostels weerlê word nie. Verder vind ons dat wanneer ons na die leringe van Jesus en die apostels kyk, die morele standaard daarvan op 'n veel hoër vlak lê as dié van die Tien Gebooie of van enige ander wet wat op enige ander plek in die Ou Testament gevind kan word. Baie voorbeelde hiervan kan uit die leringe van Jesus gegee word: *“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreek nie.’ Maar Ek sê vir julle: elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg”* (Matteus 5:27). Hier word die Ou Testamentiese wet, soos dit in Eksodus 20:14 geskrywe staan, aangehaal en dan word die Nuwe Testamentiese standaard gestel. Jesus doen dieselfde met die wet wat in Eksodus 21:24 opgeteken is: *“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.’ Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe”* (Matteus 5:38-39).

Die feit dat die verskil tussen die Ou Testamentiese stelsel van godsdiens en dié van die Nuwe Testament nie verstaan word nie, lei daartoe soos voorheen gestel, dat Ou

Testamentiese wette en reëls in die kerk van Jesus Christus toegepas word. Hierdie verkeerde toepassing van Ou Testamentiese wette beroof baie Christene van hulle duurgekoopte vryheid in Christus. Die voorhangsel van Ou Testamentiese wette wat God oopgeskeur het, word nou weer voor die neuse van mense toegewerk! Paulus waarsku teen die gevaarlike implikasies van die toepassing van Ou Testamentiese wet in die kerk: *“Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggenem vir iemand wat in Hom glo”* (2 Korintiërs 3:14).

Die vermenging van die oue met die nuwe het ernstige gevolge; die sluier oor die denke wat stompheid van begrip ten opsigte van Nuwe Testamentiese waarheid veroorsaak, word nie verwyder nie! Dit verhoed dat Christene die volle seëning van hul vryheid en erfenis in Christus Jesus kan geniet.

4. ’n Nuwe Priesterklas

Die status wat die alles-in-een dominee/pastoor figuur in die meeste gemeentes geniet, rus nie op Nuwe Testamentiese openbaring nie, maar op die rolmodel van die Ou Testamentiese priester. Die woord vir “pastoor” in die Bybel verwys maar net na iemand wat omgee vir die “skape” en daarom word die woord “herder” ook dikwels gebruik. Hierdie bediening word in dieselfde asem genoem as die ander bedieninge van apostels, profete, evangeliste en leraars (Efesiërs 4:11). Om watter rede word die pastorale bediening bokant die ander verhef, spesiale voordele gegee en in beheer van die gemeente geplaas? Deur dit te doen word daar weer ’n priesterklas in die kerk geskep en word die gemeente in twee klasse verdeel – die gewone mense en dié in die “bediening”.

Dit dra weer by tot die idee dat net die dominee of die pastoor “voltyds” in die bediening is. Hierdie siening is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die bedieningskrag van die priesterskap van alle gelowiges geneutraliseer word.

Ons lees in Handeling 2 dat die Heilige Gees op alle gelowiges uitgestort is. In kontras met die ou bedeling word alle gelowiges nou God se gesalfdes. Die Heilige Gees wil nou geestelike gawes en bedieninge in die liggaam uitdeel tot die voordeel van almal. Soos elke lid funksioneer word die bedieninge van die Nuwe Testamentiese priesterskap ervaar. In die Nuwe Testament lees ons van mans en vrouens uit alle lae van die samelewing wat onder salwing van die Heilige Gees getuies en bedienaars van God se Woord geword het.

Hoe het dit gebeur dat hierdie professionele posisie van dominee of pastoor die middelpunt geword het waarom so baie gemeentes draai? Om dit uit te vind moet ons weer teruggaan na die “Moeder van Kerktradisie.” Die hervormers van Luther se tyd het baie van die Rooms Katolieke Kerk se leerstellings bevestigteken en verander, maar die model van die kerk wat hulle nagevolg het was maar nog steeds geskoei op dít waaruit hulle gekom het. Luther moes baie gebruik maak van bekeerde monnike en priesters vanuit die Roomse kerk. In plaas daarvan dat hulle toe oorsakel na Nuwe Testamentiese beginsels, het hulle voortgegaan in die tradisies van die institusie waaruit hulle toe net gekom het. Hulle moes al die bedieningswerk doen en so is die model van die priester in die Hervorming ingedra. Vandag se tradisionele model van die kerk rus nog steeds op die rol wat die priester moet vervul, maar dit was nie so in die tyd van die vroeë kerk nie.

Die groot tragedie van hierdie een-man tradisie is dat dit die ontwikkeling van geestelike gawes en bedieninge in die lewe van baie gelowiges beperk. Die Bybel verklaar baie duidelik dat God gawes aan Sy kerk gee: *“En dit is die ‘gawes’ wat Hy*

‘gegee het’: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam” (Efesiërs 4:11-12). In 1 Petrus 2:5 sê die Skrif dat God ons ’n heilige priesterdom gemaak het om geestelike diens te verrig. Hierdie bediening moet in die skool van die Gees, wat die lewe self is, ontwikkel en dan deur ope bediening in die gemeente uitdrukking vind tot voordeel en opbouing van die hele liggaam. In tradisionele gemeentes sit daar soms ouerige mans wat in hulle lewe al alles ervaar het wat die duiwel, die vlees en die wêreld na hulle kant toe kon gooi; die dood van geliefdes, bankrotskappe, ontnugtering, mislukking, skade... en deur geloof in God en Sy Woord het hulle bo uitgekom. In plaas daarvan dat hierdie rykdom van ervaring die gemeente deur die ope bediening opbou, sit hulle tjoepstil in rye na een man en luister.

Terwyl ons nou van bediening praat is dit seker van pas om ook na die geykte en dikwels misbruikte term “moenie aan God se gesalfdes raak nie,” te kyk.

5. “Moenie aan God se Gesalfdes Raak nie”

Hierdie woorde word dikwels gehoor wanneer die tradisionele dominee of pastoor gekritiseer word. As gevolg van die tradisionele denkpatoon dat hulle God se gesalfdes is, word aan hulle ’n status en posisie gegee wat bokant die res van die gemeente is. Saam met die subjektiewe terminologie van “God het aan my gesê” en “God het my gewys” en soms sommer “Ek, die Here julle God sê aan julle” wat so dikwels in preke en in leringssessies gehoor word, het ons die bestanddele wat tot ernstige misleiding en geestelike gebondenheid kan lei.

Waar kom die uitdrukking van “moenie God se gesalfdes aanraak nie” vandaan? Die oorsprong daarvan word in Psalm

105:15 gevind. Hier vind ons nog 'n goeie voorbeeld van verkeerde Skrifinterpretasie omdat die verskil tussen die twee testamente nie verstaan word nie. In die konteks van die Ou Testament verwys dié uitdrukking direk na die Ou Testamentiese konings, profete en priesters. Nêrens in die Nuwe Testament vind ons enige lering wat vir ons die reg gee om die moderne pastoor of dominee dieselfde status te gee as die Ou Testamentiese ampte of bedieninge nie. As ons van “gesalfdes” in die Nuwe Testamentiese konteks wil praat, moet ons alle gelowiges daarby insluit, want op Pinksterdag is die Heilige Gees op **almal** in die bovertrek uitgestort (Handelinge 2). Verder word die feit dat alle gelowiges “gesalfdes” is, bevestig deur wat in 1 Johannes 2:27 geleer word: *“Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle.”*

Hierdie verkeerde denkwysie dat net die pastore en dominees God se gesalfdes is, word uitgedruk in 'n boek waarna ons alreeds verwys het. Op bladsy 18 van Decently and in order – A Guide to New Testament Government verklaar die skrywer dat dit God se wil is dat een man Sy stem hoor, dit aan die ander oordra en oor die kerk regeer. Om sy opinie te staaf maak hy dan van Ou Testamentiese voorbeelde gebruik en verwys na Moses en die konings van Israel – maar hy noem sy boek A Guide to **New Testament** Government! (my beklemtoning). Hierdie tipe lering, wat nogal algemeen voorkom en aanvaar word, dwing ons om te gaan kyk wat die Nuwe Testament regtig te sê het oor die onderwerp van gesag en onderwerping.

GESAG, ONDERDANIGHEID EN GEESTELIKE BESKERMING

Wanneer daar na die oorsprong van denominasies gekyk word, kom 'n mens agter dat die meeste ontstaan het as gevolg van onenigheid. Om een of ander rede het daar in 'n gevestigde denominasie verskille ontstaan wat daartoe gelei het dat 'n groep mense weggebreek het en hulle eie kerk gestig het. Die ontstaan van die drie Afrikaanse Gereformeerde kerke meer as 'n honderd jaar gelede is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die Pinkster en Charismatiese bewegings van ons tyd het ook versplinter en duisende “onafhanklike” groepe het tot stand gekom. Wat eienaardig is, is die feit dat die meeste van hierdie splintergroepe ook 'n gesagstruktuur ontwikkel het wat geestelike beskerming (“covering”) vir hulle lidmate bied. 'n Mens wonder, met al die klem wat deesdae op die onderwerping aan kerklike gesag geplaas word, waar hulle in die eerste plek die gesag vandaan gekry het om van gesag weg te breek en om hulle eie gesag te word. Onder wie se gesag was hulle terwyl hulle geïnstitusioneel is?

Wat in die laaste paar jaar te opvallend geraak het om te ignoreer, is die baie gelowiges wat om een of ander rede van hulle institusies vervreemd geraak het en nou “kerkloos” rond dwaal. Hulle word daarvan beskuldig dat hulle nie meer

onder gesag is nie, en dat hulle dus ook nie geestelike beskerming (“covering”) het nie. Sommige swig onder die druk en sluit weer by een of ander groep aan. Dit gebeur dan dikwels dat hulle tot hulle ontnugtering uitvind dat die dinge wat hulle in die vorige groep ongelukkig gemaak het, maar weer in die nuwe groep herhaal word. Ander weer, in die soeke na verandering, kom in huise of sale bymekaar en omdat daar nie radikaal na Nuwe Testamentiese lering oorgeskakel is nie, vind hulle dat net die geografiese ligging verander het. Waar hulle voorheen in ’n groot byeenkoms was, sit hulle nou in ’n kleintjie. Dieselfde ou kerkgees dikteer nog steeds wat gedoen word. Die gevolg van hierdie toedrag van sake is dat baie gelowiges ontnugterd in isolasie sit. Om tot hulle beswaardheid by te dra, word hulle nog boonop van opstandigheid beskuldig. Baie Christene word deur ’n skuldgevoel gery omdat hulle nie daarin slaag om by die populêre kerkpatroon om hulle in te skakel nie. Ons vind dat dit juis hierdie tipe gelowiges is wat ryp en vatbaar is vir Nuwe Testamentiese lering. ’n Mens wonder soms of die feit dat daar soveel kerklose gelowiges rondloop nie miskien die werk van die Heilige Gees is nie. Christene word voorberei vir ’n tyd waar valse profete en anti-Christelike magte die kerk op groot skaal gaan verlei om deel te word van ’n mengelmoes godsdiens wat mense van alle oortuigings sal kan akkommodeer. Die Woord van die Here waarsku baie duidelik: *“...dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en leerstellings van duiwels aanhang”* (1 Timoteus 4:1). Wat ontstellend is, is die feit dat hier gepraat word van wat besig is om in die kerk te gebeur! Die Skrif waarsku ook dat: *“...daar sal ’n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle*

sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsel wend” (2 Timoteus 4:3).

Baie Christene voel ook ongemaklik oor die gebruik van ’n tipe terminologie waarin die Naam van die Here vrylik misbruik word. Sinsnedes soos byvoorbeeld “God het aan my gesê” en “God het my gewys” word dikwels gehoor. In sommige gevalle word voorgegee dat dit God is wat direk met hulle praat! – “Ek die Here julle God sê aan julle...” As gevolg van die intimiderende aard van hierdie tipe terminologie word ons gedwing om te kyk wat die Skrif daaroor te sê het.

Paulus se Voorskrif vir Woordbediening

“Wat die profete betref, twee of drie kan aan die woord kom, en die ander moet beoordeel wat hulle sê” (1 Korintiërs 14:29).

Voordat ons hierdie gedeelte bespreek moet ons dit net beklemtoon dat wat hier bevraagteken word, nie goeie bedoelings en integriteit is nie, maar teologie en praktyk.

Die vraag wat beantwoord moet word is dit: Hoe kan ons Paulus se instruksie om te toets wat sprekers sê uitvoer as hulle sê dat hulle van God gehoor het? – ’n mens kan mos nie wat God gesê het beoordeel nie! Tog moet Paulus se instruksies uitgevoer word; dit wat sprekers sê moet beoordeel word. Die enigste logiese oplossing is dat daar geleer moet word om nie die Naam van die Here in alles wat ons sê te betrek nie. Paulus plaas die verantwoordelikheid van onderskeiding in die oor van die hoorder. Dit is die hoorder wat moet onderskei of dit wat gesê word deur die Heilige Gees geïnspireer is of nie. Hierdie beginsel vrywaar hoorders daarvan om deur sprekers gemanipuleer te word.

Wat hier bevraagteken word, is nie of God nog met mense praat nie, maar of dít wat gesê word geïnspireer is of nie.

Weens verskeie redes kan mense verkeerd “hoor” en daarom is dit van die uiterste belang dat wat sprekers sê beoordeel moet word. **Dit is net wanneer die geskrewe Woord van die Here aangehaal word wat ons met sekerheid kan sê: “So sê die Here.”**

Wat is die implikasies van hierdie manier van praat waar die Naam van die Here so onverantwoordelik gebruik word?

In die eerste plek; hoe kan iemand met raad bedien word as hy selfversekerd sê dat God self met hom gepraat het? God kan mos nie foute maak nie! Tweedens verteenwoordig hierdie manier van praat ’n subjektiewe tipe teologie wat die gesag van God se geskrewe Woord afwater. Dit plaas ’n gevaarlike klem op die belangrikheid van subjektiewe indrukke wat as die stem van die Heilige Gees vertolk word. Dit gebeur dikwels dat opregte predikers baie ernstig op die Here wag om van Hom te hoor. Aangespoor deur hulle eie entoesiasme, interpreteer hulle dikwels hulle eie gedagtes en verbeelding as die stem van die Heilige Gees. Wanneer hulle dan op die preekstoel klim, word die luisteraars onder die indruk gebring dat dit God is wat met hulle praat. Op hierdie manier word baie mense beïnvloed en gemanipuleer. ’n Probleem ontstaan wanneer daar mense is wat nie saamstem met dit wat gesê word nie. Die implikasie is nou dat dié persoon nie aan God gehoorsaam is nie. Daar is ook geen plek vir bespreking of vrae nie, want God het mos gepraat. Die gevolg is dat mense wat nie saamstem met wat gesê word nie eerder as om stof op te skop, besluit om die gemeente stilletjies te verlaat en ’n ander geestelike tuiste te gaan soek. Die prediker sit natuurlik ook met ’n probleem. Hoe erken hy dat hy verkeerd gehoor het sonder om aansien te verloor? Laastens veroorsaak hierdie benadering ook spanning tussen Christene wat uiteindelik tot die verbroekeling van verhoudings lei.

Die lae en wispelturige suksespatroon van hierdie tipe van praat en die teologie wat daartoe aanleiding gee, dwing 'n mens om dit te bevraagteken. Die suksesse word entoesiastiese getuienisse in byeenkomste, terwyl daar gewoonlik oor die mislukkings geswyg word.

Hoe laat ons dan toe vir geïnspireerde woordbediening in die liggaam?

Gelowiges moet aangemoedig word om dít wat in hulle harte is, met ander te deel sonder om herhaaldelik te verklaar dat dit van God afkomstig is. Soos Paulus in 1 Korintiërs 14:29 beveel, moet dit aan die hoorders oorgelaat word om te oordeel of wat gesê word geïnspireerd is of nie.

Gelowiges moet soos die kerk in Efese alles wat in die gemeente gesê en gedoen word toets en evalueer. Daarvoor het hulle lof van die Here ontvang: *“Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is”* (Openbaring 2:2). Selfs in die Ou Testament moes die profete getoets word en as hulle profesieë nie waar gekom het nie, moes hulle met klippe doodgegooi word (Deuteronomium 18). Dit onderstreep maar net die feit dat dit 'n ernstige oortreding is om woorde in die mond van die Here te lê. Jesus het nog verder gegaan en gesê dat 'n mens eendag verantwoording sal moet doen vir elke agterlosige woord wat hy gespreek het (Matteus 12:36). Hoeveel te meer sal ons moet verantwoording doen vir woorde wat ons in God se Naam gespreek het?

Die feit dat wat sprekers sê nie altyd behoorlik beoordeel word nie, is een van die groot redes hoekom sommige groepe op 'n kultiese manier deur 'n paar sterk leiersfigure gemanipuleer word. Die regte plek om te begin om van die Here te “hoor” is om dít wat in God se Woord geskrywe staan te begin toepas.

Gesag en onderdanigheid

’n Mens hoor dikwels dat daar gesê word dat jy alles wat jy wil glo uit die Bybel kan bewys. Dit is nie waar nie! Nie as jy die Bybel as ’n geheel neem en toelaat dat een skrifgedeelte ’n ander skrifgedeelte verduidelik en bevestig nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat een skrifgedeelte nie ’n ander kan weerspreek nie. Moeilik verstaanbare skrifgedeeltes moet in harmonie gebring word met ander gedeeltes in die Skrif wat duidelik en verstaanbaar is.

’n Ander belangrike beginsel van Skrifuitleg wat in aanmerking geneem moet word, is of die gedeelte wat gelees word betrekking het op wat voor of wat na die skeuring van die voorhangsel gebeur het, met ander woorde, of dit in die konteks van die Ou of die Nuwe Testament plaasvind. Hierdie benadering help om Nuwe Testamentiese gesag baie beter te verstaan. Een van Jesus se belangrikste uitsprake oor gesag laat ’n mens beseft dat Nuwe Testamentiese gesag direk die teenoorgestelde is as die tradisionele, wêreldse idee daarvan. Sy beskrywing van gesag help ons om te verstaan hoe gesag in die kerk **nie** moet wees nie. In reaksie op die vrou van Sebedeus se versoek dat haar twee seuns langs Jesus in Sy koninkryk mag sit, het Hy so geantwoord: *“Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. **Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil wees, moet julle dienaar wees...**”* (Matteus 20:25-27, my beklemtoning). Hierdie versies maak dit baie duidelik dat gesag in die kerk nie op dieselfde manier toegepas mag word as wat dit in ’n wêreldse organisasie toegepas word nie. Gesag in die gemeente rus op broederlike diens en word net erken en raakgesien waar die Woord van die Here suiwer verkondig word en waar gelowiges gehelp word om geestelik te groei.

Die neiging om erkenning te gee aan belangrike mense met natuurlike talente en eienskappe is wêrelds en behoort nie in 'n Christelike gemeente plek te hê nie. Dit spruit dikwels uit die begeerte om deur mense vereer en bewonder te word. Opregte geestelike gesag weet dat dit deur die woorde van Jesus: *“net een is julle Leermeester en julle is almal broers”* beperk word (Matteus 23:8).

Die Verskil tussen Georganiseerde Gesag en Geestelike Gesag

Die tipe gesag waarvan die Nuwe Testament praat is in die familie gewortel. Die wyse waarop 'n man sy familie behandel sal ook uiteindelik die manier wees wat hy die geestelike familie van God sal behandel. *“Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg van die gemeente van God op hom neem?”* (1 Timoteus 3:5). Die skokkende feit dat ons van so baie leiers in die kerk hoor wat nie getrou aan hulle huweliksmaats bly nie en sommer skei en met 'n ander trou, is bewys van die feit dat Nuwe Testamentiese gesag nie verstaan word nie. Gehoorsaamheid aan geestelike beginsels behoort enige emosionele en sensuele gevoelens van die siel en vlees te oorheers. Geestelike gesag is nie iets wat van buite af op iemand geplak kan word nie; dit is iets wat van binne af in 'n persoon ontwikkel en word erken aan die geestelike kwaliteite wat in die karakter geopenbaar word. Hierdie geestelike ontwikkeling in 'n persoon word deur ander mense raakgesien en hy word spontaan genader vir geestelike raad en leiding. Dit is ook hoe 'n mens 'n ouderling herken; dit is 'n funksie wat die uitloei is van innerlike kwaliteite wat in 'n man ontwikkel het. Dit is nie 'n posisie nie. In teenstelling hiermee word institusionele gesag aan 'n posisie waarin iemand aangestel word gekoppel. Hierdie situasie

veroorzaak dikwels spanning omdat daar soms persone in die gemeente is wat meer geestelike gesag openbaar as die in amptelike posisies. Omdat geestelike gesag in die karakter moet ontwikkel, is dit net logies dat dit in die konteks van verhoudings met ander mense moet geskied. Gelowiges wat oor 'n lang tydperk in gemeentelike verband met mekaar saam lewe, leer mekaar goed ken. Hieruit kan 'n beginsel afgelei word wat 'n belangrike rol speel by die erkenning van gesag. In die boek Handelingte lees ons dat toe dit by die aanstelling van diakens kom, hulle manne moes kies wat baie goed in die gemeente bekend was (Handelingte 6:3). As dit hulle standaard was vir manne wat net prakties kos moes uitdeel, hoeveel te meer is dit van toepassing op manne wat die Woord moet verkondig en geestelike leiding moet gee. Ons sien dat bekendheid en 'n goeie reputasie binne en buite die Christelike gemeenskap ook as voorwaardes vir leierskap in die gemeente gestel word (1 Timoteus 3:7). Baie verdriet en verdeeldheid is al veroorsaak omdat wildvreemde mense, teenstrydig met wat die Skrif voorskryf, van buite die gemeenskap as pastore en dominees aangestel is.

Leierskap in die liggaam van Christus het niks te doen met posisies of titels nie. Inteendeel, die klem wat in sommige kringe op titels geplaas word, weerspreek dít wat Jesus verkondig het. Hy het aan Sy dissipels gesê dat hulle nie moet toelaat dat daar titels soos “rabbi” aan hulle gekoppel word nie, want hulle is almal broers en hulle het net een Leermeester (Matteus 23:8-10).

'n Mens wonder hoeveel gesag en invloed die Woord van God in die algemene praktiese reëlins van die kerk het as sulke eenvoudige en duidelike instruksies heeltemal geïgnoreer word.

Geestelike Onderdanigheid

Die enigste manier om Nuwe Testamentiese gesag reg te verstaan, is om na die voorbeeld wat Jesus gestel het, te kyk. Hy het gesê: “...leer van My, want ek is sag en nederig van hart...” (Matteus 11:29). Hy het ook gesê: “As Ek, wat julle Here en Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel...” (Johannes 13:14).

Hebreërs 13:17 word gewoonlik aangehaal as rede hoekom gelowiges onder institusionele gesag behoort te wees en hoekom hulle aan die leiers gehoorsaam en onderdanig moet wees. Hier het ons weereens ’n goeie voorbeeld van waar ’n geïsoleerde versie gebruik word om ’n tradisionele siening te verdedig. Die “wees gehoorsaam en onderdanig” van Hebreërs 13:17 word verduidelik teen die agtergrond van wat ons in vers 7 van dieselfde hoofstuk lees: “Dink aan julle voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.” Teen die wyer agtergrond van Nuwe Testamentiese lering word dit duidelik dat geestelike gesag en onderdanigheid altyd in die konteks van geestelike groei gesien moet word; om mense te help om meer en meer soos Jesus te word; om deur die voorbeeld van die leiers gelei en onderrig te word om ’n heiliger lewe te leef. Hierdie siening word bevestig deur wat Paulus in 2 Korintiërs 10:8 sê: “Die Here het aan ons die bevoegdheid gegee om julle op te bou, nie om julle af te breek nie.” Die tipe gesag wat Paulus uitgeoefen het, is deur die voorbeeld van Christus bepaal. Dit is hoekom Paulus kon sê: “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (1 Korintiërs 11:1).

Die agtergrond van Nuwe Testamentiese gesag is geestelike groei, nie gesagstrukture en organisatoriese orde nie!

Al wat die aktiwiteit van die kerk sinvol maak, is die feit dat geleenthede geskep word vir geestelike gawes om deur gelowiges te werk om sodoende die liggaam van Christus **in karakter op te bou** totdat ons almal “*so volmaak en volwasse soos Christus*” sal wees (Efesiërs 4:11-16).

Die model van die kerk wat ons in gedagte het beïnvloed ook ons siening oor geestelike gesag. As die kerk soos ’n organisasie bestuur en beheer word, is algehele onderdanigheid aan sy gesag die enigste manier wat kan verseker dat alles glad verloop. Die korporasie model van die kerk kan nie vrydenkende mense akkommodeer nie, aangesien robot-tipe toewyding nodig is vir die suksesvolle uitvoering van die visies van die leiers.

Die verkeerde toepassing van gesag kan daartoe lei dat mense op ’n kultiese manier deur leiers gemanipuleer en uitgebuit word. Spanning ontstaan soms in verhoudings omdat daar verwag word dat onderdanigheid aan die gesag van die leiers meer moet tel as getrouheid aan die waarheid van God se Woord. Luister wat die Woord te sê het oor die misbruik van gesag in die kerk: “*Julle verdra dit as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle uit die hoogte behandel...*” (2 Korintiërs 11:20). Die leringe van Jesus en die hele atmosfeer van die Nuwe Testament wys daarop dat versies soos: “*Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*” (Efesiërs 5:21), betrekking het op **alle** gelowiges, die leiers ingesluit. Waar die gesindheid van onderdanigheid aan mekaar afwesig is, veral onder leiers, kan ’n mens verwag dat misleiding sal insluip, want dan is die beskerming van nederigheid, wat so noodsaaklik is om teregwyding te ontvang, afwesig.

Geestelike Beskerming

Christene wat nie aan formele godsdienstinstansies behoort nie, word dikwels daarvan beskuldig dat hulle nie geestelike beskerming, of soos ons dit dikwels in Engels hoor, “covering” het nie. Selfs onder sogenaamde onafhanklike groepe hoor jy dikwels dat daar gesê word dat jy aan een of ander instansie móét behoort om geestelike beskerming te geniet. Dit is ook interessant om te let op wat die eerste vraag is wat gewoonlik gevra word as twee Christene ontmoet – Ja u is reg: “Aan watter kerk behoort jy?”

Waar kom hierdie idee vandaan dat jy vir geestelike beskerming aan iets moet behoort? ’n Oppervlakkige lees van die Bybel sal aantoon dat Paulus hierdie mentaliteit van “behoort aan” openlik veroordeel het. In sy brief aan die gemeente in Korinte spreek hy een van die redes aan wat tot onenigheid aanleiding gegee het: een het gesê dat hy aan Paulus behoort, ’n ander het weer gesê dat hy Apollos volg. Paulus vra hulle dan: “*Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars...*” (1 Korintiërs 3:5). As dit Paulus se gesindheid was ten opsigte van die kaliber apostels van daardie tyd, stel jou voor wat hy sou dink van die aanhang wat sommige hedendaagse predikers geniet. Ek kan my ook verbeel wat hy sou dink van die finansiële koninkryke wat deur sulke leiers uit die bydraes van sy liggelowige volgelinge opgebou word. Die Woord is weereens so duidelik oor hierdie saak: “*Daarom moet niemand op mense roem nie*” (1 Korintiërs 3:21). **Werklike geestelike beskerming word verskaf deur geestelike vriende teenoor wie jy met vrymoedigheid jou hart kan oopmaak en met wie jy openhartig geestelike sake kan bespreek** (Jakobus 5:16). In sulke gesprekke rondom die Woord word baie geleer. Jesus het die volgende oor die saak te sê gehad: “*Niemand het*

groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê” (Johannes 15:13).

Baie Christene is huiwerig om eerlik en openhartig met die leierskap van hulle kerk te praat omdat die verhoudinge dikwels net op lidmaatskap gebaseer is. Dit wat hulle pla word gewoonlik agter maskers weggesteek omdat hulle bang is om as “stroom op” gebrandmerk te word. Op geestelike gebied is jou beste “vriende” soms die wat jou kritiseer. Kritiek moet altyd ernstig opgeneem word. As dit waarvan jou kritici jou beskuldig waar is en jy luister na wat hulle te sê het en jy stel die saak reg, het jy geestelik gegroei. Is hulle verkeerd, het jy niks verloor nie. Die finale kriteria moet natuurlik die Woord van God wees. Uiteindelik sal elkeen self voor God moet staan om rekenskap te gee van alles wat gedoen en gesê is (Romeine 14:12).

In die brief aan die Hebreërs word die Judaïseers gewaarsku om nie hulle eie stelsel van godsdiens te skep waardeur hulle God wil behaag nie. Hulle het dele van die Ou Testament met beginsels van die Nuwe Testament gemeng. Omdat die tabernakel met sy Levitiese priesterorde wat tussen die mens en God moes bemiddel, deur die Realiteit, Jesus Christus vervang is, was ’n godsdiensstelsel dus nie meer nodig nie. Jesus as persoon is nou die Nuwe Testamentiese bemiddelaar. Dieselfde waarskuwing word gerig aan hulle wat vandag nog steeds doen wat die Judaïseers gedoen het; dele van die Ou Testament word as reëls en wette op die kerk geplaas. Die kerk speel vir baie Christene dieselfde rol as wat die tempelgodsdiens vir die Jode vervul het. In plaas daarvan dat die kerk ’n middel tot ’n doel is, het dit ’n doel opsigself geword. Baie mense beskou lidmaatskap daaraan as outomatiese geestelike beskerming. Dit is veral waar ten opsigte van kerke wat rituele as sakramente toepas asof dit inherente krag het om te red. Sodoende word die Heer van die kerk met die kerk self

vervang. Baie verkeer onder die indruk dat hulle toewyding en ondersteuning van die kerk die seëninge van God sal verdien. Die kerk het vir baie dus 'n groot sakramentele afgod geword. Toewyding aan 'n kerk beteken nie noodwendig toewyding aan God en Sy Woord nie. Die kerk, as samekoms van gelowiges, behoort maar net 'n middel tot 'n doel te wees; 'n genademiddel om mense aan te help tot geestelike volwassenheid.

4

TIENDES IN PERSPEKTIEF

Een van die belangrikste vereistes om die Bybel reg te verstaan, is om te begryp hoe radikaal die verskil tussen die Ou en die Nuwe Testament is. Die tiendeling, waar dit as 'n reël in die kerk toegepas word, is een van die beste voorbeelde wat gebruik kan word om te illustreer wat gebeur as hierdie verskil nie reg verstaan en beklemtoon word nie.

Daar is mense wat sê dat jy enige leerstelling uit die Bybel kan bewys. Dit is nie waar nie en dit kan nie gedoen word as toegelaat word dat Skrif Skrif verduidelik en as die konteks van versies in ag geneem word nie. Die tradisionele tiendeling in die kerk is 'n goeie voorbeeld van Ou Testamentiese beginsels wat foutiewelik in die kerk toegepas word. Omdat dit in sommige kringe so sterk beklemtoon word en omdat dié lering sulke ernstige geestelike implikasies vir gelowiges inhou, is dit noodsaaklik dat dit weer van naderby bekyk moet word.

Evaluering van die Tradisionele Tiendeling

In kort kom dit daarop neer dat een tiende van my inkomste vir God gegee **moet** word en dat die orige nege tiendes aan my behoort. Kom ons kyk na die belangrikste Skrifgedeeltes en argumente waarop dié lering gebaseer word:

1. Maleagi 3:8-11

Hierdie is seker die versies wat die meeste aangehaal word ter regverdiging van die tiendelering. In hierdie gedeelte word Israel berispe omdat hulle nalaat om die tiendes en offerandes na die tempel te bring. Dit is insiggewend om na te gaan wat alles in die boek Maleagi aangespreek word. In hoofstuk een word Israel berispe omdat hulle onrein voedsel en blinde diere bring om geoffer te word. In hoofstuk twee word sekere sake aangaande die Levitiese priesters aangespreek. Die tiendes en offerandes word in hoofstuk drie aangeraak. In hoofstuk vier word Israel daaraan herinner dat hulle al die Ou Testamentiese wette en voorskrifte moet nakom. Daar moet onthou word dat in die oorspronklike tale waarin die Bybel geskryf is, daar nie versie en hoofstuk verdelings is nie. Die vyf en vyftig versies waaruit Maleagi bestaan is dus as 'n eenheid geskryf. Die vraag word nou gevra: watter beginsel van Skrifuitleg word gebruik om spesifiek verse 8-11 uit te kies as basis vir die tiendelering? As so 'n beginsel nie gegee kan word nie, wat verhoed iemand om enige van die ander versies uit Maleagi te kies en as 'n reël vir die kerk voor te skryf? Enige ander versie uit die Ou Testament kan dan ook uitgekies word en voorgeskryf word as 'n wet wat die kerk moet hou.

Op dieselfde manier as wat Maleagi 3:10 op die kerk afgedruk word, is die volgende ook al as die “wil” van God vir Christene voorgeskryf: omdat veelwywery in die Bybel toegelaat word, mag dit ook vandag in die kerk toegelaat word; omdat die Bybel verklaar dat sekere plaë deur God gestuur is, mag geen metodes van plaagbeheer toegepas word nie. Sommige glo ook omdat God gesê het dat vrouens in pyn kinders sal baar, geen vorm van verdowing gedurende kraam toegedien mag word nie. Vele ander voorbeelde kan by die lys

bygevoeg word. Die toepassing van gesonde beginsels van Bybeluitleg kon al hierdie verwarring voorkom het.

Daar moet verder op gelet word dat die “*voorraadkamer*” van Maleagi 3:10, in die lig van Nuwe Testamentiese lering, nie op die moderne kerkinstitusie van toepassing gemaak kan word nie. Die Ou Testamentiese voorraadkamer was in ’n klipgebou in Jerusalem, terwyl daar in die Nuwe Testament geleer word dat alle gelowiges, gesamentlik en individueel, die tempel van die Heilige Gees is (1 Korintiërs 3:16). As, soos sommige dit leer, tiendes nog steeds na die kerk gebring moet word, dan moet al die geld onder al die gelowiges in die gemeente uitgedeel word, want hulle saam is die Nuwe Testamentiese priesters terwyl hulle terselfdertyd ook die tempel van die Heilige Gees is.

Die hedendaagse voltydse bedieninge van dominee en pastoor, kan ook nie met die Levitiese priesterklas van die Ou Testament vergelyk word nie, want in Hebreërs 7:12 word duidelik verklaar dat **“as daar ’n ander priesterskap kom, volg noodwendig ook ’n verandering van die wet.”** In die Nuwe Testament is ons Hoëpriester nou Jesus Christus wat uit die stam van Juda gebore is. Deur hierdie verandering het elke gelowige nou ook ’n priester geword. Petrus stel dit so: *“Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees...”* (1 Petrus 2:5). Die wette aangaande die tiendes was onlosmaakbaar verbind met die onderhouding van die Levitiese priesters en omdat daar ’n verandering van die priesterorde in die Nuwe Testament plaasgevind het, was hulle nie meer geldig nie. Nêrens in die Nuwe Testament vind ons ’n enkele versie wat beveel dat tiendes aan hierdie nuwe priesterklas betaal moet word nie.

2. Genesis 14:20

Nog 'n argument wat gebruik word om die betaling van tiendes te regverdig, kom uit Genesis 14:20 waar Abraham 'n tiende van sy “alles” aan Melgisedek gegee het. Daar word geredeneer dat omdat Melgisedek 'n tipe van Christus is, moet tiendes aan die kerk betaal word. Wat het die “alles” behels? Om dit te verstaan moet ons na Hebreërs 7:2-4 blaai waar daar verduidelik word dat Abraham Melgisedek “*n tiende van al die oorlogsbuit gegee het.*” Vir die agtergrond moet ons Genesis 14 lees. Abraham het vyf heidense konings aangeval en van die buit wat hy by hulle afgeneem het, het hy 'n tiende vir Melgisedek gegee. Watter beginsel kan ons hieruit vir die kerk aflei? – val een of ander ongelowige aan, vat sy besittings en gee 'n tiende daarvan aan die kerk? Ons lees nêrens dat Abraham dit ooit weer in sy leeftyd gedoen het nie. Dit was 'n eenmalige gebeurtenis. Hoe kan lering vir die kerk op 'n geïsoleerde insident uit die Ou Testament gebaseer word? Hebreërs 7 word ook gebruik om te probeer verduidelik hoekom tiendes betaal behoort te word. 'n Studie van hierdie hoofstuk sal aantoon dat twee priesterordes bespreek word en nie die betaling van tiendes nie.

3. Genesis 28:22

In hierdie Skrifgedeelte lees ons dat Jakob belowe om God 'n tiende te gee van alles wat God hom gee. Ons lees nie dat dit God is wat met Jakob onderhandel nie. Dit is Jakob self wat hier die voorwaardes stel. Hierdie stuk bevestig ook maar net dat die gebruik van tiendes as maatstaf, 'n algemene gebruik onder die kulture van daardie tyd was.

4. Daar is mense wat redeneer dat omdat tiendes gebruik moes word om die Levitiese priesters te onderhou, dit ook gebruik moet word om die dominees en pastore van die kerk mee te onderhou. Daar kan egter nie 'n enkele versie in die Nuwe Testament gevind word wat verklaar dat die tradisionele dominee/pastoor-figuur deur tiendes onderhou moet word nie. **Die bediening in die kerk is oop vir elkeen wat 'n begeerte het om deur die Heilige Gees gebruik te word** (1 Timoteus 3:1, 1 Korintiërs 12 en 14, Efesiërs 4:10-16, 1 Petrus 2:5).

5. Daar is mense wat sê dat omdat daar al voor die wet van Moses van tiendes gepraat word, dit vir alle tye van toepassing moet wees. As ons hierdie redenasie op die Sabbat van toepassing moet maak, moet dit ook in die kerk ingestel word, want daarvan word ook voor die wet van Moses melding gemaak (Exodus 16:23-36).

6. In Matteus 23:23 sê Jesus aan die Fariseërs dat hulle tiendes moet betaal. Hierdie gedeelte word dikwels aangehaal as bewys dat Jesus beveel het dat tiendes aan die kerk betaal moet word. As die woorde van Jesus in konteks gelees word, sal gesien word dat Hy met mense praat wat nog onder die Ou Verbond is. Hier sien ons weer duidelik hoe 'n regte begrip van die simboliese betekenis van die skeuring van die voorhangsel 'n mens help om die Bybel reg te verstaan. In Hebreërs 9:17 word dit baie duidelik gestel dat 'n testament eers by die dood van die testamentmaker in werking tree. Dit verduidelik aan ons wanneer die Nuwe Testament van krag word; **op die oomblik van Jesus se sterwe aan die kruis. Die Ou Testament word op daardie oomblik met die Nuwe vervang.** Daar kan nou gevra word of die Ou Testament dan nog iets beteken en nog gelees moet word. Noudat ons beseft dat dit die skadubeelde en tipes bevat wat na die Realiteit,

Jesus Christus heenwys, word dit eers ten volle waardeer. Deur die sinvolle bestudering van die Ou Testament kan daar nuttige lesse aangaande Nuwe Testamentiese waarheid geleer word, omdat al die uiterlike seremonies en rituele na Christus heenwys. Die Ou Testamentiese godsdienstsisteem was maar net daar om voorsiening te maak “*tot die tyd dat God ’n beter orde sou instel*” (Hebreërs 9:10).

Ons het alreeds verduidelik dat waar daar ’n verandering van die priesterskap plaasvind, daar ook noodwendig ’n verandering van die wet wat daarop betrekking het, moet plaasvind (Hebreërs 7:11-12). Nêrens in die Nuwe Testament lees ons van ’n nuwe wet wat ingestel is wat beveel dat tiendes aan die nuwe priesterorde betaal moet word nie.

In die konteks van die Ou en die Nuwe Testament verstaan ons nou dat al die dinge wat Jesus gesê het nie noodwendig op die kerk betrekking het nie. Deur nie hiermee rekening te hou nie kan tot ernstige dwaling in die kerk lei. Daar kan byvoorbeeld weer diere as offerandes in die kerk geslag word deur dieselfde redenasie te gebruik as in die geval van die Fariseërs en die tiendes. Het Jesus dan nie ook beveel dat die melaatse wat Hy genees het ’n dier moet gaan offer nie? (Matteus 8:4). Wie sou dit waag om op grond van hierdie bevel van Jesus weer diere in die kerk te slag?

’n Wyer Perspektief oor Tiendes onder Ou Testamentiese Wet

Die Bybel maak melding van verskillende soorte tiendes wat as ’n tipe van belasting betaal moes word:

(i) Een tiende van die eerste inkomste moes gebruik word om die Levitiese priesters mee te onderhou (Levitikus 27:30-33, Numeri 18:20-21). Dit moes gedoen word omdat die priesters nie toegelaat is om enige grond te besit nie (Numeri 18:21).

’n Mens wonder hoekom die mense wat die onderhouding van priesters as voorbeeld vir die kerk gebruik, toelaat dat hulle priesters eiendom aanskaf?

(ii) In Deuteronomium 12:17-18 word daar van nog ’n tipe tiende gepraat wat op enige plek deur die mense self geniet kon word.

(iii) Nog ’n feit wat omtrent die gee van tiendes in gedagte gehou moet word is dat die land elke sewende jaar moes rus en dat almal wat van landbou afhanklik was daardie jaar nie tiendes kon betaal nie (Levitikus 25:4).

(iv) Dit wil ook voorkom of by die bou van die tabernakel en die tempel op vrywillige skenkings staategemaak moes word en dat tiendes nie daarvoor gebruik is nie (Eksodus 35:5, Ezra 2:69).

Die vraag word nou weer gevra: watter beginsels van Skrifuitleg moet gebruik word om te bepaal watter versies in verband met die ingewikkelde tiendestelsel van die Ou Testament op die kerk van toepassing gemaak moet word? Hoekom word ’n paar skrifte in Maleagi oor die gee van tiendes uitgesonder, terwyl ander eenvoudig geïgnoreer word?

Slotsom

Die tradisionele tiendelering plaas baie Christene in geestelike slawerny. In my besit is ’n bandjie waarop ’n bekende pastoor ’n gehoor van ’n paar duisend mense waarsku hoe die peste, plaes en vloeke hulle sal tref as die tiende nie aan die kerk betaal word nie. Die versie wat hy gebruik om sy stelling op te baseer is Maleagi 3:9! ’n Mens wonder of hy al ooit die Nuwe Testament gelees het? Dit word tog so duidelik in Galasiërs 3:13 gestel: “*Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek ’n vervloekte te word.*” Of die doktrine nou verkondig word of nie, die tradisie is so goed

gevestig dat baie Christene glo dat God se seëninge afhang van hulle getrouheid in die gee van tiendes. Die tradisionele leesstuk uit Maleagi hoofstuk drie, net voor die kollekte opgeneem word, sorg daarvoor.

As dit waar is dat die gee van tiendes ons van vloeke beskerm en God se seëninge oor ons lewe verseker, dan is dit baie onverantwoordelik van Paulus en die ander skrywers van die Nuwe Testament om nie 'n woord van hierdie leerstelling melding te maak nie. Tussen die baie instruksies wat in die Nuwe Testament gegee word in verband met geld en materiële dinge, staan daar nêrens 'n woord van tiendes gee nie. Elke Nuwe Testamentiese versie wat gewoonlik aangehaal word om tiendes te regverdig, verwys na die insameling van geld om behoeftige Christene te help (1 Korintiërs 16:2-4, 2 Korintiërs 8:1-15, Romeine 12:8).

5

DIE ALTERNATIEWE SIENING – RENTMEESTER OOR TIEN TIENDES

Agtergrond

Die Bybel leer ons dat die aarde en alles wat daarop is aan God behoort (Psalm 24:1). Verder verklaar die Woord ook dat al die goud en silwer en al die diere op 'n duisend berge God se eiendom is (Haggai 2:8, Psalm 50:10). God is definitief nie bankrot of in finansiële nood nie.

Volgens ons talente, produktiwiteit en verantwoordelikheid, laat God toe dat ons **rentmeesters word van tien tiendes** van wat Hy aan ons gee. Hy gee vir ons rentmeesterskap-beginsels om ons te help om dit wat aan ons toevertrou word met verantwoordelikheid te administreer. In die mate wat ons hierdie beginsels toepas en uitleef, word ons 'n getuigenis van Sy liefde en voorsienigheid. Wanneer die onderwerp van rentmeesterskap bespreek word, moet die volgende twee basiese beginsels in gedagte gehou word: eerstens, God moet vertrou word as Voorsiener van ons lewensbehoefte. In Matteus 6:33 belowe God dat as ons Sy koninkryk en die doen van Sy wil eerste stel, Hy in alles sal voorsien wat ons nodig het. Die element van aktiewe geloof in God as Voorsiener

moet dus teenwoordig wees. God eer geloof en vertrouwe in Hom, nie dade van selfverdienste wat op die wet gebaseer word nie. Tweedens verwag God dat ons ons deel sal doen deur getrou die rentmeesterskap-beginsels wat Hy vir ons in Sy Woord gee, uit te leef. In die gelykenis wat Jesus vertel om te illustreer hoe ons ons Godgegewe talente moet ontwikkel en gebruik, word die dienskneg wat sy talente verdubbel het, deur sy meester geprys met: *“Mooi so! Jy is ’n goeie en getroue slaaf”* (Matteus 25:21). Hierdie woorde word in Lukas 16:10 met: *“Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar”* bevestig. Dit lyk mos vir my of God eers kyk of ons dit wat ons het, verantwoordelik hanteer, voordat Hy ons meer gee.

Om te gee is maar een van baie rentmeesterskap-beginsels wat in die Skrif genoem word. In hierdie bespreking wil ons net die beginsel van “gee” met die betaal van tiendes vergelyk.

Om te Gee – Die Onderliggende Beginsels

- 1. Om te gee is beter as om te ontvang** (Lukas 6:38).
- 2. Jy moet volgens jou vermoë gee** (2 Korintiërs 8:12).
- 3. Nie spaarsamig nie** (Markus 12:43, 2 Korintiërs 8:3).
- 4. Nie uit dwang nie** (2 Korintiërs 9:7).
- 5. Soos elkeen in sy eie hart besluit** (2 Korintiërs 9:7).
- 6. Met beplanning** (1 Korintiërs 16:2).

Nêrens spesifiseer Paulus of enige van die ander skrywers van die Nuwe Testament enige spesifieke persentasie as ’n vereiste nie. Paulus se lering dat elkeen moet gee volgens dit wat hy in sy eie hart besluit en dat dit nie onder dwang moet geskied nie, is in skrilte kontras met die tiendelering wat so algemeen verkondig word. Paulus gee algemene beginsels. Die rykes en die wat baie het moet bevry word van die wet van om nêr ’n tiende te gee, terwyl die armes en behoeftiges bevry moet

word om volgens hulle vermoë te gee (1 Timoteus 6:17-18, 2 Korintiërs 8: 2-14).

Bybelse Prioriteite

1. Sien om na die behoeftes van jou familie

Die beginsel van gee het nie net betrekking op die gee van materiële dinge nie. Dit behels in die eerste plek die gee van jouself. Geld is gewoonlik die maklikste ding om te gee. Daar kan aan talle gevalle gedink word waar familieledede afgeskeep word, omdat die man of vrou van die huis te besig is met die “dinge van die Here.” Volgens God se raadsplan is die huisgesin die ruggraat van die gemeente. Wanneer ’n gelowige vrou ’n ma is, is haar belangrikste bediening om na haar familie om te sien. Dieselfde geld vir die pa. Die Skrif leer ons dat as ’n gelowige nie vir sy eie huisgesin sorg nie, hy die geloof verloën het en dat hy slegter as ’n ongelowige is (1 Timoteus 5:8). Die behoefte vir aandag wat deur die afskeep van ’n huweliksmaat geskep word, maak hom of haar veral vatbaar vir aandag van ander persone van die teenoorgestelde geslag.

Dié wat glo dat hulle tot die sendingveld geroep is en wat families het, moet veral baie sensitief wees ten opsigte van die persoonlike behoeftes van hulle vrouens en kinders. Baie familieverhoudinge het in die verlede al skade gely as gevolg van onwysse toewyding aan geestelike werk.

2. Daar moet ook omgesien word na die behoeftes van die liggaam

Volgens die Skrif moet daar, wat materiële dinge betref, meer ewewig in die liggaam wees. *“Ek bedoel nie dat julle gebrek*

moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly” (2 Korintiërs 8:13-14).

Alhoewel Paulus daarvan melding maak dat hy die reg het om te verwag dat ander met sy onderhoud sal help, het hy dikwels ter wille van sy getuienis, verkies om nie daarvan gebruik te maak nie (1 Korintiërs 9:12-15). Hy het ook verklaar dat as iemand nie werk nie, hy ook nie mag eet nie. Hierdie is ’n belangrike beginsel om in gedagte te hou om te verhoed dat leeglêers en luies ander hardwerkende Christene uitbuit deur op hulle rûe te lê (2 Tessalonisense 3:10).

Dit is interessant om die verwysing wat in 1 Timoteus 5:18 aangehaal word, na te slaan. In die konteks van Lukas 10:7 verwys die woorde “...want die arbeider is geregtig op sy loon” na wat vir die dissipels voorgesit is om te eet en te drink terwyl hulle rondgegaan het om die Evangelie te verkondig. Die uitspattige luuksheid en groot materiële bates van sommige moderne “dissipels” wat die “oes” inbring, weerspreek die gees van die leringe van die Nuwe Testament. As ons ’n gedeelte soos 1 Timoteus 6:5-10 in ag neem: “*Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak... As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees... Geldgierigheid is ’n wortel van allerlei kwaad*”, dan kan ons nie saamstem met dié wat sê dat 1 Timoteus 5:17 verklaar dat leiers dubbele betaling moet ontvang nie. Vergelyk ook die gesindheid van Paulus soos dit in 2 Korintiërs 2:17 uitgedruk word: “...omdat ons nie is soos baie ander wat geld maak uit die Woord van God nie.”

Sommige mense moet ondersteun word, nie omdat hulle “voltyds” in die bediening is nie, daartoe is alle gelowiges geroep, maar omdat spesiale behoeftes ontstaan as gevolg van die tipe werk wat hulle doen om die koninkryk van God uit te

brei. As deel van die liggaam van Christus moet ook in hulle behoeftes voorsien word.

3. Die behoeftes van die armes, weduwees en wese

In die Nuwe Testament word die behoeftes van die armes en die weduwees en die wese beklemtoon (Galasiërs 2:10, Jakobus 1:26-27). Nie elke vrou wat 'n man aan die dood afgestaan het, kwalifiseer egter outomaties vir materiële bystand nie. In verband hiermee word spesifieke voorskrifte in 1 Timoteus 5:3-16 gegee.

4. Goeie dade en mededeelsaamheid

(Hebreërs 13:16, Galasiërs 6:10)

Selfsugtigheid en afsydigheid teenoor jou medemens se nood kan nie met die leringe van Jesus vereenselwig word nie. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan word vir ons 'n goeie voorbeeld gegee van die gesindheid wat 'n kind van die Here moet openbaar (Lukas 10:25-37).

Rentmeesterskap se Hoë Standaarde

Die morele en geestelike standarde wat deur Nuwe Testamentiese rentmeesterskap gestel word, is hoër as die van die Ou Testament. Omdat daar, wat die gee van tiendes betref geleer word dat een tiende aan God behoort en nege tiendes aan jouself, word die nege tiendes dikwels soos wêreldlinge uitgeleef. Om 'n goeie rentmeester oor tien tiendes te wees, vereis dat daar oor alle sake rakende finansiële en materiële dinge rekenskap gegee moet word. Dit sluit onder andere in hoeveel geld op vermaak en ontspanning uitgegee word, hoeveel rente op skuld betaal word en wat op onnodige luukse

artikels gespandeer word. Daar is Christene wat byvoorbeeld meer op 'n karavaan, wat vir meer as elf maande per jaar onder 'n afdak staan, afbetaal as wat hulle bydra om in die behoeftes van ander te help. Volgens die Woord stel God in elke aspek van ons lewe belang en daarom ook in ons gesindheid ten opsigte van materiële dinge en wat ons met ons geld doen.

Die Rentmeester se Gesindheid

Die gesindheid waarmee gegee word, is belangriker as dít wat gegee word. Die vermoë en die motivering om te gee is 'n vrug van die werking van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige wat toegewyd die wil van die Vader wil doen. Die gelowige wat hierdie gesindheid openbaar, sal soos die Masedoniërs, eers homself aan die Here gee (2 Korintiërs 8:5). Die vrygewigheid wat uit so 'n lewe voortvloei sal deur blydskap gekenmerk word (2 Korintiërs 8:2-12).

Rentmeesterskap is van Toepassing op Almal

Om te gee is 'n geestelike ondervinding waarin ook die armes kan deel, want die waarde van 'n gawe word nie bepaal deur wat dit in terme van geld werd is nie, maar deur die gesindheid van die gewer. Om te kan gee moet as 'n voorreg beskou word, nie as 'n verpligting nie.

Die Resultaat van Rentmeesterskap

'n Belangrike gevolg van gee is die geestelike verryking van die persoon wat gee en die danksegging teenoor God in die hart van die persoon wat ontvang (2 Korintiërs 9). Om te gee bou jou karakter omdat dit die wortel van selfsugtigheid wat so dikwels in 'n mens se lewe kop uitsteek, teenwerk.

Slotsom

God verwag van ons om te gee sodat ons karakters en ander mense opgebou kan word, nie fondse nie.

Die kerk is nie 'n klub waar lidmaatskapfooie betaal moet word nie. Dit is ook nie 'n institusie wat belastings vir sy lede kan voorskryf nie. Die kerk is 'n mistieke, geestelike liggaam waarvan Jesus Christus die Hoof is. Deur die Heilige Gees word die lidmate geïnspireer om nie net met woorde lief te hê nie, maar ook met dade. Geld en materiële dinge word beskikbaar om in die behoeftes van die liggaam te voorsien soos wat elke gelowige vrywillig in sy hart besluit om te gee. Die rol wat geld in 'n gemeente speel hang grootliks af van die model van die kerk wat gevolg word. In die Ou Testament moes die mense tiendes gee sodat daar kos in die voorraadkamer van die tempel kon wees (Maleagi 3:10). In die Nuwe Testament word die liggaam van Christus, wat uit gelowiges bestaan, nou die “tempel.” Van die Ou Testamentiese voorbeeld kan ons aflei dat dit God se wil is dat daar kos in die voorraadkamer van Sy Nuwe Testamentiese tempel moet wees. As wat met “tempel” en “voorraadkamer” nie bedoel word wat in ooreenstemming is met Nuwe Testamentiese openbaring nie, sal geld noodwendig uitgegee word op dinge wat niks te doen het met die vervulling van die behoeftes van die liggaam van Christus nie!

LOFPRYsing EN AANBIDDING IN NUWE TESTAMENTIESE PERSPEKTIEF

Inleiding

Sang en musiek was nog altyd 'n geseënde manier om dank en aanbidding teenoor die Here uit te druk. Daar het egter in meer onlangse tye 'n subtiële klemverskuiwing plaasgevind in die manier hoe dit beoefen word. Hierdie klemverskuiwing word miskien die beste verduidelik deur na die tipe terminologie te luister wat gewoonlik tydens “lofprijsing en aanbidding” gebruik word. Daar word gedurig gehoor hoe mense “in die teenwoordigheid van die Here” ingelei word. Soms hoor jy selfs dat die “teenwoordigheid” van die Here “neergekom” het. Omdat God almagtig is, kan Hy Homself manifesteer soos Hy wil, maar Hy is nie afhanklik van enige persoon, of enige tegniek of metode om dit te kan doen nie. Vandag word daar kursusse aangebied waar sangleiers geleer word om mense “in die teenwoordigheid van die Here” in te lei. Daar word ook baie gepraat van hoe die teenwoordigheid van die Here in dienste gevoel word. Ek het in 'n diens gesit waar die tyd van lofprijsing en aanbidding ingelei is met 'n stelling waarin die leier verklaar dat lofprijsing die “vonkprop” van geloof is. U

kan self dink wat toe gebeur het! In teenstelling met hierdie luidrugtige benadering, verklaar die Bybel dat geloof deur die hoor van die Woord kom (Romeine 10:17). Sommige Christene, selfs dié wat blatant in ongehoorsaamheid aan die Woord leef, kom soms in 'n diens en vertolk die emosies wat hulle tydens “lofprijsing en aanbidding” ervaar, as die teenwoordigheid van die Here. Hulle word deur die sang, die musiek en die atmosfeer geraak, maar nie deur die Woord van die Here nie! Dit wat hulle voel gaan nie dieper as die emosies nie. Sulke mense is sentimentalistiese Christene wat baie afhanklik is van uiterlike invloede om hulle aan die gang te hou.

Watter rol speel emosies tydens dienste? Is die werking van die Heilige Gees afhanklik van eksterne tegnieke en apparate, of van 'n sekere atmosfeer? Die belangrikheid wat op die “lofprijsing en aanbidding” gedeelte van die diens geplaas word, word bevestig deur wat ons alreeds genoem het – kursusse en seminare word aangebied om leiers te leer om ander in die “teenwoordigheid” van die Here in te lei. In my besit is 'n artikel wat uit 'n kerktidskrif kom wat wyd en syd gelees word. Onder die opskrif “Die Krag van Lofprijnsing en Aanbidding” word verduidelik hoe belangrik klank is vir geestelike oorwinning! Voorbeelde word dan uit die Ou Testament aangehaal waar die priesters en die musikante voor die leërs moes uittrek om sodoende die oorwinning te behaal. In die artikel kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat God nie veel deur 'n stil persoon kan doen nie! Dit is absoluut ongelooflik dat duisende liggelowige mense sulke tipe lering vir soetkoek kan opeet! Die Bybel stel dit tog so duidelik dat 'n mens deur geloof moet lewe en dat sonder geloof dit onmoontlik is om God te behaag (Hebreërs 11:6).

Wat leer die Skrif ons?

Ernstige geestelike skade kan aangerig word as 'n mens aangename gevoelens en 'n lekker atmosfeer met die teenwoordigheid van die Heilige Gees assosieer. Positiewe of negatiewe gevoelens of omstandighede, op hulle eie geneem, sê vir ons niks aangaande die teenwoordigheid van God nie. Dink maar aan al die onaangename omstandighede waarin Paulus hom so dikwels bevind het: vyfkeer met die sweep geslaan, gestenig, vir dood agtergelaat, drie keer in skeepsrampe, rondgedryf op die oop see, deur rowers aangeval, in die tronk, dors en honger, dikwels in die steek gelaat deur valse broeders, in alle gevare...(2 Korintiërs 11:23-28). Ten spyte van al hierdie negatiewe omstandighede was hy steeds oortuig van die feit dat hy besig was om God se wil te doen en dat God by hom was. Ons geloof moet gesetel wees in wat God in Sy Woord sê, nie in gevoelens nie. God het gesê: *“Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie”* (Hebreërs 13:5). As ons moet wag om tydens dienste in God se teenwoordigheid in te kom mag ons seker vra waar God was voor die diens begin het. Waar is Sy teenwoordigheid die meeste nodig, in die veilige, warm atmosfeer van die diens of op die gevaarlike pad soontoe? As die teenwoordigheid van God afhanklik was van 'n aangename atmosfeer, dink u self in wat met gelowiges sou gebeur het wat in koue, eensame tronke vir hulle geloof gemartel is. Ek dink hier aan 'n persoon soos Richard Wurmbrand wat vir veertien jaar, die laaste paar in eensame opsluiting, in 'n sel dertig meter onder die grond moes sit. Hy skryf hoe sy hele lewe net uit stilte bestaan het. Soms het hy net dofweg die geskreeu van ander gevangenes gehoor wat ook gemartel word. Al wat hom en baie ander soos hy aan die gang gehou het, was hulle geloof in die feit dat God by hulle was. Ten spyte van sy negatiewe ondervindings, kom

Richard Wurmbrand na jare uit die tronk en inspireer ander gelowiges om getrou aan God te bly.

Die Gevaar van Gevoelens

Geloof wat op die Woord gebaseer is, word in die gees ervaar, nie met die sintuie nie, “...ons lewe deur geloof, nie deur sien nie” (2 Korintiërs 5:7). Wanneer aangename gevoelens met die teenwoordigheid van God geassosieer word, bestaan die neiging om te voel dat God nie meer teenwoordig is as die gevoelens nie meer daar is nie. Dit verduidelik hoekom sommige mense depressie ervaar wanneer hulle direk na ’n “lekker” diens by die huis kom. Die kontras tussen die warm atmosfeer van die diens en die eensaamheid van ’n leë kamer, woonstel of huis is net te groot. Omdat die aangename gevoelens skielik weg is, word die teenwoordigheid van God betwyfel. As so persoon nie geleer word om God op Sy Woord te neem en in geloof te leef nie, sal emosionele onstabieleit deel van sy of haar lewe bly.

Teologiese Feite wat Oorweeg moet word

Die Woord verklaar dat die gelowige deur die bloed en lyding van Jesus op die kruis vrye toegang tot die Vader het. As daar na die terminologie van sommige bedieninge geluister word, kom ’n mens tot die gevolgtrekking dat hulle nou deur sang en musiek probeer vermag wat alreeds op die kruis deur Jesus gedoen is. Dit is nie lofprijsing en aanbidding wat ons in die teenwoordigheid van God inbring nie, dit is deur ons geloof in die volbragte werk van Jesus aan die kruis dat ons kan staatmaak op die belofte dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie (Hebreërs 13:5). Deur geloof weet ons dat God

altyd teenwoordig is, nie net vir 'n uur of twee in 'n diens op 'n Sondag nie!

Die Invloed van die Siel

Alkohol en verdowingsmiddels veroorsaak verslawing en word gebruik om in 'n veranderde toestand van bewussyn te kom. Sielkundiges wys daarop dat in 'n sekere mate, dieselfde invloed uitgeoefen kan word deur die atmosfeer wat deur musiek geskep word. Ons almal weet van die strelende effek wat sagte musiek op die gemoed kan uitoefen. Baie mense ontspan deur na hulle gunsteling musiek te luister. Daarmee is niks verkeerd nie. Restaurante en ander plekke van vermaak weet hoe belangrik dit is om die regte atmosfeer te skep deur die regte soort musiek in die agtergrond te speel. Hiermee is daar ook niks verkeerd nie. Op “rockfeeste” breek massahisterie dikwels onder die invloed van die opruiende musiek uit. Vir eeue al gebruik primitiewe stamme ook die ritmiese invloed van dromme om dansers tydens rituele op te sweep. Dit is baie interessant om te lees wat op bevel van koning Nebukadneser gedoen moes word tydens die aanbidding van die goue beeld. *“Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadneser laat oprig het, en dit aanbid”* (Daniël 3:5). Het hy geweet van die sielkundige invloed wat musiek op die emosies van mense kan hê?

Wanneer sensuele ervarings (ervarings waargeneem deur die vyf sinne), ongeag hoe dit gestimuleer word, met die teenwoordigheid van God geassosieer word, kan ernstige geestelike skade aangerig word. Ervarings soos tekens, wonderwerke, gevoelens en liggaamlike sensasies wat deur die siel en sinne van die mens waargeneem word, kan deur

misleidende geeste nagmaak word en mag dus nooit alleen as bewys van die teenwoordigheid van God geneem word nie.

Daar word deesdae van herlewings gepraat. Voordat ons opgewonde raak, moet daar eers gekyk word na wat die opgewondenheid veroorsaak. Opregte geestelike herlewings gaan altyd gepaard met belydenis van sonde en ’n terugkeer na die standaard van God se Woord. As daar gekyk word na wat vandag in sommige kringe as herlewings beskou word, sien ons dat dit wel ’n herlewings is, maar ’n herlewings van sensuele ervarings. Hierdie stelling kan getoets word deur sekere dienste by te woon, na video’s of na dienste op televisie te kyk. Ten spyte daarvan dat ons in die Woord gewaarsku word om “nugter” en “wakker” te wees (1 Tessalonisense 5:6, 1 Timoteus 3:2, 1 Petrus 1:13), word mense vandag in dienste aangemoedig om dronk te word in die gees. In hierdie toestand van geestelike beswyming vind die eenaardigste liggaamlike rukkings plaas en word onaardse geluide gemaak, en dit alles om ’n seënning te ontvang! ’n Oppervlakkige kennis van die Woord sal toon dat God teen enige vorm van dronkenskap is. In die boek Jesaja lees ons profeties van hoe God ’n gees van dronkenskap op die mense gaan uitstort, nie as ’n seënning nie, maar as ’n vloek! “...julle sien niks, julle oë is toe, julle is dronk maar nie van wyn nie, julle waggel sonder dat julle iets gedrink het” (Jesaja 29:9). Selfbeheersing word genoem as een van die vrugte van die Heilige Gees (Galasiërs 5:23) en dit is moeilik om te aanvaar dat die Gees van God hierdie vrug sal teenwerk deur mense aan te moedig om in die gees dronk te word en sodoende selfbeheersing te verloor.

Die Woord as Finale Gesag

“Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U Woord is die waarheid” (Johannes 17:17).

Die Wil van God word deur die Woord aan ons bekend gemaak. Dit is hoekom Paulus waarsku: “...om nie te dink bo wat geskrywe is nie...” (1 Korintiërs 4:6, 1933/1957 vertaling). ’n Christen groei geestelik in die mate wat hy op kennis uit die Woord reageer. Ons moet baie versigtig wees dat dit wat ons glo ooreenstem met wat in God se Woord geskrywe staan. Dinge waarvan niks in die Skrif gesê word nie, moet met suspisie bejeën word.

Slotsom

Ons sing en maak ook musiek in ons byeenkomste, **nie om in ’n teenwoordigheid in te kom nie, maar ómdat ons bly en dankbaar is oor geestelike waarheid.** Daar is niks mee verkeerd om emosioneel te reageer oor geestelike waarheid wat jy verstaan en wat jou aangryp nie. Wat egter goed besef moet word is die feit dat ’n mens ook onder die invloed van die siel hoogs emosioneel kan raak. Kyk maar hoe rol die trane terwyl daar na films en sepies gekyk word. Loop maar in die nag verby ’n begraafplaas en kyk wat gebeur. Dit is moeilik om die rillings en die hoendervleis te beheer. Daar kan aan hierdie tipe ervarings geen geestelike waarde geheg word nie. As hierdie soort ervarings as tekens en bewys van die teenwoordigheid van God geneem word, word die deur wawyd oopgemaak vir die invloed van misleidende geeste wat hulleself as die Heilige Gees voordoen.

7

DIE VERVULLING VAN OU TESTAMENTIESE WET

“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry” (Matteus 5:17).

Daar word gevra of ons nog die Ou Testament aanvaar. Natuurlik, ons aanvaar en lees dit nog graag, maar met die verstandhouding dat ons daarin die tipes en die skadubeelde van Nuwe Testamentiese waarheid soek. Die Ou Testament kan baie nuttig gebruik word om die geestelike beginsels van die Nuwe Testament te verduidelik en te bevestig. Paulus verwys sy lesers byvoorbeeld in 1 Korintiërs 10:11 na Ou Testamentiese geskiedenis en sê: *“Hierdie dinge het oor hulle gekom as ’n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef.”* Hieruit kan ons aflei dat ons waardevolle lesse uit die bestudering van die Ou Testamentiese geskiedenis kan leer. Dit beteken egter nie dat Ou Testamentiese wet op die kerk van toepassing gemaak kan word nie. In Galasiërs 3:19 word die vraag gevra: *“Watter doel dien die wet dan?”* Die antwoord word duidelik in die volgende vers gegee: *“...dit is*

bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom.” Die Nakomeling wat hier na verwys word, is Jesus Christus. Hierdie feit word vir ons in verse 24 en 25 van dieselfde hoofstuk bevestig: *“Ons was dus onder toesig van die wet totdat Christus sou kom sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder toesig van die wet nie.”* Die konteks van hoofstuk drie wys vir ons dat die wet waarna hier verwys word, Ou Testamentiese wet is.

Hoe het Jesus die Ou Testamentiese wette vervul? – deur Sy leringe, Sy dood en Sy opstanding.

Jesus het dikwels wanneer Hy met mense gepraat het, begin met die woorde: *“Julle het gehoor dat daar gesê is... maar Ek sê vir julle...”* Hy verwys eers na wat onder Ou Testamentiese wet geskryf staan en vergelyk dit dan met dít wat Hy leer. Dit beteken nie dat Sy leringe die beginsels van die ou wet weerspreek nie, maar dat Sy morele standaard op ’n veel hoër vlak lê. Kyk byvoorbeeld na Matteus 5:21-22: *“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie’ (Eksodus 20:23) ...Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank...en wie hom uitskel vir ’n idioot, is strafbaar met die helse vuur.”* Volgens Ou Testamentiese wet is ons nie skuldig nie, want ons het nog nie moord gepleeg nie, maar waar staan ons in terme van die standaard wat Jesus stel? Volgens Sy standaard het ons al baie mense met die tong “vermoor”.

Jesus se Leringe

“As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; en julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vry maak” (Johannes 8:31-32).

Alhoewel die leringe van Jesus ons vrymaak van die reëls en regulasies van 'n uiterlike vorm van godsdienst, stel dit ons nie vry van die morele en geestelike standarde wat Hy van Sy volgelinge verwag nie. Ons sal vind dat Sy leringe nie een enkele een van die beginsels van die wet weerspreek nie. Inteendeel, soos ons reeds verduidelik het, sal ons vind dat die morele standaard van die nuwe dispensasie op 'n veel hoër vlak lê as dié van die oue. In die Ou Testament was owerspel by voorbeeld 'n strafbare daad. Volgens Jesus kan owerspel egter ook in die gedagtes plaasvind. Hy leer dat as iemand met begeerlike gedagtes na 'n vrou kyk, hy reeds in sy hart egbreek gepleeg het (Matteus 5:27-28).

Kom ons neem elkeen van die Tien Gebooie soos ons dit in Eksodus 20 opgeteken vind en vergelyk hulle met die leringe van Jesus. In die eerste gebod word beveel: *“Jy mag naas My geen ander gode hê nie.”* Jesus bevestig hierdie beginsel met: *“Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”* (Johannes 14:6). In hierdie stelling word die beginsel van die wet vervul. Behalwe Jesus is daar tussen God en die sondaar geen ander middelaar nie.

Die tweede gebod beveel dat daar nie beelde van ander afgode gemaak mag word nie. Die Nuwe Testament leer ons dat gelowiges nie in een juk met ongelowiges moet saamtrek nie en dat ons ons van alles wat liggaam en gees besoedel, moet reinig (2 Korintiërs 6:14, 2 Korintiërs 7:1).

Die derde gebod beveel dat die Naam van die Here nie misbruik mag word nie. Jesus gaan verder en verklaar dat 'n persoon eendag vir elke ydele woord geoordeel gaan word; nie net vir die misbruik van Sy Naam nie! (Matteus 12:36-37).

Die vierde gebod heilig die Sabbatdag. Volgens dié wat Jesus verwag, moet 'n gelowige elke dag sy kruis opneem en in alles wat hy doen, God eer. *“Of julle eet of drink of wat julle ook al*

doen, doen alles tot eer van God” (1 Korintiërs 10:31). In die nuwe dispensasie is daar nie so iets dat net een van die dae van die week heilig is nie; Jesus verwag dat elke dag van ons lewe aan Hom gewy sal wees, sewe uit sewe, in alles: gedagtes, woorde en dade.

Net soos daar in die vyfde gebod beveel word, word daar in Efesiërs 6:1 geleer dat kinders hulle vaders en moeders moet eer en gehoorsaam. Weer word daar verder gegaan en vaders word gemaan om hulle kinders nie so te behandel dat hulle opstandig raak nie (vers 4). Mans en vrouens word ook aangespreek om mekaar lief te hê (Efesiërs 5:22-33).

Die sesde gebod plaas ’n verbod op die pleeg van ’n moord. Vergelyk die hoër standaard van die Nuwe Testament waar dit weereens die gesindheid van die hart is wat van belang is. Jy mag jou broer nie eers ’n idioot noem nie (Matteus 5:21-25). Vergifnis en liefde vir selfs jou vyand is die standaard vir ’n dissipel van Jesus.

Ons weet almal wat die sewende gebod van egbreek sê. ’n Egbreker kon eers gestraf word nadat hy of sy deur getuies skuldig bewys is. Jesus se standaard is soveel hoër want Hy leer dat selfs begeerlike gedagtes wat vertroetel word ’n mens skuldig maak aan egbreek (Matteus 5:27-28).

In die Nuwe Testament word daar nie net geleer dat ’n mens nie moet steel nie, maar dat jy ook produktief moet wees sodat jy genoeg het om ook aan ander te gee (Efesiërs 4:28). Van die hardste woorde in die Nuwe Testament word gerig aan die lui dienskneg wat nie produktief te werk gegaan het met die bedrag geld wat hy van sy meester ontvang het nie (Matteus 25:14-30).

In plaas daarvan dat Jesus, soos die negende gebod verklaar, net waarsku om nie valse getuienis af te lê nie, sê Hy dat jou “ja”, “ja” moet wees en jou “nee”, “nee”; wat meer as dit gesê word, sê Jesus, kom van die bose (Matteus 5:37).

Om die tiende gebod te vervul, word in die Nuwe Testament geleer dat ons lewens vry van geldgierigheid moet wees. Ons moet tevrede wees met wat ons het (Hebreërs 13:5). Jesus het Sy volgelinge ook gemaan om nie soos heidene agter materiële dinge aan te hardloop nie, maar dat hulle Sy wil en Sy koninkryk eerste moet soek (Matteus 6:33).

Slotsom

Om hierdie hoofstuk mee af te sluit, wil ek net 'n paar versies aanhaal om te beklemtoon dat alhoewel 'n Christen nie meer onder Ou Testamentiese wet is nie, daar geen verskoning vir 'n losbandige lewe is nie. *“Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade”* (Romeine 6:14). *“Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan nie meer onder die wet nie...Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God”* (Romeine 7:4). Is Nuwe Testamentiese Christene nog onder wet? Ja! – onder die wet van die Gees van die lewe in Christus en onder die Koninklike wet van die liefde (Romeine 8:2, Jakobus 2:8). Om hierdie “wette” uit te leef is 'n lewe van gehoorsaamheid aan die Heilige Gees noodsaaklik. Hierdie beginsel van die liefde is so belangrik dat dit die hele Ou Testamentiese sisteem van godsdiens, naamlik die wet en die profete, saamvat (Matteus 22:40).

Hoe is dit moontlik dat ten spyte van sulke duidelike uitsprake in die Nuwe Testament, so baie Christene toelaat dat hulle weer onder 'n geestelike juk beland; 'n juk van 'n godsdienssisteem wat gebaseer word op Ou Testamentiese wet en die tradisies van mense.

WAARHEID

Jesus het gesê: “...daar kom ’n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen” (Johannes 4:23).

Wat bedoel Jesus met “*waarheid*”?

Ons kry meer insig deur na die Griekse woord vir “*waarheid*” te kyk. The Complete Word Study Dictionary van Spiros Zodhiates gee onder andere hierdie twee betekenis vir *aletheia*: “...the unveiled reality...” en “...truth as opposed to types, emblems, shadows.” ’n Ander betekenis wat gegee word is: “...to be true in doctrine and profession...” Die konteks van Johannes 4 verduidelik vir ons waarna Jesus verwys. Die vrou by die put het vir Jesus gevra waar die regte plek van aanbidding was. Was dit waar die Samaritane aanbid, of was dit by die Joodse tempel in Jerusalem? Klink dit vir u bekend? Jesus gee nie aan een van die twee plekke erkenning nie. Hy verwys eger na ’n nuwe bedeling: “*Maar daar kom ’n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid...*” (Johannes 4:23). ’n Nuwe bedeling moes kom want die Realiteit, Jesus Christus, het die embleme en skadubeelde wat in die Ou Testament na Hom heengewys het, kom vervang. Dieselfde woord, *aletheia*, word gebruik wanneer Jesus sê: “*Ek is die weg en die*

waarheid en die lewe...” (Johannes 14:6, my beklemtoning). Soos al voorheen in hierdie boek verduidelik is, was die tabernakel, die priesters, die offerandes en die wette van die Ou Testament maar net daar om voorsiening te maak “...*tot die tyd dat God ’n beter orde sou instel*” (Hebreërs 9:10). Die “waarheid” is Jesus Christus, die Realiteit en vervulling van al die tipes en skadubeelde van die Ou Testament.

Om Nuwe Testamentiese Waarheid te ignoreer is gevaarlik

“Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U Woord is die waarheid” (Johannes 17:17).

Ons word geestelik gevoed deur die waarheid van God se Woord. Van die Woord word gesê: ***“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte leefwyse te kweek...”*** (2 Timoteus 3:16, my beklemtoning). Wanneer ons weier om ’n sekere Skrifwaarheid aan te neem, word ’n geestelike lugleegte geskep en word ons geestelike groei in een of ander deel van ons lewe gekortwiek. Dit is gevaarlik om Nuwe Testamentiese waarheid te minag en gelowiges word ernstig daarteen gewaarsku in Hebreërs 10:26-29: *“Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offers vir die sondes meer oor nie...hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?”* (1933/1957 vertaling).

Selfs in die Ou Testament is Eli gewaarsku omdat hy die voorskrifte aangaande die diere-offer en die graanoffer verag het (1Samuel 2:29). Is dit nie ook wat Christene doen as hulle

die volle voordeel van Jesus se kruisdood ontken deur God se seëninge te probeer verdien deur eie werke nie?

Wanneer ons aan sonde dink, dink ons gewoonlik aan slegte dinge soos dronkenskap, moord, egbreek en misdaad. Tog beteken die woord wat in bogenoemde teks as “sonde” vertaal word, letterlik *“to miss the mark and so not share in the prize”* (Strong’s Concordance). Spiros Zodhiates verduidelik dieselfde Griekse woord, *hamartano*, in sy Complete Word Study Dictionary, so: *“To err, swerve from truth, go wrong, used in an absolute sense in 1 Corinthians 15:34, meaning to beware lest one be drawn into errors pertaining to faith.”* Dieselfde woord word in Titus 3:9-11 vir die woord sonde gebruik. Die konteks van hierdie Skrifgedeelte verwys onder andere na ’n *“getwis en stryery oor die wet van Moses”* wat *“nutteloos en sinloos”* is.

Wat is die *“kennis van waarheid”* wat hierbo in Hebreërs 10:26 genoem word, wat “gemis” kan word? Ons het alreeds verduidelik dat die “waarheid” die kennis is van Jesus Christus wat die Realiteit is van al die skadubeelde wat na Hom heenwys.

Die bespreking in die konteks van Hebreërs hoofstukke 7, 8, 9 en 10 wys dat die Hebreërs nie meer getrou was aan die waarheid aangaande die nuwe orde in Christus nie. Hulle was besig met dwaallering waarin hulle die beginsels van die Ou en Nuwe Testament gemeng het. Gelowiges word gewaarsku om nie, nadat hulle kennis van die “waarheid” ontvang het, te sondig deur God se guns te probeer wen deur onderhouding van Ou Testamentiese wette nie. **Deur nie in die realiteit van die Nuwe Testamentiese waarheid te leef nie, word die doel “gemis” en word die bloed van Christus verag en die Gees van genade beledig!** (Hebreërs 10:29). Hierdie ernstige waarskuwing word ook aan die Galasiërs gerig – *“Maar almal*

wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek...” (Galasiërs 3:10).

Ons lees in Galasiërs 2:4-5 wat Paulus verder oor hierdie saak te sê het: *“Daar...was mense wat onder vals voorwendsels in die gemeente ingedring het en hulle as medegelowiges voorgedoen het. Hulle werklike doel was om ons lewe in die vryheid wat Christus Jesus vir ons verwerf het, dop te hou sodat hulle weer slawe van ons kon maak. Aan hulle eise het ons egter nie ’n enkele oomblik toegegee nie sodat die waarheid van die evangelie vir julle gehandhaaf sou word.”*

Op ’n subtiele manier beledig ons soms die Gees van genade en vertrap ons die verdienste van die bloed van die Nuwe Testament. Ek was byvoorbeeld vir baie jare onder die indruk dat God veral beïndruk was met gebede wat vroeg in die oggend gebid word, hoe vroeër hoe beter. Dit was maar net ’n subtiele manier om deur selfverdienste guns by God te probeer wen. Vandag besef ek dat God na my luister, nie op grond van my prestasie nie, maar omdat ek op die verdienste van Jesus staatmaak.

Soms word die krag van die bloed ontken deur die manier wat sekere geestelike probleme hanteer word. In plaas daarvan om te glo wat die Woord sê: *“Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit is alles die werk van God”* (2 Korintiërs 5:17), word mense aangemoedig om al die negatiewe dinge van die verlede te herroep om daarvan te vergeet!

Ander weer, verwag om geseën te word, omdat hulle die Ou Testamentiese beginsel van tiendes gee, eer – maar nét weer ’n ander manier om die Gees van genade te beledig.

Ons mag miskien dink dat daar niks mee verkeerd is om ’n gebou van baksteen en sement die “huis van die Here” te noem nie, maar deur dit te doen ontken ons ’n belangrike Nuwe

Testamentiese waarheid; “*God...woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie*” (Handelinge 17:24).

Toe die mense Jesus vra wat hulle moet doen om God te behaag, het Hy nie ’n lys reëls en pligte opgenoem nie. In plaas daarvan was Sy antwoord: “...*julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het*” (Johannes 6:28-29).

Gehoorsaamheid aan die Waarheid

Die meeste Christene sal saamstem dat die Bybel die enigste bron van gesag vir die kerk behoort te wees. Hoekom dan al die verskille as ons sê ons glo almal in dieselfde boek? Daar word gesê dat dit ’n kwessie van interpretasie is. As ons van die standpunt af uitgaan dat woorde betekenis het, soos die literêr, grammatiese beginsel van vertolking vir ons leer, behoort ons mos oor die meeste dinge saam te stem. Hierdie beginsel van interpretasie word algemeen toegepas wanneer enige ander boek gelees word; hoekom moet die woorde van die Bybel anders behandel word? As ons byvoorbeeld die boek Die Vreeslike Veertien lees, stem ons saam oor wat daarin staan. Hoekom moet die woorde van die Bybel anders behandel word? Ons erken dat die gedeeltes wat in simboliese taal geskryf is, probleme kan veroorsaak deurdat dit verskillend geïnterpreteer kan word. Die belangrikste leerstellings in die Nuwe Testament word egter nie op simboliek gebaseer nie, maar op duidelike lering in eenvoudige taal. Hierdie stelling word bevestig deur wat Paulus aan die Korintiërs skryf: “*In ons briewe skryf ons aan julle niks wat julle nie self kan lees en verstaan nie*” (2 Korintiërs 1:13). ’n Mens kom dus tot die slotsom dat die meeste verskille nie veroorsaak word deur teologiese interpretasie nie, maar deurdat Bybelse uitsprake nie as gesaghebbend beskou word nie. Ons sit dus nie soseer met ’n

teologiese probleem nie, maar grootliks met 'n gesagsprobleem – die gesag van die Woord word nie meer aanvaar nie!

Jesus het die Heilige Gees, die Gees van Waarheid genoem en het belowe dat wanneer Hy kom, Hy gelowiges in die volle waarheid sal inlei (Johannes 16:13). **Hieruit kan ons aflei dat een van die sekerste bewyse van gehoorsaamheid aan die Heilige Gees, vordering in Bybelse waarheid is.** Wanneer 'n persoon wedergebore raak en gehoorsaam is aan die leiding van die Heilige Gees, begin daar 'n proses – 'n proses van om in meer en meer waarheid ingelei te word. Aan gelowiges het Jesus gesê: *“As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak”* (Johannes 8:31-32).

Baie Christene kry nie oorwinning oor sekere probleme in hulle lewe nie omdat hulle ongehoorsaam is aan dit wat die Heilige Gees aan hulle openbaar – waarhede aangaande hulle self, waarhede oor ander en waarhede oor wat in die Woord staan. Dit gebeur baie dat 'n persoon met Bybelse waarheid gekonfronteer word en dan om verskeie redes, doen hy niks daaromtrent nie. Dikwels is dit omdat die waarheid met tradisionele dogmas en tradisies bots. Trots, vooroordeel en vrees vir die opinie van mense is groot struikelblokke op die pad van waarheid.

Die Morele Aspek van die Waarheid

Jesus het gesê dat as iemand regtig die wil van God wil doen, hy sal weet of sy leer van sy Vader af kom of nie (Johannes 7:17). Hy het ook verklaar: *“Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word”* (Matteus 5:6). Op grond van wat Jesus sê kan ons dus aflei dat as iemand regtig na waarheid soek, hy dit sal vind. Die groot probleem is egter dat, as gevolg van vooroordeel, daar nie

regtig na waarheid gesoek word nie. Baie vra soos Pilatus: *“Wat is die waarheid?”* (Johannes 18:38) sonder om eerlik daarna te smag. Johannes het nie die probleem gehad nie. Hy was so seker van dit wat hy geglo het, dat hy kon sê: *“Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei”* (1 Johannes 4:6). Paulus sê ook onvoorwaardelik: *“En wat julle van my geleer en ontvang het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees”* (Filipense 4:9).

Stem die dinge wat u en ek glo ooreen met wat Paulus gedoen en gesê het?

Die enigste manier wat ons geestelik gevoed kan word is deur die waarheid van God se Woord. Jesus het dit baie duidelik gestel: *“n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom”* (Matteus 4:4). Verder: ***“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk”*** (2 Timoteus 3:16-17, my beklemtoning). Vergelyk hierdie standpunt van die Skrif met wat vandag in sommige kerkkringe gebeur. In plaas daarvan om die Skrif te raadpleeg vir leiding, word daar nou konferensies gehou om te besluit hoe die Bybel geïnterpreteer kan word om menslike opinies en filosofieë te akkommodeer! Dikwels is mense ongehoorsaam aan die geskrewe Woord van die Here, nie omdat hulle nie verstaan nie, maar omdat iets anders meer invloed in hulle lewens uitoefen as wat die Skrif beveel. Jesus het dit so gestel: *“So ontnem julle die Woord van God sy gesag terwille van julle oorgelewerde gebruike”* (Matteus 15:6).

Gees

“God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid” (Johannes 4:24).

Die gees is daardie nie-stoflike gedeelte van die mens wat onafhanklik van die liggaam kan leef en wat hom in staat stel om met God te kommunikeer. In sy brief aan die Korintiërs verklaar Paulus dat die natuurlike mens, of anders gestel, die mens sonder die Heilige Gees, die dinge van die Gees van God nie aanvaar of verstaan nie (2 Korintiërs 2:14). Die Griekse woord, *psuchikoss*, wat as die natuurlike mens vertaal kan word, verwys na die mens se sielslewe. Dit is hierdie gedeelte van die mens wat volgens die Bybel die dinge van God nie kan verstaan nie.

Die Bybel leer dat gelowiges deur geloof moet leef. Bybelse geloof rus op wat deur die Woord van God verklaar word en is nie afhanklik van dit wat deur die vyf sinuïe waargeneem kan word nie. *“...ons lewe deur geloof, nie deur sien nie”* (2 Korintiërs 5:7). Die gees van die gelowige word deur die Heilige Gees deur middel van die Woord gevoed. Dit is hoekom Jesus gesê het dat die mens nie net van brood alleen kan lewe nie, maar van elke woord wat van God af kom. Dit is waarvoor Jesus gebid het; dat Sy volgelingen deur die waarheid van Sy Vader se Woord opgebou sal word (Johannes 17:17). In Sy alwysheid het God Sy wil in geskrewe vorm aan die mens bekend gemaak. Kennis van die Woord is dus baie belangrik vir geestelike groei. Aan die Sadduseërs is gesê: *“Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie”* (Matteus 22:29). Dieselfde gebeur vandag nog. As ons op ’n objektiewe wyse wil hoor wat God oor ’n sekere onderwerp te sê het, is ’n deeglike studie van die geskrewe Woord van God die logiese plek om te begin. As die gesag en

uitspraak van die geskrewe Woord van God nie aanvaar word nie, is daar geen ander objektiewe manier om geestelike waarheid te bepaal nie. Paulus het uitdruklik gewaarsku: “...om nie te dink bo wat geskrywe is nie” (1 Korintiërs 4:6, 1933/1957 vertaling).

Slotsom

Daar word vertel dat daar ’n herlewingsdiens in die kerk aan die gang is. As ons die situasie egter goed ontleed, sien ons dat dit in die meeste gevalle, wel ’n herlewingsdiens is, maar dat dit ’n herlewingsdiens van die sensuele is; ’n opgewondenheid oor dinge wat op die sielsvlak waargeneem kan word. Bybelse lering vorm gewoonlik maar ’n klein gedeelte van byeenkomste. Hierdie siening van sake word bevestig deur ’n gesprek waarin twee jongmense herlewingsdienste wat op ’n sekere plek gehou is, bespreek het. Die een jong man het die dienste as “awesome” beskryf. Toe hy gevra is wat hy met “awesome” bedoel, het hy begin vertel van die rook wat uit die platvorm borrel, van flitsende “moodlights” en die “fantastiese” atmosfeer. Verder het hy bygevoeg: “Soms is daar ook ’n goeie preek.”

Waar mense nie gevoed word met lering uit die Woord van God nie, maar vermaak word met sintuiglike sensasie, word geestelike onderskeiding heeltemal afgestomp. Dit lei uiteindelik tot ’n situasie waar daar nie meer onderskei kan word tussen dit wat vleeslik en dit wat geestelik is nie. Wanneer sintuiglike ervarings as die werking van die Heilige Gees vertolk word, word die deur wawyd oopgemaak vir ernstige misleiding.

Wat is die toppunt van sensuele ervaring? – om die seksdrang te bevredig. Kan dit miskien die rede wees hoekom ons van so baie gevalle van seksuele ontrouheid in die kerk hoor en

hoekom so baie Christelike huwelike op egskeidings uitloop? Wanneer die dors van die gees vervang word met die begeertes van die vlees, word “*Ek dors na God*” (Psalm 42:3), “*Ek dors na weelde, rykdom, plesier, seks en sukses.*”

OM GOD SE STEM TE HOOR EN SY WIL TE DOEN

Inleiding

Onlangs het die media baie publisiteit gegee aan die voorspellings van 'n man wat homself as 'n profeet van God voorgedoen het. Hy het in die Naam van die Here geprofeteer dat een van sy gemeentelede uit die dood sou opstaan. Op die aangewese tyd het niks gebeur nie! Wie se stem het hy gehoor?

Ek kan boeke vol skryf oor soortgelyke gevalle. Mense pak dinge aan omdat hulle dink hulle die stem van die Here hoor en raak ontnugter en verward as dit op 'n mislukking uitloop. Wat het hulle gehoor wat hulle so besiel het? Dit moet beklemtoon word dat dit nie mense se integriteit en goeie bedoelings is wat bevraagteken word nie, maar die onderliggende denkriegting wat daartoe lei dat hulle dink hulle van God hoor.

'n Bespreking van die Populêre Manier van hoe die “Stem” van God Gehoor word

Daar word gewoonlik geleer dat God 'n volmaakte wil en plan vir elke gelowige het. Omdat elke ernstige kind van die Here sy Hemelse Vader graag wil behaag is dit dus baie belangrik dat voordat besluite geneem word, daar in elke situasie eers uitgevind moet word wat God se wil is – soos wanneer daar byvoorbeeld besluit moet word om van werk te verander, watter kar gekoop moet word, met wie om te trou en waar om beleggings te maak. Deur na die populêre terminologie om ons te luister, kan daar afgelei word dat mense groot waarde aan die ervaring van innerlike indrukke heg en dat dit as die stem van die Here vertolk word. Ons hoor mos hoe praat die mense: “God het my gewys”, “Die Here het met my gepraat” en “Die Here sê...” Omdat gehoorsaamheid aan hierdie “stem” sulke ernstige gevolge kan hê, word ons verplig om dit ernstig te evalueer. In gehoorsaamheid aan hierdie “stem” het mense al byvoorbeeld hulle huise verkoop, van werk verander, groot bedrae geld weggegee, verkeerde beleggings gemaak, geprofeteer en selfs van hulle lewensmaats geskei. Is innerlike indrukke die gewone manier waardeur God met Sy kinders kommunikeer? Om te sê dat God deur innerlike indrukke met Sy kinders praat lewer verskeie probleme op waarna ernstig gekyk moet word.

Probleme met innerlike indrukke

1. Innerlike indrukke is subjektief

Dit is heeltemal normaal om innerlike indrukke te ervaar, maar dit is egter belangrik dat ons besef dat daar baie faktore is wat tot hulle vorming kan bydra. Die Heilige Gees kán innerlike indrukke beïnvloed, maar gewoonlik word hulle in die siel van die mens gevorm. Die groot gevaar bestaan daarin dat misleidende geeste ook 'n invloed kan uitoefen. Faktore soos

byvoorbeeld moegheid, ongesteldheid, medikasie, die kos wat jy geëet het, 'n hormoon wanbelans, ervarings, of selfs die weer, kan 'n groot rol speel in die vorming van innerlike indrukke in die gemoed van 'n persoon. Verder moet ons ook nog rekening hou met die invloed van boeke, video's, advertensies en die media. Die gelowige het nou die moeilike taak om die stem van die Heilige Gees tussen al hierdie invloede te onderskei. Wanneer dit by besluitneming kom, veroorsaak dit spanning, onsekerheid en verwarring. Hierdie metode is te subjektief en misleidend om aanvaar te word as die normale manier wat God met Sy kinders praat.

2. Innerlike indrukke is nie gesaghebbend nie

Deurdadig daar dikwels aangedring word dat innerlike indrukke eers bevestig moet word voordat dit as leiding aangeneem kan word, is 'n bewys dat hulle nie as gesaghebbend beskou word nie. Daar word geleer dat die "stem" deur verskeie ander faktore bevestig moet word. 'n Skrifgedeelte word gewoonlik eerste gesoek. Daarna word die goedkeuring van ander broers en susters as bevestiging gesoek. Om nog meer sekerheid te verkry, moet die omstandighede ook in plek val. As elkeen van hierdie faktore wat as bevestiging moet dien afsonderlik ontleed word, sien ons dat hulle almal ook subjektief is.

(i) Skrifgedeeltes

Datums word gewoonlik langs dié gedeeltes in die Bybel geskryf wat as bevestiging moet dien. In die meeste gevalle is dit positiewe versies wat voorspoed, geluk en gesondheid voorspel. Negatiewe versies word gewoonlik vermy. Mense hou nie daarvan om van vuur en swawel en mislukking te lees nie. Die subjektiewe invloed van 'n persoon se teologiese

agtergrond moet ook in gedagte gehou word wanneer dit by die lees van die Bybel kom. Ons dink hier aan die invloed van ’n denominasie, die Bybelskool wat bygewoon is en die invloed van die leraars onder wie se bediening gesit word. Populêre boeke speel ook ’n groot rol in wat mense glo. As jy kyk na al die soorte boeke wat in Christelike boekwinkels verkoop word dan sidder ’n mens as jy dink aan al die “stemme” wat daar uitroep. Vir ’n oningeligte Christen is dit ’n geestelike mynfeld!

(ii) Die bevestiging van die liggaam

Min mense is eerlik genoeg om die kritiek van ander persone wat van hulle verskil, ernstig op te neem. Ons luister graag na hulle wat net soos ons dink, maar wat van die kritiek van diegene wat nie met ons saamstem nie. Hulle kan miskien reg wees. ’n Wyse man het op ’n keer gesê: “As jy geld het vir net een koerant, maak seker dat jy die opposisie s’n koop.” Die feit dat sommige mense met my saamstem, is geen waarborg dat dit wat ek wil doen reg is nie.

(iii) Omstandighede

Ons kry baie voorbeelde in die Bybel van mense wat na hulle omstandighede gekyk het en dan verkeerde afleidings gemaak het. Een van die beste voorbeelde is die waarskuwing wat aan die kerk van Laodisea gerig word (Openbaring 3:17-18). Hulle het na hulle voorspoedige omstandighede gekyk en gedink dat dit met hulle goed gaan. Hulle is egter heeltemal daardeur mislei. In plaas daarvan dat hulle geseënd was, was hulle “...ellendig en beklaenswaardig... arm, blind en kaal.” **Christene moet daarteen waak om nie positiewe of negatiewe afleidings te maak na aanleiding van hulle**

omstandighede nie. Op hulle eie geneem sê hulle vir ons niks van geestelike realiteite nie.

Die bewoners van die eiland Malta was net so deur omstandighede bedrieg. Hulle was oortuig daarvan dat die gode teen Paulus was, want direk nadat hy amper verdrink het, word hy deur 'n giftige slang gepik. Toe hulle egter sien dat hy die slang in die vuur afskud en niks oorkom nie, verander hulle van mening en sê dat hy 'n god is! (Handelinge 28). Deur na die omstandighede te kyk, maak hulle tweekeer na mekaar verkeerde afleidings. Dit is nie God wat teen Paulus is nie en nog minder is hy 'n god.

Wat het ons uit hierdie bespreking geleer? As die elemente wat as bevestiging moet dien subjektief en onseker is, sal die “stem” wat dit bevestig ook subjektief en onseker wees. In plaas daarvan dat dit die saak vereenvoudig, maak dit die saak net meer ingewikkeld!

3. Het God 'n volwasse wil vir volwasse Christene en 'n onvolwasse wil vir onvolwasse Christene?

Onvolwasse Christene is geneig om meer onwyse besluite te neem as volwasse Christene. As innerlike indrukke die gewone manier was waardeur God Sy wil aan Sy kinders bekend maak, sou wysheid en volwassenheid nie so 'n belangrike rol in die besluitnemingsproses gespeel het nie. God se wil is volmaak, selfs as Hy dit aan 'n kind bekend maak. Wysheid, volwassenheid en bekwaamheid om te onderrig, is onder die eienskappe wat 'n persoon moet openbaar om as 'n ouderling in die gemeente erken te word (1 Timoteus 3). Die vermoë om mistieke indrukke of openbaring te ontvang tel nie onder die eienskappe wat vir ouderlingskap opgenoem word nie.

4. Gewone besluite en belangrike besluite

Ons neem elke dag honderde besluite in verband met alledaagse dinge deur van ons gesonde verstand (“common sense”) gebruik te maak. Ons hou byvoorbeeld stil en gooi brandstof in omdat ons sien dat die tenk se naald “leeg” wys. Waar trek ’n mens die lyn tussen klein, alledaagse besluite en groot, belangrike besluite? Op watter stadium hou ons verantwoordelikheid op om wyse besluite te neem, en op watter stadium moet ons wag vir ’n “stem” om ons te lei? Weereens spanning en onsekerheid.

5. Bybelse voorbeelde van leiding en innerlike indrukke

Innerlike indrukke kan nie op dieselfde vlak geplaas word as die meeste voorbeelde van goddelike leiding wat ons in die Bybel sien nie. In die Bybel word mense gelei deur engele, hoorbare stemme, visioene en ander bonatuurlike verskynsels. Terwyl innerlike indrukke ’n werklikheid van ons alledaagse bestaan vorm, verklaar die Skrif nie dat dit gesaghebbend is nie.

6. Vrede as ’n Teken in Besluitneming

Daar word nogal algemeen aanvaar dat as ’n gevoel van vrede ervaar word nadat ’n besluit geneem is, dit ’n teken van God se goedkeuring is. Kolossense 3:15 word as rede aangehaal van hoekom daar so geglo word. Ons moet daarop wys dat dít wat in die konteks van Kolossense 3 bespreek word, niks te doen het met innerlike indrukke of gevoelens nie; wat bespreek word is ’n lewe van geregtigheid en vreedsame naasbestaan in die liggaam van Christus. Die vrede waarna hier verwys word, het betrekking op onderlinge verhoudinge in die gemeente.

Is die ervaring van vrede altyd 'n teken van die leiding van die Heilige Gees of kan ander faktore daartoe bydra? Dit kan gebeur dat 'n persoon vrede ervaar omdat hy aangaande 'n bepaalde saak verkeerd geleer is. As kind het ek byvoorbeeld nooit vrede ervaar as ek op 'n Sondagmiddag wou gaan swem nie. Ek was onder die indruk dat dit die heilige Sabbatdag was. Onvolwassenheid en onkunde kan ook tot 'n valse gevoel van vrede bydra. Gevoelens, op hulle eie geneem, sê vir ons niks aangaande die leiding van die Heilige Gees nie. Dit is onwaarskynlik dat Paulus altyd vrede tydens al sy teëspoed ervaar het: steniging, houe, geseling, skipbreuke, valse broers, gevangenisstraf, drenkeling op die oop see, koue, honger en dors, besorgdheid oor die gemeentes...geen wonder hy praat van sy daaglikse “*bekommernisse*” nie! (2 Korintiërs 11:23-29). Ten spyte van al hierdie negatiewe gebeurtenisse het hy nooit getwyfel of hy die wil van God doen nie.

Innerlike indrukke en gevoelens, omdat hulle so subjektief is, kan nie as betroubare bewys van die leiding of goedkeuring van die Heilige Gees geneem word nie.

Wat van die “uitgooi van 'n vlies” om die wil van die Here te bepaal?

Omdat God almagtig is, kan Hy doen wat Hy wil. Hy kan dus enige vorm van leiding gebruik, daarom ook die metode van die “uitgooi van 'n vlies.” As ons egter na dié gedeelte in die Bybel kyk waaruit hierdie voorbeeld van leiding geneem word, sien ons dat ons nie 'n Skriftuurlike basis daarvoor het nie.

In Rigters 6:12 lees ons dat die Engel fisies aan Gideon verskyn het en die wil van die Here op 'n hoorbare wyse aan hom bekend gemaak het. Gideon het toe vir 'n teken gevra om God se wil te bevestig. Vuur het die vleis en brood wat Gideon op die klip geplaas het, verteer. Hy was toe nog nie tevrede nie

en het gevra dat die vlies wat hy uitgesit het, nat gedou moet word, terwyl die omliggende grond droog bly. Dit het gebeur. Gideon het nog getwyfel. Hy het weer 'n teken gevra; dié keer moes die grond nat dou en die vlies moes droog bly. God het weereens gedoen wat Gideon gevra het. As ons mooi na dié gedeelte kyk, sien ons dat Gideon dit nie gedoen het om leiding te verkry nie, maar vir bevestiging van wat die Engel alreeds aan hom bekend gemaak het. Dit was dus 'n teken van sy ongeloof. Hy het nie die woorde van die Engel wat die wil van God aan hom bekend gemaak het, vertrou nie.

Waarom lyk dit dan of hierdie metode soms goeie resultate oplewer? Omdat daar gewoonlik 'n beginsel van wysheid daarin ingebou is. Ek bepaal byvoorbeeld 'n goeie prys vir my motor, gooi dan 'n vlies uit en sê vir myself dat as ek die prys kry, sal ek weet ek moet verkoop. Vir die prys wat ek gestel het sal ek dom wees om nie te verkoop nie!

Wat van lootjies trek om die wil van die Here te bepaal?

Omdat die vroeë apostels lootjies getrek het om te bepaal wie in die plek van Judas aangestel moes word, is sommige van mening dat dit vandag nog as 'n metode van leiding gebruik kan word (Handelinge 1:21-26). Die konteks help ons weereens om te verstaan wat die apostels gedoen het. 'n Plaasvervanger vir Judas moes gekies word. 'n Vereiste is gestel; dit moes een wees wat van die begin van Jesus se bediening saam met Hom was. Twee manne wat hieraan voldoen het, is toe voorgestel. Dit lyk of hulle met enige een van die twee tevrede sou wees. Hier het ons te doen met 'n geval van gelyke opsies. Om hulle nie aan vooroordeel skuldig te maak nie, het hulle toe lootjies getrek. Dit is net in gevalle waar 'n mens met gelyke opsies gekonfronteer word, en waar

vooordeel uitgeskakel wil word, dat die trek van lootjies die wyse ding sou wees.

Slotsom

As innerlike indrukke altyd direk van God af kom om Sy wil aan ons bekend te maak, hoekom is dit dan nodig om bevestiging te verkry? Die feit dat bevestiging gesoek word bewys die subjektiwiteit van hierdie metode. Die mate van sukses wat hierdie metode oplewer is ook te laag en te wispelturig om te aanvaar as die algemene manier waardeur God Sy kinders lei. Hou ook in gedagte dat ons gewoonlik net van die suksesstories hoor, van al die mislukkings word gewoonlik min gesê. Verder weet ons dat ongelowiges ook soms op impulsiewe gedagtes (“hunches”) reageer en dat dit tot sukses kan lei. Ons moet eerlik erken dat impulsiewe gedagtes gewoonlik tot niks lei nie. Innerlike indrukke moet ten minste meer uniforme resultate oplewer voordat dit as die stem van God aanvaar kan word.

Kan u nou sien hoekom ’n mens so versigtig moet wees vir profesieë wat deur mense uitgespreek word! Hulle oorsprong is gewoonlik die subjektiewe innerlike van die mens. Dit is dan ook hoekom Paulus beveel: *“Wat die profete betref, twee of drie kan aan die woord kom, en die ander moet beoordeel wat hulle sê”* (1 Korintiërs 14:29). Dit bevestig maar net weereens die feit; innerlike indrukke is nie gesaghebbend nie. Wat is die alternatief? In plaas van om te vra hoe ons God se stem moet hoor, moet ons eerder vra hoe ons wyse besluite kan neem.

10

DIE WEG VAN WYSHEID

“Eet heuning, my seun, dit is lekker; die stroop is soet in jou mond. So maak die kennis, die wysheid ook; as jy dié gekry het, het jy ’n toekoms, en jou hoop sal jou nie ontnem word nie” (Spreuke 24:13-14).

“Wees baie versigtig hoe julle lewe; nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges...probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen” (Efesiërs 5:15-17).

“...laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is” (Romeine 12:2).

Wanneer ons oor die wil van God praat, moet ons onderskeid maak tussen God se soewereine wil en Sy morele wil.

1. Die Soewereine Wil van God

Daar is nie veel wat ons oor God se soewereine wil kan sê nie; omdat Hy almagtig is kan Hy doen net wat Hy wil, wanneer Hy wil, met wie Hy wil en soos Hy wil. Behalwe vir dié dinge wat Hy in Sy Woord aan ons bekend maak, is Sy soewereine

wil vir ons 'n geslote boek. Ons kan wel van die volgende paar dinge verseker wees:

(a) Volgens Sy standaard gemeet is Sy soewereine wil vir ons lewe die beste. In Romeine 8:28 lees ons dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

(b) Omdat Hy almagtig is, sal dit wat Hy besluit en beplan gebeur.

(c) Die hele spektrum van die bonatuurlike is in God se beheer. Hier dink ons aan dinge soos die werking van die gawes van die Heilige Gees, die bediening van engele, wonderwerke en genesings. 'n Ander aspek van God se soewereine wil wat ter wille van die onderwerp van bespreking beklemtoon moet word, is **spesiale leiding**. God praat vandag nog met mense op 'n bonatuurlike manier. Hy kan dit doen soos Hy wil; deur 'n hoorbare stem, deur 'n droom of visioen, deur tekens, of deur engele te stuur. Die Bybel is vol van sulke bonatuurlike manifestasies. Ons kan God vra om so met ons te praat, maar daar is egter niks wat jy en ek kan doen om dit te laat gebeur nie. Dit hang van God af of Hy dit wil doen of nie. Volgens wat gelowiges ervaar, lyk dit of hierdie tipe bonatuurlike kommunikasie relatief skaars is. Ons verwys hier nie na die “stem” van die Here wat ons “hoor” elke keer as ons die Bybel lees nie.

Die Weg van Wysheid neem ook die morele wil van God in aanmerking.

2. Die Morele Wil van God

Die morele wil van God word ten volle vir ons in die Bybel bekend gemaak. *“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek...”* (2 Timoteus 3:16).

Deel van die geestelike wapenrusting wat God ons vir beskerming gee, is die swaard van die Gees, Sy Woord (Efesiërs 6:10-18). Die Woord is noodsaaklik vir geestelike oorlewing, want die Bybel leer ons dat 'n mens nie van brood alleen kan lewe nie, *“maar van elke woord wat uit die mond van God kom”* (Matteus 4:4). Dit is onwys om na “stemme” te luister as jy nie weet wat die geskrewe “Stem” van God oor die saak te sê het nie. Paulus het hierdie skriftelike openbaring van God so ernstig opgeneem dat hy aan die Korintiërs gesê het: *“...om nie te dink bo wat geskrywe is nie...”* (1 Korintiërs 4:6, Ou 1933/1957 vertaling).

Ek word hier herinner aan 'n gesprek met 'n leier wat my gevra het hoekom ek nie met sekere manifestasies wat in sy dienste plaasvind, saamstem nie. Op my antwoord dat ons nie moet verder gaan as wat geskrywe is nie, het hy sarkasties gevra of dit dan sou beteken dat Christene ook nie apparate soos televisies, elektriese ketels en yskaste mag besit nie, want hulle word ook nie in die Skrif genoem nie. Hy was ernstig! My antwoord aan hom was dat ek dit moeilik vind om met iemand te redeneer wat nie die verskil tussen moderne elektriese apparate en geestelike waarheid ken nie.

God behandel Sy kinders nooit soos robotte nie. Die feit dat elke gelowige se werke eendag getoets gaan word, is bevestiging van die feit dat ons die verantwoordelikheid het om ons lewe volgens die morele wil van God te orden (Romeine 14:12, 1 Korintiërs 3:10-15). Die morele wil van God, wat een honderd persent vir ons in die Skrif bekend gemaak word, funksioneer soos die bakens wat die lewensredders op die strand inplant. Terwyl ons tussen die bakens bly, is ons veilig. Die lewensredders gee nie regtig om wat jy in die water doen nie; jy kan maar spat en speel en swem soos jy wil, solank jy net tussen die bakens bly. Vanaf hulle hoë sitplekke hou hulle die baaiers dop, sodra iemand dit

buitekant die bakens waag, waai hulle die arms en blaas hard op hulle fluitjies. Net so gee God ons die vryheid om binne die bakens van Sy morele wil ons lewens te beplan en uit te leef. Ek wil hier beklemtoon wat ek vroeër al genoem het. As jy seker is dat jy die stem van God deur **spesiale leiding** gehoor het, móét jy doen wat God jou beveel het. Prakties gesproke beteken dit dat as jy glo dat jy **bonatuurlike leiding** het om in Rusland te gaan sendingwerk doen, jy moet sorg dat jy daar uitkom en begin doen wat jy glo God jou beveel het. As jy nie sulke bonatuurlike leiding het nie, beteken dit nie dat jy nou niks het om vir die Here te doen nie. Sy morele wil, soos dit in die Woord bekend gemaak word, moet nog steeds in alles wat ons doen uitgeleef word. Die praktiese toepassing van die morele wil van God kan aan die hand van Matteus 28:19 verduidelik word: *“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”* As God nie op ’n bonatuurlike manier vir jou gesê het waar om dissipels te gaan maak nie, beteken dit nie dat hierdie bevel nie op jou van toepassing is nie. Jy kan gaan bly waar jy wil – in Matatiele, Pretoria of Kaapstad – solank jy, waar jy ook al gaan bly, Sy algemene wil uitvoer deur dissipels te maak en hulle God se Woord te leer.

Op ’n keer het ’n man my kom sien. Hy het gedink dit was God se wil vir hom en sy familie om oorsee te gaan sendingwerk doen. Op my vraag of hy spesiale leiding het, het hy my verbaas gevra wat dit is. Ek het nie gedink dat hy spesiale leiding het nie! Wanneer God op ’n bonatuurlike manier met jou praat om ’n sekere taak vir Hom te verrig, sal jy nie daarvoor wonder nie. Dit sal ’n onvergeetlike indruk op jou maak!

In Handeling 16 sien ons 'n goeie voorbeeld van spesiale leiding. Paulus en sy metgeselle was besig om te doen wat hulle geweet het God se algemene wil vir hulle lewens was – om die evangelie uit te dra. Nadat hulle 'n paar keer 'n verkeerde rigting ingeslaan het, het hulle deur 'n bonatuurlike gesig in die nag leiding gekry om na Masedonië toe te gaan. Dit was nie iets wat Paulus beplan of beheer oor gehad het nie. Dit was 'n bonatuurlike, soewereine ingryping van God waarop Paulus moes reageer.

Ter opsomming: **In die Woord vind ons bevele en beginsels wat vir ons rigting aandui. Wat nie-morele sake betref en waar God nie Sy wil deur spesiale leiding bekend gemaak het nie, is die gelowige vry om sy eie besluite te neem; besluite wat God sal verheerlik en tot geestelike verryking sal lei. Alhoewel ons die vryheid het om ons eie lewe te beplan, moet ons alles deur gebed aan God se soewereine wil onderwerp. Hy het die reg om in te meng net wanneer Hy wil.**

Bogenoemde beginsel word bevestig deur wat in Jakobus 4:13-17 geskrywe staan: *“Kom nou, julle wat sê: ‘Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak,’ Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! ...Julle moet eerder sê: ‘As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.’”* Dit is nie teen eie beplanning wat hier gewaarsku word nie, maar teen die feit dat God se soewereine wil nie in ag geneem word in dít wat beplan en gedoen word nie. Deur Sy morele wil uit te voer sal ons God in alles wat ons doen vereer. God se morele wil is die uitdrukking van Sy karakter. Deur die inwoning van die Heilige Gees gee Hy aan Sy kinders die vermoë om dit uit te leef en om meer en meer aan Sy Seun gelykvormig te word.

Watter rol speel die gewete?

Volgens Romeine 1:18-32 lyk dit of God aan elke mens 'n natuurlike vermoë gegee het om 'n bewustheid van Sy bestaan uit die natuur af te lei. Hierdie basiese vermoë, wat selfs die primitiefste stamme besit, behoort aan hulle die verskil tussen reg en verkeerd te leer. Ongelukkig word hierdie basiese bewustheid van die morele eienskappe van God se karakter onderdruk. Opvoeding speel 'n belangrike rol in die vorming van die gewete van die mens en in die geval van Christene, die lering wat hulle ontvang. Verkeerde lering gaan meer en meer 'n rol speel om mense op 'n dwaalspoor te bring. Paulus waarsku dat daar 'n tyd gaan kom wanneer baie Christene van die geloof afvallig gaan word en leerstellinge gaan navolg van mense wat deur demone beïnvloed is en wie se gewetes verhard is (1 Timoteus 4:1-2). Die gelowige se denke behoort deur die Woord beïnvloed en gevorm te word (Romeine 12:2). Hierdie beginsel word bevestig deur dit wat Jesus in Johannes 17:17 bid; Hy vra Sy Vader dat Sy volgelingen deur die waarheid van die Woord geheilig sal word.

Net soos enige ander vorm van leiding, moet die gewete ook aan die Woord onderwerp word om te bepaal of dit jou in die regte rigting stuur.

Wat van Romeine 8:14? – *“Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.”*

Hierdie versie gee geen aanduiding van die manier hoe gelowiges deur die Heilige Gees gelei word nie. As ons na die onmiddellike konteks kyk, sien ons dat 'n algemene morele lewenswyse bespreek word; die aflegging van die dade van die sondige natuur – die bespreking van Romeine 8 het niks te doen met besluitnemingsprosesse rakende spesifieke sake nie.

Wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is 'n lewe van geregtigheid. Daar is ook geen aanduiding dat daar na innerlike indrukke geluister moet word om uit te vind wat gedoen moet word nie.

Daar is ook geen aanduiding dat die “stem” wat in Jesaja 30:21 genoem word, 'n verwysing na innerlike indrukke is nie. In die konteks van die Ou Testament, mag dit 'n verwysing wees na die letterlike stem van die profete wat God gestuur het om met Sy mense te praat.

Godgegewe hulpmiddele wat ons kan help om wyse besluite te neem

1. Ons kan God vir wysheid vra, sodat ons die regte besluite kan neem (Jakobus 1:5).
2. Gesonde oordeelsvermoë (“common sense”) is 'n belangrike genadegawe wat ontwikkel namate die denke deur die Woord van God vernuwe word (Romeine 12:1-2). Om nugter en verstandig te kan dink, is so belangrik dat dit in 1 Timoteus 3:2 as een van die vereistes vir ouderlingskap gestel word.
3. Daar is wysheid te verkry in die raad van baie raadgewers (Sprenke 11:14). Omdat die raad van verskillende raadgewers van mekaar kan verskil, moet hulle aanbevelings ook getoets word.
4. Persoonlike begeertes. Begeertes is nie gesaghebbend nie en moet dus ook geëvalueer word. Wanneer die opsies gelyk is, kies dié een wat die meeste genot en vervulling sal verskaf.
5. Omstandighede. Omstandighede moet sorgvuldig oorweeg word, want dit kan waardevolle inligting voorsien wat ons kan help om wyse besluite te neem.

6. Innerlike indrukke. Innerlike indrukke moet in ag geneem word, maar daar moet onthou word dat hulle nie gesaghebbend is nie. Indrukke wat aan die vereistes van God se morele wil voldoen en wat die toets van wysheid slaag, mag gevolg word.

7. Ons mag God vra om ons bonatuurlike leiding te gee, of om ons besluite te bevestig, maar ons moet onthou dat ons hieroor geen beheer het nie.

Slotsom

As ons na die vroeë apostels se lewens kyk, sien ons dat hulle ontvanklik was vir bonatuurlike leiding, maar dit blyk ook dat hulle selfstandige besluite geneem het in hulle strewe na Goddelike doelstellings. Die terminologie wat dikwels in die Nuwe Testament gebruik word, illustreer die feit dat hulle die weg van wysheid moes gevolg het. Kyk na die volgende voorbeelde van hoe hulle gepraat en geskryf het: *“Toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons besluit om alleen in Athene agter te bly”* (1 Tess.3:1), *“Ek ag dit noodsaaklik...”* (Fil. 2:25), *“Die Heilige Gees en ons het besluit...”* (Hand.15:28). Baie ander voorbeelde kan aangehaal word. Ons kan gerus ook kyk na die manier waarop diakens in Handeling 6:2-6 aangestel is. Hulle moes wyse manne vol van die Heilige Gees kies. Hierdie voorstel het by almal byval gevind. Dit lyk nie of hulle gesit en wag het vir mistieke openbaringe om hulle in hulle keuses te lei nie.

Ons word dikwels gevra: “Luister julle nie na julle innerlike indrukke nie, of kyk julle nie na omstandighede nie?” Ons antwoord is: “Natuurlik neem ons ons innerlike indrukke in ag, en natuurlik kyk ons na omstandighede, maar nie om ons op ’n gesaghebbende manier te lei nie, maar om ons te help om

wyse besluite te neem.” Daar is ’n groot verskil tussen om toe te laat dat hierdie subjektiewe dinge jou slaafs lei en om dit as hulpmiddele te gebruik om jou te help om wyse besluite te neem. Die gelowige se doel is nie om ’n “perfekte wil” te vind voordat ’n besluit geneem kan word nie; sy belangrike verantwoordelikheid is om wyse besluite te neem wat God se Naam sal verheerlik en tot uitbreiding van Sy koninkryk sal lei.

11

OM TE OORDEEL

Inleiding

In ons bespreking van hierdie onderwerp sal ons weereens sien hoe verkeerde opinies gevorm word deur geïsoleerde versies aan te haal. Die wanbegrip dat die Bybel ons leer om nie te oordeel nie, veroorsaak dat baie gelowiges in die kerk mislei word. Hierdie verkeerde opvatting veroorsaak dat dwalinge soos masels in die moderne kerk versprei. In sommige kringe word die opinie van die individu so onderdruk dat geen meningsverskil of bespreking van Bybelse waarheid toegelaat word nie. As gevolg van die tradisionele opvatting dat die “gesalfdes van die Here” nie aangeraak mag word nie, verkeer baie gelowiges onder die indruk dat ’n groot oordeel op hulle wag indien hulle sou waag om ’n leier te kritiseer. Die gevolg is dat geestelike intimidasie en misleiding wyd verspreid in die kerk voorkom. Wie moet vir hierdie toestand verantwoordelik gehou word? Dit is die mense in die gemeentes wat blameer moet word, want dit is deur hulle liggelowige ondersteuning dat sulke gesagsfigure so ’n groot invloed onder die mense kan hê. Die Woord van die Here verklaar dat: “...*daar sal ’n tyd kom dat die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters*

bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor” (2 Timoteus 4:3, my beklemtoning).

Beoordeel of veroordeel?

Ons kry ’n beter begrip van hierdie onderwerp as ons na Paulus se lering aangaande die beoordeling van profete kyk. Paulus beveel dat die profete toegelaat moet word om te praat, maar waarsku dat die hoorders alles moet beoordeel wat hulle sê (1 Korintiërs 14:29). Hy maak dit baie duidelik dat die hoorders die verantwoordelikheid moet dra om te onderskei of wat hulle hoor, reg is. Om hierdie beginsel toe te pas beteken dat baie sprekers sal moet leer om hulle terminologie te verander. So dikwels hoor ons: “Die Here het vir my gesê...” of “Die Here het met my gepraat...” Soms hoor ons ook in die direkte rede: “Ek die Here julle God sê...” Hoe kan jy so ’n spreker beoordeel? Jy kan mos nie wat God sê oordeel nie! Baie gelowiges word hierdeur so geïntimideer en gemanipuleer dat hulle slaafs alles glo wat hulle lees en wat aan hulle verkondig word. Dit is dus duidelik dat hulle nog nie gehoor het dat die luisteraars die verantwoordelikheid het om alles wat gesê word, te beoordeel nie. Sprekers kan sê wat hulle op die hart het, maar hulle moet dit doen sonder om elke sin in die Naam van die Here te begin.

Om meer te verstaan wat die Skrif aangaande beoordeling leer, moet daar ’n verskil gemaak word tussen **karakter en lering**. Wanneer daar vrae gevra word ten opsigte van wat iemand verkondig, beteken dit nie dat die persoon se karakter aangeval word nie. Wat bevraagteken word, is of wat die persoon sê in ooreenstemming is met dít wat in die Skrif staan. Toe Jesus gesê het: “*Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie*” (Matteus 7:1) het Hy na skynheilige gedrag verwys. Dit is verkeerd om die gedrag van ander mense te veroordeel

terwyl ons self daaraan skuldig is. Dit was nie 'n sambreelstelling teen alle kritiese denke nie. Volgens Jesus moet jy jou eers self beoordeel en jou eie foute regmaak, voordat jy iemand anders kan help. *“Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal”* (Matteus 7:5).

Ek wonder wat die mense wat glo dat daar nie geoordeel mag word nie, met 1 Korintiërs 5:12-13 gaan doen? *“Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel, **maar julle moet oor julle eie mense oordeel...**”* (1 Korintiërs 5:12-13). Die direkte gevolg van die afwating van hierdie duidelike bevel in die Skrif is dat sonde en misleiding aanvaarbaar geword het in die liggaam van Christus.

Waarskuwings teen Valse Leraars, Verkeerde Doktrines en Misleiding

In die Woord word Satan as die groot versoeker en bedrieër van die wêreld beskryf. Hy voer oorlog teen Christus en teen Sy kerk. Die wêreld nader 'n tyd wat die Skrif as die laaste dae beskryf en ons word ernstig gewaarsku dat in dié tyd, meer as ooit voorheen, wêreldwye bedrog en misleiding onder die mense sal plaasvind. Johannes, die skrywer van die Boek Openbaring, verklaar dat die wêreld alreeds in die mag van die bose lê (1 Johannes 5:19). Alhoewel 'n persoon geestelik wederbaar is en in sy hart die wil van die Vader wil doen, is dit nog geen waarborg dat hy of sy nie mislei kan word nie. Die tragedie van misleiding is dat die misleide persoon die laaste een is wat uitvind dat hy mislei word.

Jesus het self teen valse leraars en profete gewaarsku en Sy volgelinge geleer hoe om hulle te herken sodat hulle geopenbaar kan word (Matteus 7:15-23). Paulus waarsku

ook: *"As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle"* (1 Korintiërs 3:17). Die Amplified Bible gee 'n vollediger betekenis: *"If any one does hurt to God's temple or corrupts it with false doctrines or destroys it, God will do hurt to him..."* Wat 'n ernstige waarskuwing! Vergelyk hierdie gesindheid ten opsigte van die waarheid van die Woord met die hedendaagse neiging, waar ter wille van "eenheid", jy maar kan glo wat jy wil. Hierdie verloëning van die waarheid hou ernstige gevolge in, want die Woord verklaar: *"Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam?... 'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg. Maar die man wat julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf"* (Galasiërs 5:7-10).

In Openbaring 2:2 word die gemeente in Efese deur die Here geprys omdat hulle dié wat hulle self apostels noem, ondersoek het en gevind het dat hulle vals was. Kan jy jouself indink, as ons in ag neem hoe min daar ag geslaan word op die waarskuwing in 1 Tessalonisense 5:21 om alles te toets, hoe hierdie valse apostels in die moderne kerk sou floreer het.

Wanneer is 'n persoon mislei? 'n Persoon is mislei wanneer hy die lering van die Woord hoor, maar dit nie doen nie (Jakobus 1:22). Ons bedrieg onself ook wanneer ons sê dat ons nie sonde doen nie (1 Johannes 1:8). As iemand homself verbeel hy is iets, terwyl hy niks is nie, bedrieg hy homself ook (Galasiërs 6:3). Iemand word ook bedrieg as hy dink dat hy volgens die maatstaf van die wêreld 'n wyse man is (1 Korintiërs 3:18). 'n Persoon is ook mislei as hy dink hy is godsdienstig, terwyl hy nie sy tong kan beheer nie (Jakobus 1:26). 'n Persoon bedrieg homself ook as hy dink dat sy dade nie gevolge gaan hê nie (Galasiërs 6:7).

Die magte van die bose pas dikwels hulle strategie aan en gee hulself voor as engele van die lig. Bedieninge en godsdienst-organisasies wat valse leringe verkondig, word deur die

liggelowigheid en onkunde van hulle aanhangers aan die gang gehou. Mense is huiwerig om pastore en predikante te kritiseer, want daar word vertel dat jy die gesalfdes van die Here nie mag aanraak nie. Jy mag dit ook nie in die publiek doen nie. Paulus het anders gedink. In sy tweede brief aan Timoteus noem hy openlik die name van Himeneus en Filetus wat valse lering verkondig. Hy waarsku dat dit wat hulle verkondig soos kanker onder die mense sal voortvreet (2 Timoteus 2:15-18). In gemeentes waar die bonatuurlike oorbeklemtoon word, bestaan die gevaar dat misleidende geeste hulle op die vervalsing van die werking van die Heilige Gees gaan toespits.

Die Toetsing van Geeste

In ons gewone Afrikaanse Bybel klink dit so eenvoudig om te toets of iemand die Gees van God het of nie. *“Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen...Hiëraan ken julle die Gees van God; elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is”* (1 Johannes 4:1-2). Ek het lank oor hierdie eenvoudige benadering gewonder. Baie kulte, valse leraars en valse profete erken tog ook dat Jesus as die Seun van God in die vlees gekom het. Tot die duiwels glo dat daar net een God is en dat Jesus Sy Seun is! (Jakobus 2:19). Wat was die dieperliggende betekenis verbonde aan hierdie simplistiese toets? Die Amplified Bible het vir my meer lig op die onderwerp gegee. Dit vertaal dieselfde stuk so: *“Beloved do not put faith in every spirit, but prove (test) the spirits to discover whether they proceed from God; for many false prophets have gone forth into the world. By this you may know (perceive and recognize) the Spirit of God: every spirit that acknowledges and confesses (the fact) that Jesus Christ, the*

Messiah, (actually) has become man and has come in the flesh is of God – has God for its source. And every spirit which does not acknowledge and confess that Jesus Christ has come in the flesh (but would annul, destroy, sever, disunite Him) is not of God...” (1 Johannes 4:1-3). Hier kry ons die voller betekenis van wat hierdie skrifgedeelte vir ons sê. Hoe kan die fisiese liggaam van Jesus vernietig of uitmekaar gesny word, soos dit in die Amplified Bible aan ons verduidelik word? Jesus sit tog aan die regterhand van die Vader waar niks en niemand Hom enige skade kan aandoen nie. Om dit te verstaan moet ons ’n bietjie wyer lees. Aan die begin was die Woord by God en die Woord wás God en die Woord het vlees geword en tussen die mense op aarde kom woon (Johannes 1:1-14). Hierdie Skrifwaarheid illustreer die eenheid wat daar tussen die Woord en Jesus bestaan – hulle is een. Die Woord is Jesus. Alhoewel daar aan die verheerlikte liggaam van Jesus geen skade gedoen kan word nie, kan die Woord wel verdraai, uitmekaar gesny en geneutraliseer word! Dus, hoe toets jy die gees van ’n mens? – jy konfronteer die persoon met die waarheid van die Woord van God en kyk wat hy of sy daarmee maak.

Lering wat nie deur die Gees van God geïnspireer is nie, sal altyd die gesag van die Skrif afbreek of verswak. Dit sal ook Skrifwaarhede verdraai of ignoreer en die opinies van mense of demone byvoeg.

Jesus het gesê dat ’n mens nie pêrels voor varke moet gooi nie, want hulle sal daarop trap. Ons weet tog dat Jesus hier nie van letterlike varke praat nie, maar van mense – sekere tipe mense wat die pêrels van die kosbare Woord van die Here verdraai en vertrap.

Dit moet weer beklemtoon word; die verdeeldheid en die onenigheid wat daar onder Christene bestaan, is nie soseer ’n teologiese probleem nie, maar ’n gesagsprobleem; baie mense aanvaar nie “*daar staan geskrywe*” as die laaste sê in die

oplossing van 'n meningsverskil nie (Matteus 4). Selfs Jesus het dit gebruik om die duiwel stil te maak. As “*daar staan geskrywe*” goed genoeg was vir die Seun van God, hoeveel te meer behoort dit ook vir ons goed genoeg te wees!

Slotsom

Ja, ons moet beoordeel, maar dit is belangrik om te onthou dat ons met onself moet begin. Die Woord maan ons: “*Let goed op jou lewe en jou leer...*” (1 Timoteus 4:16). Deur onderskeid te maak tussen lering en lewe, maak Paulus dit duidelik dat ten spyte van die feit dat 'n mens korrekte kennis van die Bybel kan hê, dit nie noodwendig beteken dat jy uitleef wat jy weet nie. Hierdie is 'n les wat veral deur 1 Korintiërs 13 beklemtoon word. Dit is moontlik om geloof te hê wat berge kan versit, wat die boodskap van die evangelie kan verkondig en om wonderwerke mee te doen, en dan nog liefdeloos teenoor ander mense op te tree. “*Al praat ek in die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword... Al het ek die gawe om God se boodskap te verkondig en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek die geloof om berge te versit, **maar ek het geen liefde nie**, dan is ek niks* (1 Korintiërs 13:1-2, my beklemtoning). Wat dikwels vergeet word om te beklemtoon, is dat die liefde waarvan hier gepraat word, nie net liefde vir ander mense is nie, maar ook 'n liefde vir waarheid insluit! 'n Gelowige wat gevul is met 'n Goddelike tipe liefde sal hom ook “*verheug... oor die waarheid*” (1 Korintiërs 13:6). In dieselfde mate as wat ons liefde vir mense beklemtoon, moet ons ook die waarheid van die Woord najaag. Gelukkig staan die Waarheid op sy eie bene en moet ons versigtig wees dat ons nie ophou om God se Woord te verkondig net omdat daar nog soveel gebreke in ons eie

karakters is nie. Ons is in die eerste plek kinders van die Here, nie omdat ons goed probeer lewe nie, maar omdat ons glo wat die Woord van die Here oor onself en oor Christus te sê het. Juis omdat ons besef dat ons sondig is en uit onself niks by God kan verdien nie, het ons 'n Saligmaker nodig om vir ons by die Vader in te tree. Laat ons ter wille van ons getuienis uitleef wat Jesus van ons verwag.

12

TEKENS EN WONDERWERKE

Deesdae stroom mense na plekke toe waar 'n mens hoor van die eienaardigste wonderwerke wat glo plaasvind. Daar word onder andere vertel van goudstof wat tydens dienste op mense neersif, van tande wat in goud verander en van mense wat “onder die krag” neerval. Ons weet dat God almagtig is en daarom word die feit dat God vandag nog wonderwerke doen nie betwyfel nie. Die vraag is egter nie of God nog wonderwerke kan doen nie, maar of dít wat op 'n spesifieke plek plaasvind van Hom afkomstig is. Hoe sal 'n mens weet? Die feit dat die Naam van Jesus vrylik op plekke gebruik word waar wonderwerke en tekens plaasvind is geen waarborg dat dit God is wat daar aan die werk is nie, want Jesus het gewaarsku dat baie valse profete sal kom en in Sy Naam sal profeteer en wonderwerke doen (Matteus 7:22-23).

Omdat die Skrif ons waarsku teen misleiding in hierdie verband, is dit noodsaaklik dat gelowiges leer hoe om self tussen die egte en die valse tekens te onderskei.

Hoe onderskei ons of iets van God afkomstig is?

Om net na tekens en wonderwerke te kyk is nie 'n getroue maatstaf waarmee 'n mens die oorsprong van bonatuurlike dinge kan bepaal nie. Wonderwerke en tekens kan deur bese

magte nagmaak word. Die enigste manier wat vertrou kan word, is om te luister of dit wat gepreek of geleer word ooreenstem met Bybelse waarheid. As wat verkondig word nie ooreenstem met wat daar in die Woord staan nie, kan 'n mens verseker wees dat dit nie deur God geïnspireer is nie, want God sal nie onwaarhede met wonderwerke bevestig nie. In Markus 16:20 lees ons: “...en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur wonderwerke wat daarop gevolg het.” As God wonderwerke sou doen op plekke waar Sy Woord verdraai of verkeerd verkondig word, sou dit beteken dat Hy 'n leuen bevestig. Om hierdie rede moet wonderwerke wat plaasvind op plekke waar die Woord van die Here op 'n onverantwoordelike manier hanteer word, met die grootste agterdog bejeën word.

Salwinge

Die Griekse woord *christos* waar ons woord “Christus” vandaan kom, beteken eintlik “die gesalfde een.” Hieruit kan ons aflei dat 'n valse *christos* nie noodwendig 'n antichrist beteken nie, maar dat dit eerder na iemand verwys met 'n valse “salwing.” Dit is waarteen Jesus gewaarsku het toe Hy gesê het dat daar in die laaste dae valse christusse en valse profete op die toneel sal verskyn wat in Sy Naam wonderwerke sal doen (Matteus 24:24). Dit is ontstellend om te sien hoe dieselfde mense oor en oor in dienste vorentoe stroom om spesiale salwinge van predikers te ontvang. In die Nuwe Testament lees ons van net een blywende salwing wat deur Jesus self aan sy kinders gegee word: “*Julle is egter deur Christus gesalf met die Heilige Gees...die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie*” (1 Johannes 2:20,27).

As die Skrif ons leer dat ons 'n blywende salwing in Christus het, wat anders het ons nodig? Gelowiges moet leer om vertrou te hê in dít wat die Skrif sê ons in Christus het. Dit is gevaarlik, veral vir jong oningeligte Christene, om toe te laat dat vreemdelinge hande op hulle lê, want vreemde magte kan moontlik deur hulle werk.

Slotsom

Omdat tekens, wonderwerke, manifestasies en liggaamlike sensasies aan die sintuiglike dimensie behoort en omdat hulle nagmaak kan word, kan hulle nie alleen as getroue tekens en bewyse van die werking van die Heilige Gees geneem word nie. Lewens word verander deur die waarheid van die Woord wat toegelaat word om die denke te verander. In plaas daarvan dat daar agter wonderwerke aan gehardloop word, moet gelowiges eerder *“soos pasgebore kindjies na die onvervalste melk van die woord”* verlang (1 Petrus 2:2, 1933/1957 vertaling).

13

WAARHEID WAT VERDRAAI WORD

Wat het Jesus gesê sal een van die belangrikste tekens wees van Sy koms en van die einde van die tyd? Sou dit 'n gebrek wees om liefde en eenheid in die wêreld te beklemtoon? Nee, want dit is die een kreet wat ons nou oral hoor – eenheid en liefde vir mekaar! **Misleiding** is die ding waarteen Jesus ernstig gewaarsku het. *“Pas op dat niemand julle mislei nie. Baie sal onder my Naam kom... en hulle sal baie mense mislei... In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat... Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei”* (Matteus 24:3-4, 10-11). Alhoewel daar 'n kreet uitgaan om mekaar lief te hê, sê Jesus dat as gevolg van 'n minagting van die Woord die meeste se liefde vir Hom en die waarheid sal afkoel (vers 12). Daar word nou al ervaar hoe Christene wat vir Bybelse waarheid staan gekritiseer en beskuldig word dat hulle onmin en onenigheid saai.

Satan word die vader van die leuen genoem en een van sy hoof doelstellings is om die waarheid te verdraai en mense te mislei. Dit het hy reg aan die begin gedoen en hy is nog steeds daarmee besig! Toe God Adam geskape het, het hy vir hom gesê: *“Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar*

van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie” (Genesis 2:16-17). God het gesien dat dit nie goed was vir Adam om alleen te wees nie en Hy het toe vir hom ’n maat in die vorm van ’n vrou gemaak. Dit is interessant om daarop te let dat Eva die een is wat deur Satan gekies is om mislei te word. Was dit omdat Eva nie teenwoordig was toe die bevel gegee is nie? Sy was toe nog nie geskape nie en moes by Adam van die verbod gehoor het. Soos Eva, maak baie Christene ook op hoorsê staat wanneer dit by geestelike dinge kom. Hulle lees nie die Bybel vir hulle self nie, maar maak staat op wat ander mense in boeke, preke en op TV sê. **As jy van ander mense afhanklik is vir tweedehandse kennis oor God en Sy Woord, word jy ’n maklike prooi vir Satan se misleiding.**

Die duiwel is slim en skelm, hy verander en verdraai God se Woord net so effentjies, maar met katastrofiese resultate. Aan Eva sê hy: *“Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”* (Genesis 3:1). Met opset haal hy God se woorde verkeerd aan! God het gesê dat hulle van **al** die bome, behalwe één, mag eet. Die duiwel verwar Eva deur God se woorde te verdraai en voor te gee dat dit onredelik van Hom is om te verwag dat hulle van **geeneen** van die bome in die tuin mag eet nie! (Genesis 3:1). Wat ontstellend is, is om te dink dat hierdie misleiding heel aan die begin van die skepping, kort nadat alles goed en reg geskape is, gebeur het. Hoe lyk die geestelike situasie nou na soveel duisend jaar se misleiding? Omdat misleiding van die begin af een van die duiwel se belangrikste strategieë was om verwarring te skep, sal dit die ernstige soeker na die waarheid loon om self in die Skrif na te gaan of die dinge wat tot dusver as vanselfsprekend aanvaar is, op die waarheid van God se Woord gebaseer is.

Vervolgens word ’n paar tradisies en leerstelings wat baie algemeen deur mense aanvaar word, vergelyk met dit wat in die Woord van die Here staan.

1. Tradisies

Daar is vandag meer as 20 000 Christelike denominasies in die wêreld en die meerderheid verklaar dat hulle die Bybel as grondslag gebruik vir wat hulle glo en doen. Tog vind 'n mens dat hulle doktrines soms radikaal van mekaar verskil. Hoekom al die verskille as hulle sê hulle gebruik almal dieselfde Bybel? God het Sy kerk geskryfte gegee om hulle te lei, nie om hulle te verwar nie. Die rede is voor die hand liggend. In plaas daarvan dat die Bybel self, versie vir versie bestudeer word, word boeke **oor** die Bybel bestudeer. Dit word bevestig deur te luister na die geestelike onderwerpe waaroor die meeste Christene gesels. In plaas daarvan om opgewonde te raak oor wat hulle self in die Bybel ontdek het, word daar vertel van wat hulle in 'n boek gelees of by iemand anders gehoor het. Tradisie beteken maar net om volgens hoorsê te gaan. Die meeste denominasies volg dogmas en leerstellings wat eeue gelede deur sogenaamde kerkvaders opgestel is. Alle tradisies is nie noodwendig verkeerd nie, maar hulle moet getoets word deur hulle aan die gesag van God se Woord te onderwerp. Die hele doel van hierdie boek is om sekere kerktradisies te neem en hulle te vergelyk met wat in die Woord van die Here geskrywe staan. Dit moet gedoen word, want Jesus het teen mensgemaakte tradisies gewaarsku: *“So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike”* (Matteus 15:6). Ten spyte van die vermaning: *“Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe”* (1 Petrus 3:15), kan baie lidmate nie die oorsprong van die leerstellings en rituele waarin hulle glo uit die Skrif verduidelik nie.

2. Valse leraars en profete

Die Skrif waarsku dat in die eindtye daar van die waarheid afgedwaal sal word. As daar in die apostels se tyd al gepraat is van die “laaste uur” en daar gewaarsku is teen die werking van antichriste (1 Johannes 2:18), hoeveel te meer is dit op ons van toepassing wat byna 2000 jaar later leef. Algaande word Christene gebreinspoel om deel te word van ’n gedagterigting wat al die gelowe van die wêreld aanneemlik sal maak. Wat op die oomblik in die kerk gebeur is lank terug deur Jesus voorspel toe Hy gewaarsku het dat valse profete en leraars sou verskyn wat baie mense sal mislei (Matteus 24:24). Die Skrif waarsku ons dat namate die einde nader geestelike misleiding so erg gaan word, dat wanneer Jesus terugkom aarde toe, ware Bybelse geloof baie skaars gaan wees – *“Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?”* (Lukas 18:8). Daar sal met Sy wederkoms wel ’n groot godsdiensherlewing aan die gang wees, maar dit sal ’n tipe sondaar-vriendelike evangelie verkondig wat mense van alle gelowe en oortuigings sal kan akkommodeer. Gelowiges word gewaarsku teen ’n vloedgolf Christelike boeke wat blitsverkopers is waarin “New Age” skrywers en filosowe en selfs ateïste aangehaal word om mense geestelik te motiveer. Die maatstaf vir evaluering is om versigtig te kyk hoe die Woord van die Here hanteer word.

As ’n voorbeeld kan ons die boek van Rick Warren, The Purpose Driven Life neem. Hierdie populêre boek wat deur duisende kerke en deur miljoene Christene wêreldwyd gebruik word as ’n “Bybelstudie” handleiding, moedig lesers aan om, teenstrydig met wat Jesus beveel (Matteus 5:34-37), verbonde met die skrywer, met hulle kerke en met hulle selgroepe te sluit (TPDL bl.13, 151, 167). Jesus verklaar uitdruklik dat jy dit nie moet doen nie en dat jou “ja”, “ja” moet wees en jou

“nee” “nee”- wat meer as dit is, “*kom van die bose.*” Elkeen van die agt Bybelse voorbeelde wat die skrywer op bladsy 10 gebruik om sy stelling te staaf dat God “**altyd**” 40 dae gebruik om mense se lewens te verander, is verkeerd en onwaar! Noag se lewe is byvoorbeeld nie deur veertig dae reën verander nie; voor die reën en die vloed begin het verklaar die Bybel dat hy “*onberispelik*” en “*’n regverdige man*” was en dat hy toé al vir mense gewaarsku het teen wat gaan gebeur (Genesis 6:9). Na die vloed kom hy uit die ark uit, word dronk en lê kaal voor sy kinders! Moses se lewe is ook nie in 40 dae op berg Sinai verander nie; By die brandende bos in die woestyn het sy ervaring met God al begin. Toe Moses van die berg afkom en sien wat die Israeliete aangevang het, het hy die tafels wat deur God self geskryf is, op die grond stukkend gegooi (Eksodus 32). Die twaalf spioene se lewens is ook nie na 40 dae in die Beloofde land verander nie; 10 het as ongelowiges teruggekom en net Kaleb en Josua is toegelaat om Kanaän in te gaan. Dawid se lewe is ook nie in ’n veertigdaagse konfrontasie met Goliat verander nie; was dit voor of na sy konfrontasie met Goliat dat hy owerspel met Batseba gepleeg het, en om dinge te vererger, haar man ook laat vermoor het? Elia het krag van ’n maaltyd gekry om ’n veertigdaagse reis af te lê; dit het niks met sy geestelike krag te doen gehad nie. Deur die Gees van God wat op hom gekom het kon hy die wonderwerke op die berg Karmel doen. Die Skrif word verder verdraai deurdat die skrywer verklaar dat Jesus Sy krag verkry het deur veertig dae se konfrontasie met Satan in die woestyn. Dit is nie waar nie. Jesus was vervul met die krag van die Heilige Gees toe Hy in die Jordaanrivier gedoop is. Hy kon die duiwel juis weerstaan omdat Hy die krag van die Heilige Gees gehad het en omdat Hy “*Daar staan geskrywe*” gebruik het. Die dissipels se lewens is verander deur die Heilige Gees wat in Handeling 2 op hulle neergekom het, nie omdat hulle 40

dae gewag het nie. As die veertig dae beginsel in nie een van bogenoemde gevalle waar is nie, hoekom gaan dit werk vir die mense wat Rick Warren se 40 dae kursus volg?

Rick Warren is diep beïnvloed deur die bekende “New Age” televisie prediker en skrywer, Robert Schuller. Rick Warren was eers ’n student en toe later ook ’n dosent by die Schuller Instituut. Die twee is intieme geesgenote. Robert Schuller verklaar in ’n onderhoud met Larry King dat een van sy grootste drome is om al die gelowe van die wêreld te verenig. Daarvoor het hy al verskeie onderhoude met die groot Muslim leier, die groot Mufti van Damaskus, gehad. Volgens Schuller het hy onmiddellik met dié leier van die Muslims ’n eenheid in die gees gevoel (“Larry King Live”, Kersfees, 1999. *The Berean Call*, Februarie, 2000) – eenheid van gees? – met iemand wat ’n god aanbid wat nie ’n seun het met die naam van Jesus nie? – met iemand wat nie erken dat Jesus God is nie? Robert Schuller se invloed word gesien in die tipe filosowe en skrywers wat Rick Warren in sy boek aanhaal, byvoorbeeld: Bertrand Russel, ateïs (bl.17); George Bernard Shaw, antiChristelike filosoof, lid van die Fabian Society wat ten doel gehad het om die wêreld in stadige stappe te verander, beïnvloed deur die anti-God filosoof, Nietzsche, wie se stellings ’n Hitler help vorm het! (bl.33); Bernie Siegel (bl.31), wat onder meditasie ’n gees ontmoet het wat hom nog steeds geestelik lei! Nog baie ander voorbeelde van misleiding kan gegee word, maar dit word aan die leser oorgelaat om self navorsing te doen (Verwys na die boek Deceived on Purpose deur Warren Smith). Vergelyk Paulus se gesindheid van as vleis eet sy broeder sal laat struikel, hy nie daaraan sal raak nie! (1 Korintiërs 8:13). Rick Warren huiwer nie om met ateïste, leiers wat met Muslim leiers konkel en met spiritiste, geassosieer te word nie! Hy haal hierdie mense aan sonder om

’n woord van hulle agtergrond aan sy lesers oor te dra. Klink dit na ’n herder wat die welsyn van die skape op die hart dra?

Verleidende geeste sal uit hulle pad gaan om persone wat betrokke is by die verkondiging van die Woord te beïnvloed sodat die waarheid verdraai kan word. Opregte gelowiges kan ook mislei word en die idee dat iemand reg moet wees net omdat hy so ’n heilige persoon is, is ’n misleiding opsigself. Die lewenstyl van ’n persoon is nie genoegsame waarborg vir die geloofwaardigheid van sy leerstellings nie. Dit is lering wat geëvalueer moet word, nie sy karakter nie. ’n Goeie persoon wat verkeerde doktrine verkondig is ’n beter instrument vir die verspreiding van ’n leuen as ’n persoon met ’n slegte reputasie. Die goeie persoon sal makliker deur mense geglo en vertrou word.

Hoe erken jy valse profete? – deur wat hulle verkondig te vergelyk met wat in die Woord staan. Dit is elke gelowige se plig om te waarsku as daar van Bybelse waarheid afgedwaal word. Paulus skryf aan Timoteus en moedig hom aan: *“...weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal ’n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend”* (2 Timoteus 4:2-4). Die Woord van die Here rig ’n ernstige waarskuwing aan diegene wat die liggaam van Christus met verkeerde leerstellings verlei. *“As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle”* (1 Korintiërs 3:17).

Wanneer daar van misleiding gepraat word, kan ’n mens nie help om te dink aan die invloed wat geld uitoefen nie. Omdat daar soveel professionele bedieninge bestaan waaruit mense ’n bestaan moet maak, en omdat groot gemeentes groot geld

verteenwoordig, kan 'n mens jou indink hoeveel tyd daar spandeer word om besoeker-vriendelike programme uit te dink. As daar gekyk word na die finansiële en materiële koninkryke wat opgebou word met die geld van liggelowige mense, dan wonder 'n mens of hulle al ooit Paulus se brief gelees het waarin hy sê dat hy nie die Woord van God gebruik om geld mee te maak nie (2 Korintiërs 2:17).

3. Verkeerde leringe en doktrines

Sommige onskriftuurlike doktrines wat miljoene mense oor die wêreld mislei, selfs tot op 'n punt waar mense se ewigheidsbestemming in gedrang kom, word so algemeen aanvaar dat 'n mens eintlik huiwerig is om iets daarteen te sê. Van dié wat alreeds in hierdie boek bespreek is, is tiendes, gesag en onderwerping, lofprysing en aanbidding, priesterfigure in die kerk, en die kerk wat soos 'n wêreldse organisasie bestuur word. Ander leringe wat bespreek moet word sluit in die bygeloof dat 'n mens 'n suigeling deur besprinkeling deel van die kerk kan maak, dat die doop sonde kan afwas, dat woorde skeppingskrag het, die selfbeeld-evangelie, visualisering, sekere vorms van innerlike genesing en die lering aangaande demone en mistieke geestelike oorlogsvoering.

Die Verbondsteologie en die Besprinkeling van Babatjies

Die Bybel leer ons dat God se genade in al sy vorme, deur geloof na ons toe vloei. *“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof”* (Efesiërs 2:8). In teenstelling hiermee leer die besprinkelingsteologie dat die doop krag het om sondes af te was, dat dit nodig is vir saligheid en dat dit 'n persoon in die kerk inlyf. Dit is veral tragies dat wanneer jy met sommige

lidmate praat, jy uitvind dat hulle na jare in hulle kerk nog nie weet wat die amptelike leerstelling van die institusie is waaraan hulle behoort nie. Om dit vir hulle te bewys moet jy eers vir hulle uit hulle amptelike dokumente aanhaal. Om ons standpunt in verband met die besprinkeling van suigelinge te bewys haal ons uit Dave Hunt se The Berean Call van Februarie 1990, aan. Hy kwoteer uit verskeie kategismusse en geloofsformuliere; Vatican II van die Rooms Katolieke Kerk verklaar die volgende: *“By baptism men and woman are cleansed from original sin and from all personal sins, they are born again as children of God...”* (Vatican Council II, Costello Publishing, Vol.2, bladsy 391);

“Baptism is also to be given to infants...(that) they may be born of water and the Holy Spirit to divine life in Christ Jesus” (Vol.2. bladsy 391). Uit Luther se Small Catechism haal hy die volgende aan: *“Holy Baptism is the only means whereby infants...can ordinarily be regenerated....it works forgiveness of sins... delivers from death and the devil and gives eternal salvation...”* Uit die Nederlandse Geloofsbelijdenis haal ons die volgende aan: *“Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees...”* (Artikel 34).

Uit Bevrydende Waarhede – Oor die karakter van die gereformeerde belydenis (bl.52) geskryf deur Dr.W.D. Jonker, haal ek die volgende oor die suigelingsdoop aan: *“Die doop word dus verstaan as teken en seël van Gods genadeverbond. Dit betuig en beseël wat die bloed en die Gees van Christus inwendig in die gedoopte doen: die reiniging van sondes en die wedergeboorte....Die doop doen aan die kindertjies dieselfde wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het”* (My beklemtoning).

As alles wat hierbo geskrywe staan, waar moet wees, as antwoord op die vraag: “Wat moet ek doen om gered te word?” hoef ons dan net te antwoord: “Laat jou doop of besprinkel”.

Op die vraag van die Etiopiër: “*Hier is water. Wat verhoed my om gedoop te word?*” (Handelinge 8:36), antwoord Filippus: “*As u glo met u hele hart, is dit geoorloof*” (Handelinge 8:37, 1933/1957 vertaling). Hierdie beginsel word in Handelinge 2:41 bevestig: “*Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop...*” In Handelinge 8:12 lees ons: “*Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.*” Toe die bewaarder Paulus en Silas vra wat hy moet doen om gered te word, was hul antwoord steeds dieselfde: “*Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin*” (Handelinge 16:30-31). Sommige redeneer dat omdat hele huisgesinne gedoop is, dit babas moes ingesluit het. As daar na die konteks gekyk word sien ons dat: “*...die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis...*” verkondig is (vers 32). Vers 34 beskryf dan: “*Hy en sy hele huisgesin was vol blydschap omdat hulle nou in God geglo het*” (Handelinge 16:32-34, my beklemtoning). As, volgens sommige se redenasie, die huisgesin ook suigeling ingesluit het, beteken dit dat die babas ook die Woord verstaan en aangeneem het en dat hulle daarna ook vol blydschap was! ’n Huisgesin hoef nie noodwendig babatjies te hê nie. In my familie is daar op die oomblik, byvoorbeeld, geen suigeling nie, die jongste is negentien jaar oud. In Handelinge 18 word daar weer melding gemaak van ’n hele huisgesin wat tot geloof gekom het. “*Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin het tot geloof in die Here gekom. Ook baie ander mense in Korinte wat die boodskap gehoor het, het gelowig geword en is*

gedoop” (Handelinge 18:8, my beklemtoning). Daar kan aangeneem word dat Krispus heel waarskynlik nie meer ’n jong man was nie, want hy was hoof van die sinagoge. Hieruit kan ons aflei dat al die lede van sy familie redelik volwasse moes gewees het. Hoe dit ook al sy, die beginsel kom weer baie duidelik na vore – mense het die boodskap gehoor, dit geglo, en is daarna gedoop.

Dit is eienaardig dat soveel eenvoudige beginsels in die Nuwe Testament geïgnoreer word en ’n ingewikkelde doktrine geformuleer word deur gebruik te maak van Ou Testamentiese verbondsteologie. Die bevel van Jesus het vandag nog betrekking: *“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het”* (Matteus 28:19-20).

As daar geglo word dat die suigelingsdoop, of enige ander vorm van doop, mense kan red of deel van die kerk maak, dan word die kerk ’n instrument waardeur saligheid op ’n uiterlike manier aan mense oorgedra kan word. So word dit dan ook in sommige geloofsbelydenisse gestel. Hier verwys ons weereens na die Februarie 1990 uitgawe van Dave Hunt se Berean Call waarin hy uit die Vatican Council Vol. I, bladsye 365-366, aanhaal: *“men enter through baptism as through a door.”* In Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die volgende oor die kerkorganisasie gesê: *“Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering ’n versameling is van dié wat salig word en daarbuite geen saligheid is nie...dat...almal verplig is om hulle daarby aan te sluit...”* Dus is saligheid nie deur Christus nie, maar deur die kerk. Dit is dan ook geen wonder dat wanneer jy met sommige mense oor wedergeboorte praat, hulle met “Ek het my kerk” reageer nie. Om saligheid deur die doop, of deur enige ander fisiese daad aan te bied, is ’n ernstige

afdwaling van Nuwe Testamentiese waarheid wat die ewige bestemming van siele in gevaar stel.

Voorstanders van die besprinkeling van suigelinge redeneer dat die verbond wat God met Abraham gemaak het, ook op die kerk betrekking het. In plaas daarvan dat babatjies besny word, word hulle nou besprinkel om sodoende van hulle verbondskinders te maak. Alhoewel nie een enkele logiese Skrif ter staving aangehaal kan word nie, verklaar hulle geloofsbelydenis dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Sommige gaan ook so ver om te verklaar dat die kerk nou ook die plek van Israel ingeneem het en dat al die beloftes aangaande die Jode, nou op die kerk betrekking het. Wat in aanmerking geneem moet word, is die feit dat in Jesus Christus, die beloftes aan Abraham tot vervulling gekom het. Deur geloof in Jesus word beide Jood en heiden deel van die Nuwe Testament. Niemand kan deel hê aan die Nuwe Testament deur enige uiterlike daad nie; dit kan net gebeur deur 'n persoonlike geloof en oorgawe aan Jesus Christus. Hiervan sal elke gelowige 'n persoonlik getuienis in sy hart hê.

Onvoorwaardelike Uitverkiesing

Die doktrine van onvoorwaardelike uitverkiesing is gebaseer op wat byna vier honderd jaar gelede, in 1618 in die Hollandse stad Dordrecht, geformuleer is. Die doel van die vergadering was om 'n geloofsbelydenis te formuleer wat wal moes gooi teen die groeiende weerstand teen die leerstellings van Johannes Calvyn.

Onder punt nommer sewe van die Dortse Leerreëls word die uitverkiesingsleer so verduidelik: *“Hierdie uitverkiesing is 'n onvoorwaardelike voorneme van God, waardeur Hy voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies het, alhoewel hulle nie*

beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê.”

Hand aan hand met die besprinkelingsteologie en die uitverkiesingsleer, loop die lering dat die mens nie ’n vrye wil het nie. Daar word geglo dat die mens vir homself niks kan doen nie. As daar mooi gekyk word na die aanhaling uit die Dortse Leerreëls, sal gesien word dat volgens hierdie leerstelling, dié wat nie deur God uitverkies is nie, vir ’n ewige verdoemenis bestem is. Nie dié wat tot saligheid uitverkies is of dié wat tot die hel verdoem word, het enige sê in hulle lot nie. Alles geskied volgens die soewereine wil van God. As jy nie deur God uitverkies is nie, kan jy niks aan die saak doen nie. Daar word geglo dat elkeen se bestemming vooraf deur God bepaal word. Die logiese gevolgtrekking van hierdie tipe redenasie is dat God die stigter van sonde en rebellie teen Homself is! Om te illustreer wat die logiese uitvloeisel van die uitverkiesingsleer behels haal ons aan uit die Beeld van 16 Oktober 2002 (bl.8) waarin verslag gelewer word oor die NG Kerk se algemene sinode van 2002: *“Algemene kerktaal soos dat iemand hom moet bekeer om gered te word, of haar hart vir Jesus moet gee, kan ernstige dwaling bevat. Die algemene sinode het ’n verslag aanvaar wat waarsku teen taal wat die indruk kan wek dat ’n mens self bydra tot sy of haar redding. Die suiwer leer is dat die redding alleen uit God se genade gebeur. Ander frases wat ’n dwaling kan bevat, is die ‘weg van saligheid’ wat impliseer dat ’n mens sekere stappe moet doen om gered te word, en selfs die siening dat ‘jy moet glo’ om gered te word”* (www.koerantargiewe.media24.com).

’n Logiese afleiding wat gemaak kan word deur te kyk na wat op hierdie sinodesitting bespreek is, is dat bekering en geloof as menslike dade nie nodig is om gered te word nie!

Omdat mense se ewigheidsbestemming op die spel is, is dit noodsaaklik dat hierdie gevaarlike leerstelling vergelyk word

met wat in die Skrif geskrywe staan. Dwarsdeur die Skrif sien ons hoedat mense in situasies beland waar God van hulle verwag om hulle eie morele besluite te neem. Neem Adam en Eva as 'n voorbeeld. God gee aan hulle 'n bevel; van al die bome mag hulle eet, behalwe van 'n spesifieke een. As hulle nie 'n vrye wil gehad het nie, hoekom word daar vir hulle 'n bevel gegee wat hulle moes gehoorsaam. Hoe kan iemand geoordeel en gestraf word vir iets waarvoor hulle buitendien geen beheer het nie? As ons geen beheer het oor die morele besluite wat ons moet neem nie, en alles wat ons moet doen vooraf deur God bestem is, hoekom moet ons eendag voor die regterstoel van Christus verskyn om verslag te doen van al ons dade? *“Ons moet egter almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad”* (2 Korintiërs 5:10). In Deuteronomium 30:19 word die volk van die Here ook voor 'n keuse gestel: *“Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe sodat jy en jou nageslag kan lewe.”* In Lukas 13:34 roep Jesus oor Jerusalem uit: *“Jerusalem, Jerusalem...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, **maar julle wou nie**”* (my beklemtoning). Die laaste hoofstuk in die Bybel eindig met hierdie uitnodiging: *“Die Gees en die bruid sê: ‘kom!’ ...elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet”* (Openbaring 22:17). Hierdie is maar 'n paar voorbeelde wat uit die Bybel aangehaal word om te bewys dat daar van mense verwag word om morele keuses te maak.

Dit verbaas 'n mens om te hoor dat sommige mense verklaar dat die uitverkiesingsleer en die leer aangaande die kinderdoop, die enigste teologie van die Hervorming was. Dit is nog meer verstommend om te hoor dat baie mense nog nooit van die

radikale vleuel van die Hervorming gehoor het nie. As u meer van hierdie onderwerp wil weet, kan u na 'n biblioteek of na die internet gaan en self oplees aangaande die vervolging van gelowiges, nie net deur die Rooms Katolieke Kerk nie, maar ook deur Calviniste en Lutherane. Dit omdat die Ana-baptiste, of die “wederdopers”, soos daar met minagting na hulle verwys is, nie met die leerstellings van Calvyn, Luther en die Roomse kerk saamgestem het nie. Die periode om en by 1529 word deur sommige geskiedskrywers beskryf as van die donkerste tye van die Hervorming. Die Ana-baptiste wat nie met die Roomse kerk, die Calviniste en die Lutherane oor die lering omtrent die doop saamgestem het nie, is as ketters verklaar. Eers is die “wederdopers” net boetes opgelê of in die tronk gegooi. Later is sommige van hulle as ketters tot die dood veroordeel; Leiers soos Mantz en Blaurock is tereggestel (Mantz is verdrink in die Limmatrix). In 1528 is 'n amptelike edik uitgeryk wat verklaar het dat alle Ana-baptiste met die dood strafbaar was! Dit is skokkend om te lees hoe hulle gepoog het om hulle teologiese siening voor te lê vir bespreking en hoe daar geweier is om na hulle te luister! Gedurende die tyd van die Hervorming het hulle 'n verskriklike tyd van vervolging deurgemaak. Ons lees hoe hulle uit hulle huise uitgeskop is, hoe hulle eiendom gekonfiskeer is en hoe hulle uit hulle vaderland verban is. Baie is met die swaard doodgemaak, ander is op vuurstepels verbrand terwyl ander verdrink is. Die geskiedkundige, Günther S. Wegener, haal uit 'n brief, gedateer 19 Augustus 1544, aan wat Landgraaf Philip van Hesse aan die keurvors van Sakse geskryf het. Die landgraaf kla daarin dat vir elke “fanatikus” wat tereggestel word, twintig ander mense sy geloof aanneem, gemotiveer deur die manier waarop hy sterwe (Die Lewende Kerk, bladsy 174-180).

Calvyn het sy godsdienstige idees deur wette op die mense van Genève afdwing en oortredings is met tronkstraf, lyfstraf, verbannings en verbranding op die vuurstapel gestraf! Calvinisme het versprei en 'n groot invloed, veral op die lande van Wes-Europa, uitgeoefen. In baie lande is dit as die godsdiens van die staat aanvaar. Ook in Suid-Afrika het dit 'n groot rol gespeel. Waar wettiese godsdiens en politieke mag in dieselfde hande beland, kan die gesindheid teenoor dié wat daarmee verskil, soms uitermatig vyandiggesind en wreed raak. Gedurende die Hervorming is vervolging in die Naam van die Here uitgevoer! Vandag nog, alhoewel daar godsdiensvryheid bestaan, word dié wat dieselfde Bybelse beginsels as die Anabaptiste aanhang, nog steeds deur sommige mense wat deur Calvinisme beïnvloed is, as sektes en “wederdopers” gebrandmerk.

Alhoewel dit uit die Skrif baie duidelik is dat 'n mens alleen deur die genade van die Here gered kan word, word dit net so duidelik gestel dat as gevolg van Sy groot liefde vir sondears, Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie (1 Timoteus 2:4). Teenstrydig met die Uitverkiesingsleer wat verklaar dat net 'n selektiewe groepie gekies word om gered te word, sê die Woord van die Here dat God wil hê “*dat alle mense gered word en tot 'n kennis van die waarheid kom*” (1 Timoteus 2:4, my beklemtoning). Ten spyte van wat die Bybel so duidelik verklaar, leer Calvinisme dat Jesus se uitnodiging aan “*almal*” wat vermoed en belas is, net betrekking het op 'n uitverkore groepie bevoorregtes. As Jesus weet dat Sy Vader net 'n beperkte groep mense wil red, waarom nooi Hy dan almal om na Hom toe te kom? Daardeur sou Hy mense valse hoop gee. Om te probeer verduidelik dat die “*almal*” in die Skrif net 'n beperkte aantal beteken, is om die eenvoudige betekenis van woorde te ignoreer.

Volgens die ou vertaling van die Afrikaanse Bybel word daar in Romeine 8:29 en in 1 Petrus 1:2 verklaar dat uitverkiesing geskied volgens die voorkennis van God. Eenvoudiger gestel beteken dit maar net dat omdat God buitekant tyd bestaan (Hy het tyd gemaak), kan Hy jou geboorte en jou dood op dieselfde oomblik sien en daarom weet Hy wat elkeen gaan besluit. Om voorkennis te hê beteken nie dieselfde as om vooraf te beskik nie. As dit kom by die verwerping van die genade van God wat in Jesus Christus vir alle mense beskikbaar is, kan niemand God se voorkennis as verskoning aanbied nie, want dit is 'n geheim wat God vir Homself hou. God se voorkennis kan dus geen rol speel in wat 'n persoon gaan besluit nie. Alhoewel God vooraf weet wat elke mens gaan besluit, beteken dit egter nie dat Hy gaan inmeng om iemand se wil te dwing nie.

Die Skrif verklaar dat ongelowiges “...se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie” (2 Korintiërs 4:4). Volgens hierdie vers en teenstrydig met wat die uitverkiesingsleer verkondig, is dit nie God se soewereine wil wat verhoed dat mense gered word nie, maar is dit die gevolg van die invloed van Sataniese misleiding. Dit is die vernietiging van hierdie verkeerde denkrigtings waaroor die stryd om siele eintlik gaan. “Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word” (2 Korintiërs 10:4-5). As alles vooraf deur God gepredestineer is in terme van wie gered en wie verlore moet gaan, en dat die mens of Satan niks aan die saak kan doen nie, waarom dan al die konflik?

As daar iets soos onweerstaanbare genade was, hoekom sou dit vir Satan nodig wees om mense vir die waarheid van die

evangelie te verblind? As die doktrine van die uitverkiesing die waarheid was, sou dit ook nie vir Satan nodig wees om met sy misleiding van mense voort te gaan nie, want hulle sou alreeds deur God self tot die ewige vuur verdoem gewees het. Daar sou dan nie vir Satan werk op aarde wees nie!

Die ingewikkelde manier waarop hierdie leer aan mense verduidelik word, veroorsaak dat daar by baie onsekerheid oor hulle saligheid bestaan. Die Bybel, daarenteen, stel dit tog so duidelik: *“Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het...”* (1 Johannes 5:13).

Baie lidmate word verwar deur die feit dat daar na hulle verwys word as die “verbondsvolk.” Van watter verbond word gepraat? By watter verbond word ’n persoon ingelyf wanneer hy as ’n babatjie besprinkel word; die Ou verbond wat God met Abraham gesluit het of by die Nuwe Testament? Ons het alreeds verduidelik dat ’n persoon net deur persoonlike bekering en wedergeboorte, deur geloof, deel kan hê aan die seëninge van die Nuwe Testament. As daar geglo word dat ’n persoon deur die suigelingsdoop deel gemaak word van die ou verbond met Abraham, waar pas die Nuwe Testament dan in? Onlosmaakbaar verbonde aan die verbond wat God met Abraham gemaak het, was die Beloofde Land (Genesis 17). Moet daar pogings aangewend word deur die “verbondsvolk” om daarheen te trek?

Daar word geredeneer dat al die beloftes aan Abraham in Jesus Christus vervul is. Die mense wat so redeneer is heeltemal reg! Dit is presies wat die skrywe van hierdie boek aan mense wil oordra! Hoekom onderwerp gelowige ouers hulle babatjies dan nog aan beginsels wat gebaseer word op die ou verbond met Abraham? Ten spyte van die feit dat volwassenes as babatjies besprinkel is, en ten spyte van wat op sinodesittings besluit is, moet elke mens nog steeds deur ’n persoonlike oorgawe aan

Jesus tot bekering kom om sodoende deel van die ewige lewe te kan hê.

Predikante soos Dr. W.D. Jonker wat die belydenisskrifte waaruit daar in hierdie hoofstuk aangehaal word, onderskryf, was deel van 'n afvaardiging wat op die Rustenburgse beraad publieke belydenis gedoen het van die sonde van apartheid. Deur hierdie publieke belydenis het hulle dus erken dat hulle kerk 'n fout gemaak het met die interpretasie van die Skrif ten opsigte van die apartheidbeleid van die destydse regering. As die teoloë en predikante, volgens hulle eie belydenis, vir soveel jare hulle lidmate mislei het ten opsigte van 'n politieke beleid wat die lewens van miljoene Suid-Afrikaners beïnvloed het, dan moet al die ander belydenisskrifte wat hulle vir hulle mense voorhou, ook mos met 'n groot vergrootglas ondersoek word! En dit is presies wat in hierdie afdeling van hierdie hoofstuk gedoen is.

Manipulasie van gedagtes en die Geloof in die Skeppingskrag van Woorde

Boeke wat mense beginsels leer hoe om van al hulle probleme ontslae te raak deur hulle gedagtes te beheer (“mind science”), is vandag baie populêr. Dieselfde beginsels, geklee in Christelike terminologie, is vrylik in Christelike boekwinkels te koop. Hoe vergelyk hierdie beginsels met wat in die Bybel verkondig word?

In plaas daarvan dat mense geleer word om geloof **in** God te hê, word daar nou aan mense vertel dat geloof 'n krag of 'n energie binne-in die mens is wat deur die toepassing van sekere formules ontwikkel kan word en wat **tot** God gerig kan word. Van hierdie formules of tegnieke sluit die wanopvatting in dat woorde skeppende krag het en dat alles wat 'n mens in geloof kan visualiseer, waar kan word.

’n Persoon wat glo dat God moet reageer omdat hy die regte tegniek of formule toepas, is besig om God te probeer manipuleer. Markus 11:23, wat sê: *“Elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jou op en val in die see,’ en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur”*, word gewoonlik aangehaal as bewys dat die Bybel leer dat woorde skeppende krag het. Daar word vergeet om die klem op vers 22, wat sê: *“Julle moet geloof in God hê”*, te plaas. Die klem van hierdie versies is nie op die feit dat ons woorde krag het nie, maar op die feit dat ons geloof **in God** moet hê en dat Hy almagtig is. Daar word ook geleer dat God woorde gebruik het om die wêreld te skape. Dit moet weer beklemtoon word, dit is nie omdat woorde inherente krag het dat die wêreld tot stand gekom het nie, maar omdat dit **God** was wat die woorde gespreek het. Spreuke 18:21, *“Die tong het mag oor die dood en lewe”* is ’n ander versie wat aangehaal word om te wys watter krag woorde het. As hierdie versie in konteks gelees word, verstaan jy eintlik eers wat bedoel word. Saam met ander gedeeltes wat op dieselfde onderwerp betrekking het, sal daar gesien word dat die Bybel verklaar dat ’n mens se woorde jou gesindheid ten opsigte van die lewe en teenoor ander mense uitdruk. Dit is weereens nie die woorde wat op hulle eie die inherente krag het nie, maar die gesindheid van die persoon wat hulle gebruik. Dit word in die wyere konteks bevestig deur Spreuke 17:22: *“’n Vrolike mens is ’n gesonde mens, ’n neerslagtige mens word uitgeput.”* Jesus het geleer dat die dinge wat uit die hart van die mens kom, hom rein of onrein, maak (Matteus 15:18). Ons weet watter skade deur die woorde van ’n negatiewe skindertong aangerig kan word. Dit is die negatiewe gees van die persoon wat deur die woorde uitgedruk word. Wanneer Jakobus waarsku dat die tong ’n *“rustelose kwaad, vol dodelike gif”* is, praat hy van die tong wat van ander mense kwaad praat (Jakobus 3:8-9). As dit

waar sou wees dat woorde skeppende krag het, dink maar aan hoeveel mense vandag in die graf sou wees omdat hulle hulleself letterlik “dood gelag” het! Dit is die geestestoestand wat belangrik is. Dit is ’n mediese feit dat spanning kan veroorsaak dat skadelike chemiese stowwe in die liggaam vrygestel word wat ’n mens se gesondheid kan beïnvloed. Dit verduidelik ook waarom daar mense is wat hulle letterlik “dood gewerk” het. Die Bybel verklaar dat ’n vrolike mens ’n gesonde mens is.

Die gou-rykwoord evangelie, of wat bekend is as “What you confess, is what you possess” en “What you say is what you get” val in dieselfde kategorie as enige ander leerstelling wat God deur formules wil probeer manipuleer.

Die Ontwikkeling van die Selfbeeld en die Maklike, Geen aanstoot Gee, Besoeker-Vriendelike Evangelie

Volgens sekere moderne leraars is negatiewe prediking wat die verlorenheid en sondigheid van die mens beklemtoon, die ding wat baie mense van kerkbywoning afskrik. Die nuwe benadering wil die selfbeeld van die mens opbou deur vir hom op ’n positiewe manier te vertel hoe waardevol hy in God se oë is. Om mense kerk toe te lok, word kerkbywoning deesdae vir hulle ook so aangenaam as moontlik gemaak. Selfs die hulp van besigheidskonsultante word ingeroep om raad te gee met organisatoriese beplanning om voorsiening te maak vir die fisiese en sosiale behoeftes van die mense wat kerke besoek.

Volgens die Woord van God is die grootste probleem maar nog altyd die sondige toestand van die mens se hart. As Salomo, die wysste man wat nog ooit geleef het, deur sonde en misleiding tot ’n val gekom het, dan beter ons almal baie versigtig wees. Die Woord van die Here verklaar dat die hart van die mens bedriegliker is as enigiets anders (Jeremia 17:9).

Jesus wou Homself ook nie aan die mense toevertrou nie omdat Hy geweet het hoe mense is (Johannes 2:23-25). Wat die Bybel oor die mens te sê het, is nie die regte tipe materiaal om te gebruik om mense se selfbeeld mee op te bou nie.

Dit is nogal interessant om te let op die manier wat Jesus en Paulus teenoor sekere geestelik soekende mense gereageer het. Toe die ryk jong man Jesus nader om te verneem hoe hy die ewige lewe kon beërwe, het hy Jesus met “*Goeie Leermeester*” begroet. Jesus se antwoord het amper ongeskik geklink. “*Waarom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen.*” Hierdeur het Jesus maar net weer die Bybelse siening van die mens se hart bevestig. Jesus se streng vereiste vir dissipelskap word aan die einde van hierdie gesprek geïllustreer deurdat Hy aandring dat die jongman al sy goed verkoop en dan terugkom om Hom te volg (Lukas 18:18-27). Nie ’n baie soeker-vriendelike manier om iemand te behandel wat wil weet hoe om die ewige lewe te beërwe nie!

Terwyl Paulus in die tronk was, is hy deur goewerneur Feliks laat haal om vir hom en sy vrou, Drusilla, meer omtrent die evangelie te vertel. Die manier wat Paulus dit aan hulle verduidelik het, het Feliks “...*laat bang word*” (Handelinge 24:25). Paulus het gepraat oor gehoorsaamheid, selfbeheersing en die komende oordeel. Weer nie ’n baie sondaar-vriendelike manier van benadering nie!

Johannes 3:16 is ’n populêre versie wat dikwels in evangelisasie gebruik word: “*God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*” ’n Baie gerusstellende versie, maar die Bybel hou nie daar op nie. Vers 36 van dieselfde hoofstuk gaan aan en sê: “...*Wie eger aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.*”

Om mense se selfbeeld op te bou word daar vandag vir hulle vertel hoe waardevol hulle vir God is. Kyk maar net wat God bereid was om vir jou te betaal! Is dit nie 'n bewys van wat die mens vir God werd is nie? Die teenoorgetelde is egter waar. Dit is nie omdat ons so goed en waardevol is waarom God Sy Seun gegee het nie, maar omdat Sy liefde vir die sondaar so groot is. Volgens die Bybel is daar nie eers een wat goed doen nie, almal het afgedwaal, almal se lippe bedrieg en is vol vervloeking (Romeine 3:9-23).

In die Bybel lees ons dikwels van hoe God swak en nederige mense, sonder veel talent, gebruik om Sy wil uit te voer. Dink maar as 'n voorbeeld aan Gideon wat die minste in sy familie was. Hy word vergelyk met 'n goedkoop garsbrood (Rigters 7:13). Dawid was die jongste en het skape opgepas terwyl sy ander broers voor Samuel as kandidate vir koningskap verskyn het. In plaas daarvan om Dawid en al die ander mense wat God gebruik het se selfbeeld op te bou, moes hulle leer om op God te vertrou juis omdat hulle beseft het hoe swak en onvolmaak hulle was. Die verwerping, die beledigings en vervolging wat Paulus ervaar het, het hom geleer dat hy op God kon staatmaak en daarom kon hy sê: *“Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk”* (2 Korintiërs 12:10).

Die waarheid van die evangelie is dat die mens se trots aan en beledig hom, want daar word aan hom vertel dat hy van nature 'n sondaar is en deur iemand anders se verdienste, deur genade, gered moet word.

Visualisering, Drome en Innerlike Genesing

God kan drome gebruik om met mense te kommunikeer. Visualisering is egter wanneer 'n persoon vir homself, in sy gedagtes, prentjies maak. Daar is niks mee verkeerd as 'n persoon 'n huis wat hy wil bou, of 'n beplande vakansie, visualiseer nie. As hierdie tegniek egter as 'n metode in die kerk ingebring word om antwoorde op gebede te “sien” en te realiseer, word daar weer van sielskrag gebruik gemaak om God te probeer manipuleer om te doen wat die mens wil hê.

Sommige mense wil elke droom en vlug van die verbeelding as die stem van die Heilige Gees interpreteer. Omdat drome so subjektief van aard is moet hulle net soos enige ander vorm van leiding onderwerp word aan die beginsels van die weg van wysheid. Drome kan nie as 'n vorm van leiding met die beginsels van die Woord vergelyk word nie; by monde van die profeet Jeremia word die geestelike nuttigheid van drome so vergelyk met dié van die Woord van die Here: *“n Mens kan nie strooi met die beste koring vergelyk nie”* (Jeremia 23:28).

In sekere vorms van innerlike genesing word mense aangemoedig om al die negatiewe ervarings van hulle verlede in hulle verbeelding te herleef. Hulle moet Jesus dan visualiseer en in hulle verbeelding ervaar hoe Hy na hulle toe kom en hulle aanraak en genees. Sommige mense getuig van wonderlike ervarings en genesings, maar is dit genoeg rede om te sê dit is reg en Skriftuurlik? Hoe onderskei 'n persoon wie of wat hom “aanraak?” Hoe kan jy Jesus visualiseer as jy nie weet hoe Hy lyk nie? Dit kan miskien 'n misleidende gees wees wat van die persoon se ontvanklike gemoedstoestand gebruik maak om homself as Jesus voor te doen. Nêrens word daar vir ons in die Bybel geleer dat dít die manier is om van jou negatiewe verlede ontslae te raak nie. In die Skrif word ons geleer dat as iemand in Christus is, hy 'n nuwe skepsel is,

dat die oue verby is en dat dit alles die werk van God is (2 Korintiërs 5:17). In Filipense 3:13-15 sê Paulus: “...ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.” Gelowiges moet, eerder as om op die verlede te konsentreer, geleer word wat hulle erfenis in Christus is. Alle vorms van berading moet egter nie afgeskryf word nie; gesonde Bybelse raad het al baie mense met geestelike probleme gehelp om oorwinning te verkry.

Die evangelie van Jesus Christus het nie sy krag verloor nie. Dit is nog steeds “*’n krag van God tot redding van elkeen wat glo*” (Romeine 1:16). Daar het in die moderne tyd egter ’n subtiele verskuiwing plaasgevind in die manier wat die evangelie aangebied word. In plaas daarvan dat mense aangemoedig word om die God wat ons aanbid onvoorwaardelik te vertrou vir hulp, word al hoe meer tegnieke en metodes in die kerk ingevoer om mense te help om te verkry wat hulle wil hê. God wil help, nie omdat ons die regte tegniek of program vir veertig dae gevolg het nie, maar omdat ons aan die einde van onself gekom het en ons lewens aan Jesus toevertrou het.

14

MISTIEKE GEESTELIKE OORLOGSVOERING EN 'n VALSE EINDTYDHERLEWING

Jare gelede het ek in 'n vergadering gesit waar 'n beroemde profeet as spreker opgetree het. Hy het na aanleiding van Handeling 3:21 aan ons verduidelik hoe dit aan hom openbaar is dat Jesus nie kan terugkom aarde toe voordat die gesag van God oor alles hier op aarde deur die kerk herstel is nie. Hier het ons nou weer 'n goeie voorbeeld van 'n afleiding wat gemaak word deur dit te baseer op 'n geïsoleerde teksgedeelte – en dit nogal op 'n teksvers waarvan die vertaling in sommige Bybels bevraagteken word. As daar na bogenoemde vers in die ou en nuwe vertalings van die Afrikaanse Bybel gekyk word, lyk dit of dieselfde vers twee verskillende betekenisse het.

Die goue reël vir gesonde Skrifuitleg moet maar weer toegepas word; laat Skrif Skrif verduidelik. Filipense 3:20-21 werp meer lig op die onderwerp: *“Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag, deur die krag waarmee hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos Sy verheerlikte liggaam te wees.”* Hier staan dit tog duidelik dat Jesus self, met Sy wederkoms, alles aan Homself

gaan onderwerp. Hy gaan nie die kerk se hulp nodig hê nie. Ongelukkig het hierdie verkeerde lering soos 'n veldbrand deur die kerk versprei. Groot opgewondenheid heers onder baie Christene omdat hulle geleer word dat die kerk oor alles hier op aarde gesag gaan uitoefen. Die heerskappy wat Adam aan Satan afgestaan het, kan weer teruggeneem word en die kerk kan weer op aarde die beheer oorneem. Dit in kort vorm die basis van 'n nuwe, mistieke, militante vorm van geestelike oorlogsvoering waarby so baie Christene betrokke is.

Die leraars en profete van hierdie beweging ignoreer duidelike Bybelse riglyne in van die stellings en profesieë wat hulle maak. In teenstelling met wat in die Bybel staan, voorspel hulle 'n groot eindtyd herlewing waarin Christene beheer oor boosheid en demone sal oorneem en goddelike orde op die aarde sal herstel in voorbereiding vir die wederkoms van Jesus. Van die leraars lê ook baie klem op die feit dat Christene baie ryk gaan word, omdat die geld van die wêreld na die kerk toe sal vloei. Die Woord van die Here voorspel egter heeltemal iets anders: *"...in die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemens en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie"* (2 Timoteus 3:1-5). In vers 13 van dieselfde hoofstuk lees ons dat: *"...goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei."* Die teenoorgestelde as 'n groot herlewing word in hierdie Skrifgedeelte voorspel. Dit is tragies om te sien dat sommige van die dinge wat in bogenoemde

Skrifgedeelte as tekens van die eindtye voorspel word, as doktrines in die kerk verkondig word; verwaandheid en die liefde vir self, vorm die wortel van die selfbeeld-evangelie; geldgierigheid en die sug na materiële besittings word onder die “prosperity gospel” aangemoedig; ’n gebrek aan selfbeheersing lei tot dronkenskap in die gees.

Jesus self het gevra of daar met Sy wederkoms nog geloof op die aarde te vinde sal wees (Lukas 18:8).

Wat behels hierdie militante manier van geestelike oorlogsvoering? Daar word geleer dat demone wat spesifieke gebiede beheer, deur gebed en intersessie geïdentifiseer en dan gebind kan word. Die oorwinning wat so verkry word, stel die Christene wat betrokke is dan in staat om dorpe en stede “vir Jesus” oor te neem. Daar word ook geglo dat groter geestelike krag uitgeoefen kan word as alle Christene in eenheid saamwerk en daarom word daar dan ook gepoog om soveel as moontlik groepe en denominasies daarby betrokke te kry. Dikwels word hierdie “oorwinnings” oor territoriale geeste met ’n optog deur die strate van die betrokke dorp of stad gevier. Sommige glo ook dat die betrokkenheid van soveel Christene in ’n optog, ’n magsvertoning is wat ’n boodskap van geestelike krag en eenheid aan die magte in die hemelse ruim oordra.

Die opregtheid en ywer van dié wat daarby betrokke is, kan nie betwyfel word nie. Hulle entoesiasme en toegewydheid is ’n voorbeeld vir ons almal, maar is dit wat hulle doen Skriftuurlik? Is dit regtig effektief en het dit regtig geestelike krag? Die bestaan van territoriale geeste kan nie betwyfel word nie. In Daniël 10:12-13 word daar melding gemaak van die engel van die Persiese ryk wat die engel van God teruggehou het. In vers 20 lees ons ook van die engel van Griekeland wat die plek van die engel van Persië ingeneem het. As ons na die konteks kyk sien ons dat Daniël nie een van

hierdie geeste met “Ek, Daniël, bind jou en werp jou neer” aangespreek het nie. Verder lees ons ook nêrens in die Nuwe Testament dat Paulus of enige van die ander apostels, eers geeste gebind het voordat hulle die evangelie verkondig het nie. Stede soos Efese, Korinte, Atene en Rome was berug vir hulle afgodediens. Nêrens lees ons van apostels wat die territoriale geeste van Artemis, Diana, of enige ander demoon bind nie.

In die verlede het ek, soos baie ander Christene, dikwels die duiwel gebind. Wat my egter gepla het was die feit dat, ten spyte van ons gebindery, dit so oor en oor gedoen moes word. Per slot van sake, as daar enige geestelike krag was in wat ek gedoen het, moes die duiwel mos gebind bly en geen verdere invloed meer hê nie. Dit sou hemel op aarde beteken as ’n mens die demone wat al die moeilikheid veroorsaak, net kon bind. Vandag besef ek dat volgens die Skrif, die duiwel op sy tyd, deur God self gebind en in die poel van vuur gegooi sal word (Openbaring 20). Op die oomblik word hy toegelaat om die god van hierdie wêreld te wees (1 Johannes 5:19).

Het Jesus nie gesê dat ons op aarde mag het om te bind en te ontbind nie? Weereens sien ons hoedat ’n tradisionele verkeerde interpretasie mense vir ’n lang tyd mislei het. Die Amplified Bible help ons om Matteus 18:18 beter te verstaan: *“Truly, I tell you, whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on earth must be what is already forbidden in heaven, and whatever you permit and declare proper and lawfull on earth must be already permitted in heaven.”* Die konteks wys vir ons dat hierdie gedeelte niks met die binding van Satan of demone te doen het nie. Die Amplified Bible se vertaling van Matteus 18:18 word bevestig deur die manier wat Jesus Sy dissipels leer bid het: *“...laat U wil ook op aarde geskied, net soos in die hemel”* (Matteus 6:10).

In die lewe van die individuele gelowige kan die werking van die duiwel en sy demone “gebind” word, maar ook net in die mate wat daar in geloof staatgemaak word op die oorwinning wat Jesus oor hulle op die kruis behaal het en in die mate wat daar in gehoorsaamheid aan die beginsels van die Woord gelewe word.

Die duiwel gee seker nie om as Christene opgewonde raak oor dinge wat nie sy koninkryk bedreig nie.

Bybelse Geestelike Oorlogsvoering

Wanneer daar oor geestelike oorlogsvoering gepraat word, is dit belangrik om te onthou dat die Woord van God verklaar dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen “*die bose magte van hierdie sondige wêreld*” en teen “*die bose geeste in die lug*” (Efesiërs 6:12). Hieroor stem ons heelhartig saam met die mense wat die mistieke manier van geestelike oorlogsvoering toepas. Geestelike wesens het fisiese liggeme nodig om in ’n materiële dimensie te manifesteer. Die bose gedagtes van demone kan net uitgedruk word as hulle iewers ’n mens se denke kan beïnvloed om sodoende onmin en dwaling te saai. Petrus het dit seker in gedagte gehad toe hy gewaarsku het: “*Wees daarom verstandelik wakker en nugter...Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind*” (1 Petrus 1:13, 1 Petrus 5:8).

In die Bybel word verskeie voorbeelde genoem van mense wie se gedagtes deur Satan en bese geeste beïnvloed is. Toe Jesus aan Sy dissipels verduidelik dat Hy in Jerusalem moet gaan ly en sterwe, het Petrus uitgeroep dat hy dit nooit sou toelaat nie. Jesus het hom aangekyk, maar iemand anders aangespreek en gesê: “*Moenie in my pad staan nie, Satan!*” (Matteus 16:23). Jesus het die invloed van die duiwel op die gedagtegang van Petrus onderskei. Judas is nog ’n voorbeeld van iemand wat

toegelaat het dat die Satan 'n houvas op sy gedagtes kry. (Johannes 13:27). Eva is die klassieke geval.

Die stryd waarvan Paulus in 2 Korintiërs 10:3-5 praat, is nie 'n stryd teen geeste in vestings in die lugruim nie, maar is 'n stryd teen *“redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word.”* Die ou vertaling stel dit so: *“...terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus”* (1933/1957 vertaling) Die stryd is teen vestings in die koppe van mense! Uit die konteks is dit duidelik dat bese magte mense van Goddelike waarheid wil vervreem deur hulle denke te beïnvloed. Bese magte beïnvloed mense om opinies, redenasies, doktrines en filosofie wat teenstrydig is met die waarheid van God se Woord, in hulle gedagtewêreld te vorm. Die Bybel noem die Satan nie verniet die vader van leuens nie. Hierdie strategie van Satan word bevestig deur 'n teks soos 2 Korintiërs 4:4: *“Hulle is ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie.”* Ware geestelike oorlogsvoering gaan om verkeerde idees omtrent Goddelike waarheid in die koppe van mense af te breek. God se strategie in verband met geestelike oorlogsvoering word vir ons duidelik in die Bybel uiteengesit. Aan die gelowige gee Hy sy volle geestelike wapenrusting en daaromtrent is daar niks mistieks nie. *“Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel”* (Efesiërs 6:11). Slaan ag op die feit dat God sê Hy sy volle wapenrusting aan die gelowige gee – dit beteken dat daar niks anders nodig is nie!

DIE VOLLE WAPENRUSTING VAN GOD

Die Waarheid as Gordel

So baie hang van 'n soldaat se gordel af! As die gordel loskom, val sy swaard ook grond toe. Net so, as die kerk wat die *“draer en beskermer van die waarheid”* (1 Timoteus 3:15) moet wees, se gordel van waarheid loskom, beteken dit dat dwaling en misleiding aan die orde van die dag gaan wees. Aan die kerk word die waarheid van God se Woord toevertrou en dit het *“groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek”* (2 Timoteus 3:16-17). In plaas daarvan dat die Woord gebruik word om dwaling te bestry en verkeerdhede reg te stel met 'n eenvoudige *“daar staan geskrywe”* word daar nou gedebateer of die Bybel nog in ons tyd relevant is!

Een van die belangrikste bedieninge van die Heilige Gees is om gelowiges in Goddelike waarheid te lei: *“Wanneer Hy kom, die Gees van waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei”* (Johannes 16:13). Jesus stel 'n voorwaarde; daar moet aan Sy Woord getrou gebly word: *“As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak”* (Johannes 8:32).

Daar word vandag al hoe meer te velde getrek teen gelowiges wat weier om ter wille van “eenheid” kompromieë aan te gaan. Ons hoor die valse oproep: “Vergeet van julle doktrines; hulle is nie belangrik nie en hulle veroorsaak net verdeeldheid, dit is eenheid wat tel!” Die teenoorgestelde is waar – dit is valse lering en doktrines wat verdeeldheid bring, nie die waarheid nie! Jou doktrine, of jou leer, is maar net in woorde wat jy glo. Paulus waarsku: *“Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin...”* (1 Timoteus 4:16).

Die Vrypraak as Borsharnas

Wanneer 'n sondaar sy sondes bely en sy lewe aan Jesus wy, ontvang hy die vergifnis en vrypraak van die Vader, en daarmee saam, ook die geregtigheid van Jesus wat soos 'n mantel om hom gehang word. Dit het niks te doen met eie verdienste nie; dit is 'n genadegawe wat deur die Vader aan die bekeerde sondaar gegee word. 'n Mens moet versigtig wees dat hierdie vryheid in Christus nie in gedrang kom net omdat 'n mens nie geneë is met allerhande onskriftuurlike dinge wat in die kerk gebeur nie. Die gelowige se geregtigheid is gebaseer op die verdienste van dié Een wat vir hom gesterf het, nie op die navolging van allerhande “*selfgemaakte*” voorskrifte, reëls en regulasies nie (Kolosense 2:20-23). Deur onkunde aangaande die nuwe dispensasie word onnodige laste op die gelowige se rug gelaai wat hom van sy duurgekoopte vryheid in Christus beroof. Hiervan is in hierdie boek al genoeg gesê. 'n Gelowige se kosbaarste geestelike besitting is sy vryheid wat hy in Sy Verlosser geniet. Wees versigtig vir enige iets wat u daarvan wil beroof.

Die Bereidheid om die Evangelie van Vrede te Verkondig

Omdat ons mense jammer kry, water ons die evangelie soms af. In plaas daarvan dat ons die evangelie Godsentries verduidelik, reduceer ons dit op 'n subtile manier tot 'n humanistiese boodskap. Ons spring dikwels weg met “God het jou lief en het 'n wonderlike plan vir jou lewe” en vergeet om die belangrikheid van sondebelydenis en gehoorsaamheid aan die geopenbaarde wil van God te beklemtoon. Geestelik soekende mense word dikwels gelei om Jesus aan te neem sonder dat daar genoegsaam beklemtoon word dat hulle bereid moet wees om te verander, sodat Hy hulle kan aanneem. Ons

konsentreer so dikwels op die sondaar se behoeftes, dat ons nalaat om 'n onvoorwaardelike oorgawe aan Jesus Christus te beklemtoon. Dikwels word daar ook nagelaat om te wys wat die Woord van die Here oor die opstandige, gevalle natuur van die mens te sê het. **Die enigste manier wat 'n sondaar die goeie tyding van die evangelie kan waardeer, is om eers die slegte nuus oor homself te hoor.**

A.W. Tozer stel dit so goed in een van sy boeke. Hy sê dat daar in die moderne tyd, feitlik ongesiens, 'n nuwe kruis in populêre kringe verskyn het. Uit hierdie nuwe kruis het 'n nuwe Christelike filosofie ontstaan. Ook 'n nuwe vorm van evangelisasie, 'n nuwe tipe byeenkoms en ook 'n nuwe manier van prediking. Die nuwe kruis is 'n bron van skoon plesier en vermaak. Dit is nie meer 'n plek waar die eie “ek” moet sterf nie. Dit moedig hom nou aan om 'n gelukkiger, suksesvolle, skoon lewe te leef en spaar sy selfrespek. Die ou kruis is 'n simbool van die dood en die soekende sondaar moet dit weet. God bied 'n nuwe lewe aan; nie 'n verbeterde ou lewe nie. God laat 'n sondaar lewe deur hom te laat sterwe. Die lewe wat God aanbied staan altyd aan die anderkant van die kruis, aldus Tozer.

Die moderne neiging om kerke meer aangenaam vir soekende siele te maak, veroorsaak dat daar meer en meer vir die bevrediging van sintuiglike genot voorsiening gemaak word. In sekere dienste waar daar skaars 'n woord evangeliese waarheid gepreek word, word baie mense deur fantastiese foefies en allerhande vorms van vermaak beïnvloed om Jesus aan te neem. Mense word ook soms mislei deurdat voorgegee word dat sekere fisiese ervarings soos warm gloede en omvallery bewyse is van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Waar mense se reaksies sintuiglik en emosioneel gemanipuleer word, kan mense tot “bekering” kom sonder dat die wil of denke aangeraak of verander word. 'n “Bekering” of

'n oënskynlike geestelike ervaring, kan soms net sielkundig van aard wees. Hierdie tipe bekering is nie net tot die Christendom beperk nie. Dwarsdeur die wêreld kom mense tot bekering en gee hulle lewens aan die ondersteuning van een of ander politieke of filosofiese saak. Deur sekere sielkundige beginsels toe te pas kan mense beïnvloed word om 'n radikale verandering in hulle emosies en uitkyk in die lewe te ervaar. Na die rewolusie in China is groot studentebyeenkomste gehou en emosionele toesprake en uitnodigings het duisende beïnvloed om die saak van Moa Tse Tung te ondersteun. Opgewonde jong kommunistiese bekeerlinge het in blydskap saam gesing en baie het getuig van 'n nuwe doel en toewyding wat van hulle lewens besit geneem het. Die vraag moet egter gevra word – het hulle tot wedergeboorte gekom deur die werking van die Gees van God en deur geloof in Jesus Christus?

Die Bybelse benadering is om mense se denke te probeer verander deur die waarheid van God se Woord aan hulle te verduidelik. *“Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het”* (Efesiërs 1:13). *“Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die Woord van God nie. Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend...”* (2 Korintiërs 4:2). Op hierdie manier word die emosies ook beïnvloed en dit word aan die wil oorgelaat om 'n besluit te neem. **Die orde is belangrik: waarheid, begrip, gewete, emosies, die wil.** Dit is baie gevaarlik om direk 'n invloed op die emosies uit te oefen. Baie mense het 'n sentimentalistiese godsdiens wat baie afhanklik is van uitwendige prikkels om die emosies te stimuleer. Gewoonlik evalueer sulke mense dan ook dienste in terme van wat hulle voel. Ware bekering is 'n

verandering wat plaasvind as gevolg van 'n besluit wat geneem is nadat die denke beïnvloed is deur die verkondiging van Goddelike waarheid (Romeine 12:1-2). Wanneer mense beseft dat hulle teenoor 'n heilige God gesondig het, of dat hulle dwaal, word die gewete geprikkel. Sommige mense reageer emosioneel, terwyl ander weer koelbloedig besluit om te verander. Christelike bekering is 'n verandering van gesindheid wat plaasvind as gevolg van die werking van die Heilige Gees nadat die saad van die Woord gesaai is. **Die verantwoordelikheid van dié een wat vir die Here getuig, is om Bybelse waarheid te verkondig.** Daar is nie plek vir sielkundige manipulasie en bedrog nie. Veral Christene wat bekende figure is, moet baie versigtig wees wanneer hulle die evangelie uitdra. Neem mense die Here aan omdat hulle deur Bybelse waarheid tot oortuiging gekom het, of is dit omdat hulle die voorbeeld van hulle heldefiguur uit die sport of die vermaaklikheidswêreld wil volg. Predikers wat die evangelie meer aanloklik wil maak deur dit met welvaart te wil assosieer, is ook skuldig aan verdraaiing van die waarheid.

Die Skild van Geloof

Die Bybelse norm vir die gelowige is dat *“ons lewe deur geloof, nie deur wat ons sien nie”* (2 Korintiërs 5:7). Geloof wat op die Woord van die Here gebou word, het geen bevestiging van die sintuie nodig nie. Geestelike realiteite word deur die Woord van die Here bepaal. Geloof rus tevrede op die feit dat Hy belowe het, as ek die deur oopmaak, Hy sal inkom en dat Hy ons dan nooit sal begewe of verlaat nie (Hebreeërs 13:5). Tekens, manifestasies en wonderwerke, omdat hulle aan die sintuiglike dimensie behoort, kan nagmaak word en kan dus nooit op hulle eie as teken en bewys van die teenwoordigheid van God geneem word nie.

Die Helm van Verlossing

Die helm beskerm die kop en simboliseer die denke wat deur die invloed van God se Woord verander is. Sommige is van mening dat die denke van die mens, omdat dit in 'n gevalle toestand verkeer, glad nie in aanmerking geneem moet word wanneer dit by geestelike dinge kom nie. Die Nuwe Testamentiese apostels het anders gedink. Hulle verkondiging van die evangelie was didakties van aard, soos die volgende woorde wat in Handeling gebruik word illustreer: *didasko* (om te leer deur oortuiging, Handeling 19:9), *sunécheon* (om te oorbluf of te oortuig, Handeling 9:22), *dialegomai* (om te redeneer, te argumenteer, Handeling 17:2), *diakatelégchomai* (om in argumentering te weerlê, Handeling 18:28), *peitho* (om te oorrede en te oortuig, Handeling 19:9). Ons lees dat as gevolg van hierdie didaktiese tipe prediking is mense deur die apostels oortuig om te glo (Handeling 17:4, 18:4, 19:8, 19:26, 28:23, 28:24). Deur die verkondiging van Goddelike waarheid wou hulle vestings van ongeloof en wanbegrip in die denke van hulle hoorders afbreek. Hierdie manier van geestelike oorlogsvoering word bevestig deur wat Paulus in Efese gedoen het. In plaas van om mistieke metodes te volg, het hy elke dag vir twee jaar, die Woord van die Here in die saal van Tiranus verkondig (Handeling 19:9-10). In die Amplified Bible word gesê dat hy dit elke dag vanaf tienuur tot drie-uur gedoen het. Ongeveer vyf uur se Woordverkondiging per dag! 'n Verdere bewys dat hulle prediking baie intellektuele inhoud bevat het, is die feit dat daar dikwels na bekering verwys word as 'n aanvaarding van waarheid. *“Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring”* (2 Timoteus 2:25), *“Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het...”* (1 Petrus 1:22), *“...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak”*

(Johannes 8:32). Die onkunde aangaande die rol wat begrip van Bybelse waarheid in geestelike groei speel, word geïllustreer deur die woorde van 'n man wat wêreldwyd duisende toespreek. Om die snaakse manewales (onbeheerste gelaggery en geskreeuery, dieregeluide, omvallery en gerukkery) wat in sy dienste plaasvind te verdedig, het hy verklaar: “God is offending our minds so that He can reach our hearts.” Dit is moeilik om te verstaan hoe mense aangemoedig kan word om hulle denke opsy te skuif sodat hulle “in die gees” dronk kan word om “meer van God te ervaar.” Sommige sal miskien na Paulus se bekering op pad na Damaskus wil verwys as 'n voorbeeld van 'n geval waar die denke in bekering omseil is. Paulus moes egter presies geweet het wat met hom gebeur het, want hy het die Here gevra wat Hy wil hê hy vir Hom moet doen (Handelinge 9:6). Petrus se waarskuwing om verstandelik nugter en wakker te wees moet vandag, as gevolg van soveel dwaling in die kerk, meer as ooit ernstig opgeneem word (1Petrus 1:13).

Die Swaard van die Gees

Ware geestelike oorlogvoering konfronteer valse konsepte en lering met die waarheid van die Woord. Die Woord word die swaard van die Gees genoem. Ongelukkig laat baie kinders van die Here toe dat hulle swaard weens onbruik en agterloosigheid, stomp en geroes raak. Aan die een kant word die gesag van die geskrewe Woord van die Here nie meer erken nie, en aan die ander kant word die gesag weer bedreig deur die erkenning wat gegee word aan die subjektiewe uitinge van sogenaamde moderne “profete.” Op die skouers van elke individu rus die verantwoordelikheid om die Woord vir hom of haarself te bestudeer om sodoende toegerus te wees om te onderskei tussen wat waar en wat vals is.

Gebed

Alle vorms van gebed wat ooreenstem met die geopenbaarde wil van God is belangrik. Al ons behoeftes moet deur gebed aan onse Hemelse Vader bekendgemaak word. Ons moet egter versigtig wees dat ons nie gebed wil aanwend om alles om ons te probeer beheer nie. Om byvoorbeeld iemand anders se gedagtes deur gebed te probeer beheer, grens gevaarlik aan die beginsels van die okkult. 'n Mens kan net oor jou eie gedagtes beheer uitoefen. Ons moet deur gebed ons aan die Here wy en vir Hom vra om ons te gebruik om siele vir Sy koninkryk te bereik.

Slotsom

Teen die agtergrond van al die waarskuwings in die Skrif aangaande eindtyd dwaling en misleiding, kan 'n gelowige kind van die Here nie bekostig om liggelowig te wees nie. Nugterheid en waaksaamheid sal ten alle tye aan die dag gelê moet word om nie mislei te word nie. Dit is belangrik dat elke gelowige moet beseft dat die verantwoordelikheid om tussen die waarheid en die leuen te onderskei, by homself lê.

15

WAT HET REGTIG OP DIE KRUIS GEBEUR?

Die Lyding van Jesus

Vir baie jare het ek tydens nagmaal skuldig gevoel omdat ek gevoel het asof ek die pyn en lyding van Jesus op die kruis nie genoeg kon waardeer nie. Hoe meer verbeeldingsvol sprekers die gebeurtenis probeer beskryf het, hoe skuldiger het ek gevoel. Ek kon nie verstaan hoekom daar van Jesus se lyding so 'n ophef gemaak word nie. Kruisiging was tog 'n baie algemene vorm van teregstelling in daardie tyd. Die feit dat twee misdadigers saam met Jesus tereggestel is, is 'n bewys daarvan. Volgens die gegewens wat ons in die Skrif het, is hulle presies op dieselfde manier as Jesus gekruisig. Jesus se kruisiging was 'n gewone Romeinse kruisiging. Volgens die Bybel het hulle vir Jesus in die gesig gespoeg en het hulle hom geslaan. Daar is vir Hom 'n doringkroon gevleg wat op Sy kop gedruk is. Die Romeinse soldate het eintlik geen rede gehad om hulle op Jesus te wreek nie; Jesus het niks aan hulle gedoen nie en buitendien, Pilatus, hulle eie goewerneur, het Hom onskuldig gevind, maar as gevolg van die oproer van die Jode het hy Hom aan hulle uitgelewer om gekruisig te word. Dit was die Jode wat Hom dood wou hê, want volgens hulle

het Jesus gelaster deur Homself aan God gelyk te stel. Vir die Romeinse soldate was dit seker maar net weer nog 'n dag van roetine; weer 'n kruisiging.

As 'n mens daaraan dink besef jy dat Jesus nie die eerste of die enigste een was wat moes ly gedurende 'n kruisiging nie. Die Geskiedenis is vol verhale van gemartelde manne en vroue wat baie pyn moes verduur. Sommige is vir diere gegooi om verskeur te word. Ander is in kokende olie gegooi en party se velle is lewendig van hulle lywe afgetrek. In Hebreërs 11 lees ons van gelowiges wat selfs in twee gesaag is! As dit by menslike pyn en lyding kom was die kruisiging van Jesus nie uniek nie. Hoekom gee die Skrif dan soveel aandag daaraan?

Een aand in 'n Bybelstudie is die vraag gevra: “Hoe het Jesus ons sondes gedra?” Hy het nooit self gesondig nie en iemand anders se sonde kan tog nie soos rommel in 'n sak weggedra word nie. Die welbekende Skrifgedeelte, 1 Petrus 2:24, het in my gedagte opgekom. Nog altyd het ek dié vers vanuit 'n menslike oogpunt gelees met die klem op die “ons” en die “my”; met die klem op die voordele wat die soenverdienste van Jesus op die kruis vir my inhou – *“Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra...”* (My beklemtoning). Toe ek die skrifgedeelte daardie aand weer lees was daar 'n klemverskuiwing. Ek het die kruisiging skielik in 'n heeltemal ander lig gesien. Dit was dieselfde bekende versie, maar die klemverskuiwing het die verskil gemaak en die nuwe betekenis het my aangegryp. Die klem was nou op Jesus en wat met **Hom** gebeur het: *“Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra”* (My beklemtoning).

Omdat ek die Psalms ken, kon ek nie die prentjie van Jesus aan die kruis soos beskryf in Psalm 22, vereenselwig met 'n gewone Romeinse kruisiging, of met moderne weergawes van Jesus op die kruis in films en prente nie. In Psalm 22, wat deur die meeste Bybelkommentators as 'n Messiaanse Psalm

beskryf word, kry ons 'n heeltemal ander idee van hoe Jesus gedurende die kruisiging moes gelyk het. Alhoewel dit 'n Psalm van Dawid genoem word, kan dit nie na hom verwys nie, want op geen stadium van sy lewe is sy voete en hande deurboor nie. (vers 17. Hier moet net daarop gelet word dat alhoewel al die ander Bybels wat ek geraadpleeg het, praat van Jesus se hande en voete wat deurboor is, praat die nuwe Afrikaanse Bybel van Jesus se hande en voete wat vasgebind was.) Die feit dat daar in vers 19 profeties beskryf word hoe daar oor Sy mantel gedobbel word, is bevestiging dat hierdie wel 'n Messiaanse Psalm moet wees. Daar is geen inligting in die Bybel dat iemand gedobbel het vir Dawid se kledingstukke nie. As sulke, op die oog af, onbenullige profetiese detail aangaande die klere van Jesus tydens die kruisiging waargekom het, hoeveel te meer sou dít wat omtrent Sy liggaam voorspel is, ook nie waargekom het nie. Stel u die volgende voor: *“Al my bene het uitmekaar geval...Al wat been in my is, kan ek tel...”* (Psalm 22:15,18). Wat sien u in u gemoed terwyl u hierdie woorde lees? Ek het al foto's gesien van uitgeteerde liggame van Etiopiërs tydens droogtes in daardie land; as gevolg van die uitering kon die ribbene en ander dele van die geraamtes letterlik onder die vel getel word. Dieselfde prentjie sien ons as ons na foto's kyk van die uitgeteerde liggame van gevangenes wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in konsentrasiekampe oorlede is. Dit is die Bybelse voorstelling van Jesus op die kruis; iets het met Hom op die kruis gebeur wat veroorsaak het dat Sy bene uitmekaar geval het en dat dit letterlik onder Sy vel getel kon word.

Wat van die profetiese beskrywing van Jesus op die kruis wat ons in Jesaja 52:14 vind? *“...hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie...”* Hoe kon die gewone mishandeling van 'n Romeinse kruisiging dít aan 'n liggaam doen? Verder, Romeinse soldate was berug vir hulle

onverskrokkendheid en dit was 'n groot skande vir hulle om enige tekens van vrees te toon. Hoekom het hulle tydens 'n gewone kruisiging, iets waaraan hulle baie gewoond was, skielik so vreesbevange geraak toe hulle al “...*die dinge wat gebeur*” sien? (Matteus 27:54).

As 'n mens nie die beginsels van substitusie in die Bybel verstaan nie, kan jy nie die pyn en lyding van Jesus op die kruis waardeer nie. Die verduideliking van hierdie beginsel word baie mooi in Jesaja 53:5 uitgedruk: “*Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom...*” (my beklemtoning).

Wat het die straf behels? God is 'n God van geregtigheid, daarom kan sonde nie ongestraf bly nie. Die straf van die sonde van die wêreld het op Jesus neergekom. Dink aan die gruwelikste sondes denkbaar: moord, verkragting, roof, bedrog, owerspel, leuens, kindermishandeling... en dan nog ook aan die baie “gewone” sondetjies waaraan ons onself daagliks skuldig maak; hierdie sondes moet gestraf word; of die sondaar word gestraf in die hel, of Jesus moet dit op die kruis dra.

Die volle implikasie van wat eintlik op die kruis gebeur het tref jou as jy aan die betekenis van Galasiërs 3:13 dink. Jesus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur self die vloek op Hom te neem. Wat het die vloek van die wet behels? Toe God die wet aan Moses en die Israëliete gegee het, het Hy gewaarsku dat as hulle dit sou verbreek, vloeke hulle sou tref. In Galasiërs 3:13 lees ons dat Jesus gelowiges losgekoop het van die vloek van die wet. Om ons van die vloek van die wet te bevry, impliseer dat Jesus elkeen van hulle wat in Deuteronomium 28 opgenoem word, fisies in Sy liggaam moes dra. Die lys vloeke vul ongeveer vier kolomme in die Bybel. Elke moontlike pes, plaag of siekte waaraan 'n mens kan dink word hier as vloeke opgenoem. Die betaling van die

prys vir sonde kon nie teoreties geskied nie. As die plaasvervanger, moes die gevolge van die verbreking van die wet op Jesus neerkom. Stel u voor wat gebeur as in 'n kwessie van drie uur, alles wat as vloeke in die Bybel opgeteken is, een liggaam tref – toring, inflammasie, koorsiekte, kwaadaardige swere, ongeneeslike siektes... (Deuteronomium 28:15-68). Geen wonder dat Psalm 22:18 verklaar dat 'n mens al Sy bene kon tel nie! Jesaja het profeties uitgeroep dat Jesus se liggaam onherkenbaar op die kruis verander het. Sy kruisiging was geen gewone Romeinse kruisiging nie! Die aarde het geskud, grafte het oopgeskeur en mense wat reeds dood was, is lewendig gesien rondloop! Wat baie belangrik is om te onthou – duisternis het oor die aarde gekom. Dit verklaar ook hoekom God dít wat werklik op die kruis gebeur het, deur die oë van Sy profete moes beskryf. Jesus se eie volgelinge het ver weggestaan (Matteus 27:55) en in die donkerte kon hulle nie presies sien wat gebeur het nie. Romeinse soldate was beroemd vir hulle onverskrokkenheid, tog het die wat vlak by die kruis waggestaan het, vreesbevange geraak! In die donkerte moes hulle seker op die kort afstand iets gesien het van die effek van die vloeke wat die liggaam van Jesus getref het! Dit moes iets afskuwelik gewees het. *“Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? ...Hy was verag en deur mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het ...iemand vir wie die mense die gesig wegdraai”* (Jesaja 53:3, my beklemtoning). **“Hy was so misvormd” dat Hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie!** (Jesaja 52:14). Hy is deur die Vader *“gepynig”, “verbrysel”, “die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom”* (Jesaja 53).

“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” (2 Korintiërs 5:21). Dít is wat substitusie beteken.

Jesus se leiding het egter nie op die kruis begin nie. In Lukas 22:43-44 lees ons dat Sy sielswroeging in Getsemane so erg was dat Sy sweet soos bloeddruppels op die grond geval het! Hoe verduidelik 'n mens wat Jesus in Getsemane in Sy siel en gees ervaar het? Ons het al almal, veral ons ouer mense, sielspyn ervaar; diep teleurstelling, verdriet en ontnugtering. **Maal dít met die bevolking van die wêreld en plaas dít in die gemoed van een Man, en ons kan maar net begin om te besef wat Jesus in die tuin moes ervaar het!** Kan ons onself indink hoe dit moet voel om deur God verlaat te word? Wat Jesus daar ervaar het, was só intens dat Hy op 'n stadium die Vader gevra het om dié lydingsbeker van Hom af weg te neem. Nogtans het Hy gesê nie Sy wil nie, maar die wil van Sy Vader moet geskied.

As Jesus al die vloeke van die wet, wat siekte insluit gedra het, hoekom word Christene dan nog siek? Hoekom gebeur daar nog negatiewe dinge met hulle? Daar is nie 'n simplistiese antwoord nie. Een ding kan ons verseker aanvaar; die Vader sal niks wat Sy geliefde Seun as 'n vloek op die kruis moes dra, as straf op Sy kinders sit nie. Ons kan ook weet, wat Hy ookal in die lewe van Sy kinders toelaat, sal bydra tot die uiteindelijke doel en dit is om ons meer en meer gelykvormig aan die beeld van Sy Seun te maak (Romeine 28:8). Om verskeie redes word gelowiges siek, maar omdat Jesus ons van die vloek van die wet verlos het, hoef dit nie 'n geestelike las te wees deurdat die gelowige dink dat dit God is wat hom met 'n vloek straf nie. Daarom kan die sieke die Here dank vir medisyne, dokters, verpleegsters en hospitale. As die siek persoon glo dat dit God is wat hom siek maak, moet hy onmiddellik sy medisyne los, want deur dit te gebruik is hy dan in opstand teen die wil van God. Elke dokter en verpleegster sou dan ook in rebellie teen God wees deur siekes te probeer genees. In Jakobus 5:14 lees ons: *“As daar iemand*

van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie self onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak.” Daar staan nie dat daar eers uitgevind moet word of dit nie miskien God is wat die persoon siek maak nie. Die bevel is om vir die siekes te bid. Dít moet ons doen en die saak verder in die hande van die Vader laat.

Jesus het die vloek van die wet as straf op Hom geneem, daarom kan ons verseker wees van die liefde van die Vader en Hom dank vir elke genadegawe wat beskikbaar is om ons te help wanneer negatiewe dinge met ons gebeur.

Die Brood en die Beker

Ons is terug by waar ons begin het – die simboliek van die brood en die wyn.

*“Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag wat Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis’. Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.’ Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Elkeen wat op ’n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan **sonde teen die liggaam en die bloed** van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur ’n oordeel oor homself. **Daarom is daar baie***

swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle. As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie” (1 Korintiërs 11:23-31, my beklemtoning).

Bogenoemde aanhaling bevat een van die mees radikale uitsprake in die Skrif. ’n Mens is huiwerig om daarvoor kommentaar te lewer, maar terselfdertyd is ’n mens bang dat ’n baie belangrike waarheid verlore gaan omdat ons nie die moed het om te aanvaar wat Paulus hier sê nie. Paulus het nie gehuiwer om die Korintiërs daarmee aan te spreek nie. As ons hom oor so baie ander geestelike waarhede aanhaal, hoekom nie ook hieroor nie. **Volgens Paulus veroorsaak ’n gebrekkige begrip van wat daardie dag op die kruis gebeur het dat die volle voordeel van die soenverdienste van Jesus se lyding nie deur die gelowige kind van die Here ervaar word nie.**

Duidelik verklaar hy dat swakheid, siekte en selfs die dood die gevolg kan wees van ’n verkeerde gesindheid ten opsigte van wat met Jesus se liggaam op die kruis gebeur het.

Gedurende nagmaalsdienste is daar altyd vir ons gesê dat as ons nagmaal gebruik sonder om ons broers en susters vergifnis te vra vir dinge wat ons teen hulle gedoen of gesê het, ons teen die liggaam van Christus sondig. Alhoewel ek glo in restitusie tussen broers en susters, glo ek ook dat dit iets is wat elke dag gedoen moet word, nie net met nagmaal nie. Alhoewel gelowiges die liggaam van Christus genoem word, het ek nog nooit gehoor dat hulle Jesus se bloed genoem word nie. Daarom glo ek dat die sonde teen die liggaam en die bloed van die Here, op die eerste vlak van betekenis, nie verwys na sondes tussen broers en susters nie. Die konteks wys dat dit betrekking het op wat met die fisiese liggaam van Jesus op die kruis gebeur het. Geloof word gebou op die kennis wat ons van God se Woord het. Films en prente oor die kruisiging kan

emosionele reaksie uitlok, maar ons is afhanklik van die insig wat God vir Sy profete gegee het aangaande Jesus se kruisdood vir 'n basis vir ons geloof. Opgesluit in Paulus se woorde lê 'n seëning wat elke gelowige biddend vir homself moet toe-eien. **Op die plaasvervangende werk van Jesus op die kruis, rus die krag van die Nuwe Testament. Dit is net deur persoonlik geloof in die verdienste van hierdie volbragte werk en deur die genade van God, dat ons die seëninge van ons ryk erfenis kan ervaar.**

“Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die Hemel is” (Efesiërs 1:3).

16

DIE KERK GESIEN VANAF ANDERKANT DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

“Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan die borse magte in die hemelruim...” (Efesiërs 3:10).

Soos alreeds voorheen in hierdie boek verduidelik is, bestaan die kerk van onse Here Jesus Christus uit alle soorte mense wat geestelik wedergebore is. Hulle word die liggaam van Christus genoem. Omdat daar net een hoof is, kan daar dus ook net een liggaam wees. Alhoewel daar net een kerk van Christus wêreldwyd is, kom gelowiges op ’n spontane wyse, gelei deur die Heilige Gees, in verskillende gemeentes bymekaar. **Die kerk van Jesus Christus is nie ’n geboue kompleks waarheen jy op ’n Sondag gaan nie.** Baie mense is van mening dat ons besig is om hare te kloof deur aan te dring dat die woord “kerk” reg gebruik word. Ek word herinner aan A.W. Tozer se woorde: *“Meanings are expressed in words, but it is one of the misfortunes of life that words tend to persist long after their meaning have departed, with the result that thoughtless men and woman believe that they have reality, because they have the word for it.”*

Richard Wurmbrand het dit só uitgedruk: *“Words, which were first formed for naming surrounding realities, become emptied with time, of their original meaning. Retarded souls continue to accord them the same value and respect than when they had rich content. They don’t realize that they are now merely outwardly, beautiful dolls, stuffed with straw.”*

Die woord “kerk” het vir die Christene van die eerste drie eeue na Christus heeltemal ’n ander betekenis gehad as vir die meeste hedendaagse Christene. Kerk was vir hulle ’n groep mense wat deur ’n gemeenskaplike geloof in Jesus Christus na mekaar toe getrek is en waarvan die Heilige Gees die lewensaar gevorm het.

Jesus het ongeveer drie honderd jaar voor enige formele godsdienstinstelling bestaan het, gesê dat waar twee of drie in Sy Naam vergader, sou Hy in hulle midde wees. Hoekom word daar klem gelê op die twee of drie, of meer, wat bymekaar kom? Om dit te beantwoord moet ons na Efesiërs 4:8-16 kyk: *“Hy het opgevaar...en gawes aan die mense gegee...En dit is die ‘gawes’ wat Hy ‘gegee’ het: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.”*

Niemand kan tegelykertyd apostel, profeet, evangelis, herder en leraar wees nie. Wanneer ons as ’n groep of gemeente bymekaar kom, word ons blootgestel aan die verskillende bedieninge en geestelike gawes van ons broers en susters. Sodoende word ons geestelik opgebou. Dit is in hierdie konteks wat ’n skrifgedeelte soos Hebreërs 10:24-25 verstaan moet word: *“Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie...”* Geestelike groei behoort die doel van alle gemeentelike aktiwiteite te wees.

Al hoe meer gelowiges begin spontaan buite die formele institusies bymekaarkom. Mense wat van buite af na die verskynsel kyk, skud hulle koppe en kan nie verstaan hoe gelowiges wat aan geen formele godsdienstorganisasie behoort, nog kan sê dat hulle deel van die kerk is nie.

Wat van kerkstruktuur? Daar kan nie duidelike voorskrifte in die Bybel gevind word om 'n formele struktuur te definieer nie. Dit is seker ook hoekom ons so baie institusies en organisasies vind wat verskillende soorte hiërargiese bestuurstyle het. Elkeen sal ook een of ander versie aanhaal om dít wat hulle doen te regverdig. In kontras hiermee is daar hoofstukke vol duidelike voorskrifte wat ons leer hoe om beter mense te wees en hoe om die alledaagse lewe te leef sodat ons God kan behaag. Wys dit nie vir ons dat God meer belangstel in hoe ons saamleef en geestelik groei nie? Die Christelike geloof wat aanvanklik 'n simplistiese lewenswyse was wat op die leringe van Jesus en die apostels geskoei is, is deur die jare in institusionele vorms ingedruk. Ek twyfel of Jesus ooit bedoel het dat Sy leringe in so 'n ingewikkelde godsdienststelsel moes ontaard.

Dit is baie interessant en leersaam om die ontwikkeling van institusionalisme na te gaan. Vir ongeveer die eerste drie honderd jaar na Christus het daar geen organisasie bestaan wat as 'n formele Christelike institusie beskryf kon word nie. Die Christelike geloof het deur die wêreld versprei as gevolg van dissipels wat 'n eenvoudige boodskap verkondig het; Jesus Christus het opgestaan uit die dood en Hy is Heer. Ten spyte van wrede vervolging het duisende tot bekering gekom en hulle by die Christelike gemeenskap gevoeg. Toe, in ongeveer 312 n.C., het 'n eienaardige gebeurtenis plaasgevind. Volgens oorlewering het die Romeinse keiser Konstantyn, net voor die slag by die Milviëse brug waar sy magte teen die leër van Maxentius te staan gekom het, 'n gesig gesien. Hy het 'n

kruisteken in die lug gesien met die woorde “*In hoc signo vinces*”, wat beteken, “In hierdie teken sal jy oorwin.” Omdat hy en sy soldate baie bygelowig was het hy toe die kruisteken op die skilde van sy soldate laat verf. In die daaropvolgende slag het sy magte ’n oorweldigende oorwinning behaal. In erkenning van die Christene se God wat hy met die kruisteken geassosieer het, het hy beveel dat vervolging van Christene gestaak moes word en aan hulle word toe onbeperkte vryheid gegee. Die Christelike geloof is toe meer en meer georden totdat dit as staatsgodsdienst erken is. Op ’n stadium het die keiser homself ook as leier van die kerk aangestel en homself *pontifex maximus* (opperste priester van die kerk) genoem. (Die Lewende Kerk, G.S. Wegener). Die Christene wat net aan vervolging gewoond was, se geloof het skielik die godsdienst van die staat geword. Die Christelike geloof, wat nie van buite af deur vervolging en geweld vernietig kon word nie, se grootste bedreiging het nou deur institusionalisering van binne gekom. Teen hierdie agtergrond het die moeder van alle institusies, die Roomse Katolieke Kerk, ontwikkel. Hieruit het die versplintering plaasgevind wat uitgeloop het op die verdeeldheid waarmee ons vandag opgesaai sit – denominasies met rigiede grense, name en dogmas wat soos heilige koeie in stand gehou word. Hiervoor word daar in terme van geestelike ontwikkeling, eenheid, finansies en tyd, duur betaal!

17

WAT NOU?

Inleiding

“Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie. Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die aarde af geskrywe staan in die boek van die Lam wat geslag is nie. As iemand kan hoor, moet hy hierna luister!....Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig” (Openbaring 13:7-10).

Wêreldwyd word Christene gekondisioneer om gewoon te raak aan die konsep dat alle gelowe aanvaarbaar is. Ons hoor van al hoe meer kerkleiers wat met die leiers van ander gelowe bymekaar kom om ’n nuwe spiritualiteit te bespreek waardeur wêreldvrede en universele geestelike “eenheid” bereik kan word. Christelike boekwinkels word oorstroom met nuwe boeke wat hierdie nuwe spiritualiteit subtiel verkondig. Sels moderne “vertalings” van die Bybel verskyn waarin die terminologie aangepas word om die Oosterse en “New Age” idee van “God is in almal en in alles” te bevorder. ’n Insident wat hierdie proses geweldig aangehelp het, was die terroriste aanval op die “Twin Towers” gebou in Amerika. Amerikaanse

leiers wat as Christene swak standpunt ingeneem het ten opsigte van die verbod op Bybellees en bid in openbare skole, het kort na die aanval hande gevat met Muslim priesters, Hindoe ghoeroes, Boedhiste, rabbi's, Katolieke priesters, liberaliste en selfs met hekse, om in groot publieke samekomste te bid vir vrede en eenheid in die wêreld. In die boek, From the ashes: A Spiritual Response to the Attack on America, verskyn artikels van "New Age" leraars soos Neale Donald Walsch, die Dalai Lama en Starhawk die heks saam met artikels geskryf deur Christenleraars soos Bishop T.D. Jakes, Rick Warren en Billy Graham. Walsch nooi al hierdie leiers uit met hierdie woorde: **"We must...build a new society... We must do so with new spiritual truths. We must preach a new gospel... We are all one..."** (Warren Smith, Deceived on Purpose). Nie een van die genoemde Christenleiers het van die geleentheid gebruik gemaak om hom te weerlê nie.

As gevolg van die feit dat baie Christene die Bybel nie ernstig as die Woord van God beskou nie, is onskriftuurlike dogmas en lering in kerke nooit ernstig uitgedaag nie. Hierdie verdraagsaamheid ten opsigte van die afwyking van Bybelse waarheid het Christene gekondisioneer sodat hulle nou ryp is vir die groot dwaling. Liberaliste en ander voorstanders van die Nuwe Era Spiritualiteit, buit hierdie lou gesindheid uit vir die finale stap ter voorbereiding van die verhoog vir die implementering van groot vredesplanne vir die wêreld. Die "Een is almal en almal is een"- filosofie gaan hierin 'n belangrike rol speel en populêre kerkleiers wat op eenheid, mag, getalle en rykdom ingestel is, speel 'n groot rol om die Christenmassas gereed te maak om deel te wees van hierdie ekumeniese beweging. Dit word gedoen deur 'n afgewaterde verlossingsleer te verkondig en die betekenis van die Skrif te herdefinieer. Geestelike oorlogsvoering het na 'n hoër rat

gewissel en die oorlog gaan nou oor die verowering van die hele wêreld se geloof.

Wat Nou?

Gesonde individuele geestelike groei, in gemeenskap met ander kinders van die Here wat ook waarheid lief het, gaan die enigste manier wees wat Christene gaan help om grootskaalse misleiding vry te spring. Elke gelowige sal self uit die Skrif, met behulp van die leiding van die Heilige Gees, moet kan onderskei waar van Bybelse waarheid afgedwaal word. Een van die tragiese gevolge van die tradisionele model van die kerk is die feit dat na jare se kerkbywoning, mense nog geestelik afhanklik is van dominees en pastore om die Skrif vir hulle te interpreteer. Baie gelowiges raak benoud as hulle skielik sonder 'n dominee of 'n pastoor sit – “Wie gaan nou vir ons preek en na ons kyk?” Ek weet wat Paulus se antwoord sou gewees het: *“Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer...”* (Hebreërs 5:12, 1933/1957 Afrikaanse vertaling). Hy praat hier met alle gelowiges. In hierdie woorde van Paulus word die hele doel van dissipelskap saamgevat: geestelike groei wat tot volwassenheid in die geloof lei sodat elkeen 'n leraar kan wees. Hierdie is God se doel met elke gelowige: *“Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus **vir hulle diens** en vir die opbou van die liggaam van Christus”* (Efesiërs 4:11-12, My beklemtoning).

Christene wat nie aan formele godsdiensinstitusies behoort nie, word dikwels gewaarsku dat 'n kooltjie wat alleen lê, doodgaan omdat hy ander kole nodig het om te bly gloei. Dit is nie waar nie. 'n Kooltjie het nie ander kole nodig om te bly gloei nie; hy het suurstof nodig! As daar nie suurstof is nie sal

al die ander kole wat daar opgelê word, ook vrek. Om geestelik te aanhou gloei, het jy die Heilige Gees en die Woord van die Here nodig: *“Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie, Sy Gees leer julle alles...”* (1 Johannes 2:27).

Die Gawe van Lees

Daar bestaan ’n tradisionele opvatting dat net sekere geleerde mense die Skrif kan verstaan. Paulus het nie so gedink nie. Hy skryf aan die Korintiërs: *“In ons briewe skryf ons aan julle niks wat julle nie self kan lees en verstaan nie”* (2 Korintiërs 1:13). Van die briewe wat hy na verwys is vir ons bewaar en in boekvorm saamgebind en vorm ’n groot gedeelte van die Nuwe Testament in ons Bybel. Hulle is geskryf, nie om gelowiges te verwar nie, maar juis om vir hulle geestelike leiding te gee. Met die wonderlike “gawe” van lees kan ons hulle vandag nog vir onself lees en bestudeer. Die individuele gelowige het geen verskoning om nie sy eie Bybel op te neem, dit te bestudeer en self te besluit wat reg en wat verkeerd is nie. Sekere geestelike waarhede word vir slimmes wegsteek, terwyl dit aan eenvoudiges geopenbaar word (Matteus 11:25). Wat ’n voorreg! Ek kan as Geesvervulde kind van die Here biddend die Bybel oopmaak en vir myself lees wat daarin geskrywe staan.

Die Bediening van die Verskillende Liggaamsdele

Waar kinders van die Here die Bybel begin ernstig opneem en dit self begin lees en bestudeer, ontstaan daar onmiddellik ’n behoefte vir geestelike geselskap. Persoonlike kennis van die Skrif veroorsaak dat baie vroeë gevra word en dit is dus baie

belangrik dat 'n mens in geselskap is van gelowiges wat ook eerlik wil weet wat die Skrif sê. Ongelukkig het baie mense wat aan institusies verbonde is, bevooroordeelde opinies en omdat hulle nie in hulle selfvoldaanheid geskud wil word nie, vermy hulle situasies waarin hulle te doen sal kry met enige iets wat teenstrydig is met wat hulle glo. Vir eerlike, openlike geestelike geselskap sal baie gelowiges dus aangewese wees op informele verhoudings buite hulle institusies. Die oplossing is nie die stigting van 'n nuwe “kerk” nie, intendeel, dit moet ten alle koste vermy word.

Soos die liberale druk op die institusies vermeerder om in eenheid saam te werk, groei die Nuwe Testamentiese kerk weer spontaan, soos in die dae van weleer, onafhanklik, in gemeenskap om die Woord. In hierdie proses het elke individuele gelowige 'n belangrike rol om te vervul. Paulus se aanmoediging is vandag nog van toepassing: *“Hoe moet dit dan wees, broeders? Elke keer as julle bymekaarkom, het **elkeen** gewoonlik 'n bydrae om te lewer...”* (1 Korintiërs 14:26, My beklemtoning). *“Die verskillende liggaamsdele pas en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde”* (Efesiërs 4:16). Aan die Romeine skryf Paulus: *“My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle **mekaar self** op die regte weg kan help”* (Romeine 15:14, My beklemtoning).

Die Struktuur van die Nuwe Testamentiese Kerk

In Efesiërs 5 lê Paulus veral klem op die Christelike huwelik en gebruik hy die man-vrou verhouding om 'n belangrike geestelike waarheid te beklemtoon. Onder God het die man en vrou van die begin af die verantwoordelikheid om God se verteenwoordigers op aarde te wees (Genesis 2:15-25). In

Efesiërs 5:1-32 word hierdie Goddelike doel met die huwelik bevestig deur 'n geheimenis wat Paulus openbaar; dit behoort 'n beeld te wees van die verhouding tussen Christus en Sy kerk. In die raadsplan van God, vorm die huisgesin die kern van die Christelike gemeente. Jesus het gesê die grootste gebod is om God en jou naaste lief te hê. As jy getroud is, is jou vrou, of jou man en jou kinders die wat die naaste aan jou is.

Die belangrikheid van die huisgesin word beklemtoon deur die feit dat Bybelse gesag en kwalifikasie vir geestelike leierskap in die familie gesetel is. Om 'n Geestelike leier te wees moet 'n man in die eerste plek die respek en lojaliteit van sy eie huisgesin hê (1 Timoteus 3:2-5). Een van die belangrikste verantwoordelikhede as 'n gelowige man en vrou is om na hulle familie om te sien. *“As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige”* (1 Timoteus 5:8). Dit is ontstellend om te sien hoe min kerkleiers hierdie beginsel verstaan. Dikwels word hulle huwelike onder spanning geplaas omdat die belange van die institusie meer aandag kry as sy eie huisgesin. Saam met die beginsel van twee of drie gelowiges wat vergader, is die kleinste ander vorm van die gemeente in aksie, die huisgesin onder priesterskap van die vader. Om hierdie kern van vader en huisgesin ontwikkel die gemeente. As gevolg van die feit dat die tradisionele sisteem gelowige mans vir solank in hulle geestelike babadoeke gehou het, is daar op die oomblik 'n groot tekort aan geestelike vaderfigure in ons dorpe en stede om die kinders van die Here wat geestelik rondwaal, in hulle huise, 'n geestelike familie aan te bied.

Omdat die bouse weet watter belangrike rol die huwelik en die Christelike huisgesin in die Christelike gemeenskap moet speel, vorm dit 'n fokuspunt van hul vernietigende aandag. Hulle sal enigiets gebruik en enige situasie uitbuit om

spanning tussen man en vrou en huisgesin te bewerkstellig. Die feit dat 'n man en vrou albei Christene is, is geen waarborg dat daar nie probleme in hulle huwelik gaan wees nie.

Die belangrikste beginsel om te verstaan is dat 'n man en vrou mekaar moet liefhê soos Christus die kerk liefgehad het. *“Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het”* (Efesiërs 5:25). Ons moet die voorbeeld van Jesus se liefde volg, nie Hollywood s'n nie. Hoe het Jesus sy liefde vir Sy kerk gewys? Ons bekende spreekwoord “om bloed te sweet” wat intense ongerief uitdruk, word afgelei van die grootste liefdesdaad wat ons ken, Christus se lyding in Getsemane en op die kruis. Die betekenis van hierdie tipe liefde wat God tussen 'n man en vrou verwag, het ek op 'n baie spesiale manier geleer. Een aand, jare gelede, net voor ek biduur toe moes gaan, het ek en my vrou 'n onderonsie gehad. Omdat ons kinders toe nog baie klein was, is ek alleen, dikbek en al, byeenkoms toe. Na die biduur, op pad motor toe, het oom John my voorgekeer, 'n pot rooi blomme in my hand gedruk en gesê ek moet dit vir my vrou Elsa gaan gee. By die huis aangekom, nog net so dikbek, moes ek klop omdat die deur van binne gesluit was. Elsa het die deur oopgemaak en raai wat het sy eerste raakgesien? – die blomme! Sy het my omhels, die blomme gevat en gelukkig in die gang afgetrippel. Vergete was die onaangenaamheid van vroeër. Eers heelwat later het ek haar vertel dat die blomme van oom John afgekom het, nie van my nie. Ons het 'n belangrike les geleer.

“Mans, julle moet julle vrouens liefhê...” Ek het altyd gewonder hoe iemand beveel kan word om 'n ander persoon lief te hê? Daardie aand het ek vir die eerste keer beseef dat die Griekse woord *agapé*, wat in hierdie skrifgedeelte gebruik word, nie 'n emosie beteken nie, maar 'n welwillende daad in gehoorsaamheid aan God se wil. Dit is nie die dader of die

gewer wat die emosie ervaar nie, maar die ontvanger. Goddelike liefde gee! Want “*God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het...*” (Johannes 3:16). Ons ervaar God se liefde, maar Sy Seun Jesus moes “bloed sweet” om dit vir ons moontlik te maak.

Sou dit nie hemel op aarde wees as ons almal mekaar so liefgehad het nie. Die vader se belangrikste plig is om sy vrou en kinders in gehoorsaamheid aan Jesus se bevel, lief te hê sodat hulle gelukkig kan wees, en soms gaan dit “bloed sweet” kos!

Vriende

Die vervulling wat ’n mens in gelukkige familieverhoudings smaak, word verder gekomplimenteer deur warm vriendskapsbande. Selfs Jesus het van Sy dissipels as Sy vriende gepraat (Johannes 15:15) en gesê: “*Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê...*” (Johannes 15:13). In die Bybel is die klem op dissipelskap en vriendskap, nie op lidmaatskap nie. Ons moet biddend wakker wees om mense wat oor ons pad kom, as moontlike vriende in die Here raak te sien. Dit is interessant hoe dikwels Jesus gereël het om saam met mense te eet. Oor ’n bord kos of met ’n koppie koffie in die hand kan ’n mens lekker gesels. In sulke informele gesprekke om etenstafels of met ’n koppie koffie in die hand word oor belangrike geestelike sake gesels wat broodnodig is vir geestelike ontwikkeling. Die enigste probleem met hierdie vorm van “bediening” is dat niemand namens jou kan vriende maak nie; dit moet jy self biddend doen.

Die formele kerke erken die behoefte van die mense om in kleiner groepies bymekaar te kom, aldus die selle. Ongelukkig word die georganiseerde selle dikwels kunsmatig ingespan om

die visies en doelstellings van die groter oorkoepelende kerkstruktuur te dien.

Gemeente

Ons het alreeds van die feit melding gemaak dat Jesus sê waar twee of drie in Sy Naam bymekaar kom, Hy in hulle midde sal wees. Die feit dat die gelowiges van die vroeë kerk in so 'n verskeidenheid van plekke bymekaar gekom het, onderstreep die feit dat dit lyk of die plek van samekoms nie baie aandag in die leringe van Jesus en die apostels gekry het nie. Eers het hulle in die tempel (seker in een van die voorportale wat vir die publiek oop was) bymekaar gekom (Handelinge 2:46). Hulle het daarna in huise vergader (Handelinge 2:46, 5:42, Romeine 16:5, Filemon 2, Kolossense 4:15). Ons lees dat Paulus vir twee jaar ook die saal van Tirannus vir byeenkomste gebruik het (Handelinge 19:9). Ander gelowiges het selfs buite in die opelug bymekaargekom (Handelinge 16:13). Hierdie vrye “struktuur” het duisende gelowiges geakkommodeer. (Onthou u hoe daar in Handelinge 2:41 beskryf word hoe drie duisend mense op een dag tot bekering gekom het!)

Dit is die Heilige Gees wat die begeerte in die harte van die kinders van die Here plaas om bymekaar te kom. Om bymekaar te kom is 'n wonderlike voorreg, maar die verantwoordelikheid om geestelik te groei en die Woord van die Here te gehoorsaam, rus nog steeds op die skouers van die individu.



Slotsom

'n Hoë prys – geestelik, in toewyding, in tyd en finansiëel – word betaal om die tradisionele model van die kerk aan die

gang te hou. Ons kan nie langer bekostig dat verkeerde kerktradisies en verkeerde dogmas die kinders van die Here in geestelike babadoekies hou nie. Daarvoor is bedieninge in die liggaam van Christus te nodig.

18

Vergelyking Tussen die Bybelse Voorstelling van die Kerk en die Institusie

Die Institusie	Die Bybelse Model
	
<p>1. Struktuur: ’n piramide met ’n hiërargie van gesag, organisasie.</p>	<p>1. Struktuur: Soos ’n klippe in ’n poel, informele familie, “huisgesin van God”, “Onse Vader” (Ef.2:19).</p>

<p>2. Bo-aan in beheer: 'n man in 'n posisie van gesag oor die mense. Titel belangrik.</p>	<p>2. Vaderfigure tussen die mense (1 Pet.5:1-5), geen titels want Jesus het gesê: ... (Matt.23:8).</p>
<p>3. Leierskap – 'n leier word in 'n posisie aangestel. Die posisie gee gesag, die man mag miskien nie geestelike gesag hê nie.</p>	<p>3. Omdat 'n man geestelike gesag het, word hy raakgesien. Nie georganiseer nie, funksioneel.</p>
<p>4. Kwalifikasies: klem op akademiese en professionele kwalifikasies by erkende denominasionele institusies.</p>	<p>4. Leierskap groei en ontwikkel uit spontane dissipelskap. Bybelse kwalifikasie: Hoe is hy in die huis en in die gemeenskap? Moet kennis van die Woord hê (Tit.1:6 -9, 1 Tim. 3:1-15).</p>
<p>5. Bedieninge het 'n profesie geword.</p>	<p>5. Lewenstyl en geestelike volwassenheid is 'n bediening.</p>
<p>6. Gesagsketting na onder – organogramme</p>	<p>6. Almal onderworpe aan mekaar (Ef.5:21), uit nederigheid. Vrywillige erkenning van geestelike gesag, uit respek, (Fil.2:5-7).</p>
<p>7. Gewone lidmate moet sisteem dra – met tyd, toewyding en geld</p>	<p>7. Die bedieninge moet die liggaam opbou en dien (Ef.4:12).</p>

<p>8. Geld noodsaaklik vir voortbestaan. Betaal tiendes en offerandes om fondse te bou.</p>	<p>8. Die kerk het geld nodig om te leef. Soos behoeftes raakgesien word, word vrywillig gegee. Gee bou karakter.</p>
<p>9. 'n Skerp onderskeid tussen bediening en gewone mense.</p>	<p>9. Nuwe Testamentiese priesterskap van alle gelowiges (1 Pet. 2:5).</p>
<p>10. Geboue – middelpunt van organisaie. Verkeerdelik “Huis van die Here” genoem.</p>	<p>10. Die liggaam is die geestelike huis. Die lewe die arena van aksie.</p>
<p>11. Byeenkoms georiënteerd Die program is belangrik om mense gemotiveerd te hou.</p>	<p>11. Gemeenskapservaring: Dissipelskap en samesyn deur vriendskap.</p>
<p>12. Bedieningsmodel: Lektor, orator, gehoor-model. Baie formeel.</p>	<p>12. Ope bediening: almal dra by volgens 1 Kor. 14.</p>
<p>13. 'n Mens sluit aan en behoort aan 'n institusie deur rituele en papierwerk. Lidmaatskap soos 'n klub.</p>	<p>13. Deur wedergeboorte deel van 'n geestelike liggaam. Gee mekaar die regterhand (Gal.2:9).</p>
<p>14. Sukses gemeet in getalle en sukses van programme wat aangebied word.</p>	<p>14. Sukses gemeet in karaktergroei en betekenisvolle verhoudings.</p>
<p>15. Verdeeldheid veroorsaak deur denominasies. Gedurige pogings om uiterlike eenheid te organiseer.</p>	<p>15. Erken die eenheid van die liggaam van Christus. (Ef.4:3-6).</p>
<p>16. Probeer die wêreld in die kerk kry as lidmate.</p>	<p>16. Probeer die kerk in die wêreld wees as 'n invloed.</p>

EPILOOG

God pas Homself of Sy Woord nooit by die wispelturige smaak van mense aan nie. Almal moet na Hom toe kom op Sy voorwaardes. Mense wil graag vrede en versekering hê, maar ongelukkig gewoonlik op grond van hulle eie vooropgestelde en dikwels, bevooroordeelde oortuigings. By God is die maatstaf waaraan alles gemeet word, Sy Woord, en nie kultureel-sosiale tradisie, teologiese dogmas of menslike opinie nie. Die georganiseerde kerk is lankal nie meer noodwendig sinoniem met die geestelike kerk as liggaam van Christus nie. Haar boodskap en belydenisse moet dus geëvalueer word. Wie gaan uitspraak gee? Die kerk as organisasie, met 'n populêre meerderheidsbesluit, of die geskrewe Woord van God? Het die institusionele kerk gesag oor die Woord of het die Woord gesag oor die institusie?

In plaas daarvan dat daar probeer word om deur besprekings onveranderlike geestelike en morele beginsels te herdefinieer, moet liever gelet word op *“Daar staan geskrywe”* rakende alle sake wat betrekking het op geloof en lewe. In die lig van die vinnige verwickelinge op ekumeniese en geestelike gebied is dit belangrik dat elke individuele gelowige vir hom- of haarself sal besluit of wat geglo word die toets van gesonde Skrifuitleg sal deurstaan. Die regte besluit kan aanleiding gee tot groot geestelike herlewing (intrede van God op 'n bonatuurlike wyse) in die lewe en omstandighede van die individu wat dit doen.

“...Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Filipense 2:12-13, 1933/1957 Vertaling).

BIBLIOGRAFIE

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, uit *Die Psalm en Gesange Boek*, N.G. kerk-Uitgewers, Kaapstad, Pretoria.

Beeld, Koerantberig, 16 Oktober 2002.

Hunt, Dave. *The Berean Call*, Februarie, 1990.

Smith, Warren, *Deceived on Purpose*, Mountain Stream Press, Magalia, P.O.Box 1794, CA 95954-1794.

Tozer, A.W. *Gems from Tozer*, Send the Light Trust, Coloprint Services (Weston) Ltd., 1969.

Vine, W.E. *Vine's Complete Expository Dictionary of Old and New Testament Words*. Thomas Nelson Publishers, Nashville, Atlanta, London, Vancouver, 1985.

Warren Rick, *The Purpose Driven Life*, Zondervan, Grand Rapids Michigan, USA.

Wegener, Günther S. *Die Lewende Kerk*, Afrikaanse Uitgawe, Human & Rousseau, Kaapstad, Pretoria, 1965.

Wurmbrand, Richard. *Sermons in Solitary Confinement*, Lakeland, Marshall Morgan & Scott, Basingstoke, Hants, 1969.

Yandian, Bob. *Decently and in order, A Guide to New Testament Church Government*, Bob Yandian, Tulsa, OK, 1983.

Zodhiates, Spiros. *The Complete Word Study Dictionary, New Testament*. AMG Publishers, Chattanooga, TN, 1992.

Hierdie boek kan bestel word van

Nick Maartens

Posbus 38957

Langenhovenpark

Bloemfontein

9330

Suid-Afrika

Telefoon: 051 – 446 0525

0827826074

Nuusbriefe in Afr.en Eng beskikbaar

nickmaartens@hotmail.com